***Doelwit:*** *Om geleentheid aan leerders te bied om hulle kennis van aangeleerde foneme te konsolideer. Om leerders toe te laat om hulle vaardighede van samevoeging om woorde te bou, te oefen. Om die herkenning van foneme met outomatisme te verbeter.*

Skryf die tabel op die swartbord. Dit sluit vorige aangeleerde klanke in, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag. <u>Dit sluit ook sommige voorvoegsels in:</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-ank** | **i** | **p** | **-s** |
| **d** | **t** | **a** | **-ge** |
| **l** | **e** | **kr** | **o** |

**Wys deur jou voorbeeld.**

1 Herinner leerders oor die klanke van die week: **/ank/** en **/kr/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Verduidelik dat leerders drie minute sal kry, om soveel woorde as wat hulle kan, te maak deur die klanke en samevoegings hierbo te gebruik.
4 Wys aan die leerders hoe om 'n woord te maak deur 'n teikenklank te gebruik, soos: /kl/ – **/a/** – **/nk/** = **klank**
5 Herinner leerders dat hulle 'n woord kan maak deur enige van die klanke te gebruik – hulle hoef nie klanke **/kl/** of **/rk/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, soos: **/t/** – **/a/** – **/s/** = **tas**
7 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur die teikenklank te gebruik, soos **bank**, of woorde sonder die teikenklank te gebruik soos, **tas**.

**Leerders**

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die opskrif te skryf: **kl**, **kr**.
2 Sê dat leerders moet begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer. Wys leerders hoe om hierdie woorde (en nog meer) te bou: **bank, rank, slank, tjank, tronk, park, mark, vark, hark getref, gehurk, getjank**

**Anders as die onderstreepte punt hierbo, is hierdie dieselfde as Gr1–2 Vrydae.**

## Gedeelde lees met begripsstrategieë

'n Nuwe Gedeelde Lees storie word elke week gelees.

Gedeelde lees word as volg gedoen:

| | |
|---|---|
| Maandag: | Pre-lees |
| Dinsdag: | Eerste lees |
| Donderdag: | Tweede lees |
| Vrydag: | Nalees |

Vir hierdie Gedeelde Lees sessies, maak seker al die leerders sit rustig en dat hulle duidelik die grootboekprente kan sien. Herinner leerders wat jou verwagtinge is gedurende gedeelde leestyd, byvoorbeeld:

- Sit gemaklik en STIL
- Hou jou HANDE op jou skoot
- Hou jou Oë en gedagtes by die boek
- Skakel jou KLANK af (wys met 'n handgebaar om hul lippe te seel)

***Die hoofdoel van Gedeelde Lees in hierdie program is as volg:***

1. *Die leerders ervaar hoe dit voel om 'n hele storie te lees wat moeiliker is as die stories wat hulle al op hul eie kan lees. Omdat leerders nie bekommerd hoef te wees oor die tegniese deel van lees nie, kan hulle nou net konsentreer op die storielyn en die karakters. Die leerders kan die stories geniet en so 'n liefde vir lees ontwikkel.*
2. *Soos wat die onderwyser die storie hardop lees, demonstreer sy toevallig leesvaardighede. Sy lees van die eerste tot die laaste bladsy, sy lees van bo tot onder van die bladsy, sy lees van links na regs, sy reageer volgens leestekens, sy lees vlot en teen 'n goeie pas. Sy lees met die nodige uitdrukking, dit gee betekenis aan die teks. Leerders leer toevallig baie vaardighede aan wanneer hulle 'n leser wat vlot lees dophou.*
3. *Soos wat die onderwyser lees, lê sy betekenis neer deur: te wys na 'n deel van die prent, deur 'n handgebaar of aksie en deur met uitdrukking te lees. Die onderwyser voeg uitdruklik betekenis by, deur te stop en 'n woord of 'n frase te verduidelik. Deur na die onderwyser te luister en te kyk, leer die leerders nuwe leesvaardighede aan.*
4. *Iets wat baie belangrik is gedurende Gedeelde Lees, is dat die onderwyser leerders moet leer hoe om te dink oor 'n storie en hoe om hul begrip van 'n storie te bou. In hierdie program het ons gekies om begripsvaardighede te bou deur die demonstrasie en leer van verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*
5. *Kies om begripsvaardighede te demonstreer en te leer deur verskillende begripsstrategieë. Die volgende begripsstrategieë word gebruik:*
   - *Voorspel*
   - *Visualiseer*
   - *Soek die teks*
   - *Opsomming*
   - *Dink oor die teks (wonder)*
   - *Maak konneksies*
   - *Maak afleidings*
   - *Evalueer*

## BEGRIPSSTRATEGIEË

Onderstaande tabel verskaf inligting oor elke strategie.

| **Strategie 1: Voorspel** | |
|---|---|
| Verduideliking | Wanneer leerders voorspel, sê hulle wat hulle dink gaan gebeur in die storie.<br>Leerders kan voorspel wat gaan gebeur deur te kyk na die prente in die boek. Hulle kan ook voorspel wat volgende gaan gebeur nadat hulle 'n bladsy van die teks gelees het. Uiteindelik kan leerders voorspel hoe hulle dink die storie gaan eindig. |
| *Doel* | *Deur leerders te laat voorspel, kry jy hulle om te dink oor die storie voor hul dit nog gelees het. Leerders moet leidrade gebruik om uit te werk wie die karakters is en wat die hoofgebeure is wat gaan plaasvind. Deur te voorspel, ontwikkel leerders hul begripsvaardighede deur oor die storie na te dink.* |

| | |
|---|---|
| Stappe<br>*(Om te voorspel met prente)* | **1** Kyk na die prent.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gebeur hier?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee ’n voorbeeld antwoord tot die vraag.<br>**5** Wys hoe die prente tot mekaar verband hou om die storie te bou. |
| Voorbeelde<br>*(Om met prente te voorspel)* | **1** Wat dink julle gebeur hier?<br>**2** Hoe dink julle voel die karakter? Hoekom?<br>**3** Wat dink julle gaan julle in die volgende prent sien? |
| Stappe<br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Lees ’n bladsy van die teks.<br>**2** Vra leerders: Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**3** Laat leerders dink oor die vraag.<br>**4** As leerders nie kan antwoord nie, gee ’n voorbeeld antwoord tot die vraag. |
| Voorbeelde<br>*(Om met teks te voorspel)* | **1** Wat dink julle gaan volgende gebeur?<br>**2** Wat dink julle gaan die karakter volgende doen?<br>**3** Hoe dink julle gaan die storie eindig? |
| **Strategie 2: Visualiseer** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders visualiseer moet hulle dink wat in die storie gebeur, soos ’n toneel in ’n fliek. Hulle moet probeer om die storie soos dit gebeur in hul gedagtes te sien. |
| *Doel* | *Visualisering help om betekenis te gee aan die woorde op die bladsy deur dit soos ’n toneel uit ’n fliek in die gedagtes van die leerder te plaas. Visualisering help ook vir leerders om te sien hoe gebeure in die teks met mekaar verband hou. Dit help hulle om begrip te bou en aan die storie as ’n geheel te dink, eerder as bladsy per bladsy.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Sê: Nou gaan ons die storie visualiseer asof ons na ’n fliek kyk.<br>**3** Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Verduidelik aan leerders hulle moet luister na die woorde en hulle moet ’n fliek in hulle gedagtes maak.<br>**4** Lees weer die teks.<br>**5** Vertel die leerders wat jy gevisualiseer het. (Wys die vaardigheid.)<br>**6** Vra leerders: Wat het julle gesien? (Wat het in julle fliek gebeur?)<br>**7** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker dat leerders se antwoorde van toepassing is op wat in die storie gebeur het. |
| Voorbeelde | **1** Ek het gevisualiseer hoe Joe die resies wen. Ek kon sien hoe die sweet van sy voorkop af loop en oral spat. Ek kon sien hoe sy oë gefokus was op die eindpaal en hoe sy lyf so hard as moontlik gewerk het.<br>**2** Wat het julle gevisualiseer? Wat het in julle fliek gebeur? |
| **Strategie 3: Soek die teks** | |
| Verduideliking | Soek die teks vrae, is die mees basiese tipe van begripsvrae. Hierdie vrae vra leerders om te dink aan, of te kyk na die woorde op die bladsy en inligting te herroep. |
| *Doel* | *Hierdie vrae is om basies te kyk of daar begrip is vir die woorde op die bladsy.*<br>*Hierdie strategie wys leerders hoe om te identifiseer en te soek na ’n sleutelwoord wat hulle sal help om die antwoord op ’n vraag te kry.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag oor inligting in die teks, byvoorbeeld: Wie wou Joe in die resies wen?<br>**3** Laat leerders die vraag antwoord.<br>**4** NOTA: Help leerders om die antwoord te vind deur 'n sleutelwoord uit te wys en om dan deur die teks te soek na hierdie sleutelwoord. Dit sal hulle gewoonlik lei na die antwoord. |
| Voorbeelde | **1** <u>**Wie**</u> wou Joe in die resies wen?<br>**2** <u>**Wat**</u> het Joe gedoen voor die resies?<br>**3** <u>**Wanneer**</u> het Joe geoefen vir die resies?<br>**4** <u>**Waar**</u> is die resies gehou? |
| **Strategie 4: Opsomming** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders opsom, dink hulle aan wat gebeur het in die storie. Hulle kan ook aan ander goed dink, byvoorbeeld: waarvan hulle gehou het in die storie en wat hulle uit die storie geleer het. |
| *Doel* | *'n Opsomming wys dat leerders die storie verstaan het en dat hulle oor die storie gedink het. Om leerders te vra om 'n storie op te som, is die beste manier om hul begrip te toets.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Herinner leerders: Wanneer ons opsom, dink ons aan die belangrikste dele van die storie. Ons kan ook dink waarvan ons gehou het in die storie en wat ons uit die storie geleer het.<br>**3** Gee leerders 'n paar minute om te dink oor die storie.<br>**4** Vra leerders om na mekaar te draai en om hulle opsomming van die storie met mekaar te deel.<br>**5** Laastens kan jy leerders vra om hul opsomming neer te skryf, deur aan hulle riglyne te gee om hul hiermee te help. |
| Voorbeeld | Storie: Joe wen die resies.<br><u>Leerders kan die storie as volg opsom</u>:<br>**Hierdie storie gaan oor** 'n seun met die naam Joe, hy wil die vinnigste seun in die skool, Sizwe, wen in 'n resies. Joe oefen die heel tyd en uiteindelik wen hy vir Sizwe.<br>**Ek het van die deel gehou** waar Joe deur die wenpaal hardloop – dit was so opwindend.<br>**Ek het geleer** dat as jy hard probeer en nooit moed opgee nie, jy suksesvol kan wees. |
| **Strategie 5: Dink oor die teks (Wonder)** | |
| Verduideliking | Wanneer die onderwyser wonder, dink die onderwyser hardop oor die teks. Sy laat die leerders hoor wat sy dink oor die teks. |
| *Doel* | *Deur te wys hoe om te dink/wonder oor die teks, leer ons leerders twee dinge.*<br>*Eerstens, leer ons leerders dat goeie leerders nie net woorde lees nie, hulle dink altyd oor dit wat hulle lees. Tweedens, wys ons leerders watter tipe gedagtes goeie lesers het oor 'n teks.*<br>*Deur dit te doen wys ons lesers hoe om kreatief en krities te dink oor 'n teks.*<br>*Met tyd sal leerders begin om dit vir hulleself te doen.* |

| | |
|---|---|
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Dink aan 'n vraag of 'n idee wat 'n vlot leser miskien mag hê oor die teks. (Idees word verskaf in die Eerste Lees en Tweede Lees blokke van die lesplan.)<br>**3** Sê: Ek sien/Ek let op ....<br>**4** Sê: Ek wonder ....?<br>**5** Leerders hoef **nie** die vraag te antwoord nie. |
| Voorbeeld | **Ek sien** hoe lag Sizwe vir Joe toe hy by die resies aankom. **Ek wonder** of dit vir Joe gaan ontstel? |
| **Strategie 6: Maak konneksies** | |
| Verduideliking | Wanneer leerders *konneksies maak*, vergelyk hulle die storie met hul eie lewens (teks na hulself), of na 'n ander teks (teks na teks), of na iets anders in die wêreld (teks na die wêreld). |
| *Doel* | *Om konneksies te maak help leerders om die teks dieper te verstaan deur dit te verbind met ander dinge wat hulle reeds ken of reeds ervaar het. Deur leerders te wys dat hul verskillende konneksies kan maak: teks tot 'n ander teks; teks tot hulself; tot hul eie lewens; teks tot die wêreld – ander inligting wat hul reeds ken van die wêreld.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders 'n vraag, byvoorbeeld: Wanneer wou jy graag iets wen, soos Joe?<br>**3** Gebruik demonstrasie om 'n voorbeeld antwoord te gee, byvoorbeeld: Toe Joe die resies wou wen het dit my herinner hoe ek teen my suster op skool meegeding het. Sy het altyd volpunte gekry vir alles en my ouers was baie trots op haar. Ek wou hê my ouers moes so trots op my ook wees. |
| **Strategie 7: Maak afleidings** | |
| Verduideliking | Om 'n afleiding te maak gebruik jy dit wat jy reeds weet, saam met dit wat jy lees om 'n raaiskoot te maak oor iets in die storie. Dit is wat bedoel word met 'om tussen die lyne te lees'. Wanneer leerders 'n afleiding maak, maak hulle 'n raaiskoot oor iets in die storie.<br><br>Soms skryf die skrywer nie elke stukkie detail in 'n storie in nie. Die skrywer laat seker dele van die storie onvolledig, op hierdie manier kan lesers vir hulleself uitwerk wat gaan gebeur. |
| *Doel* | *Leerders moet sekere dele van die storie uitwerk deur afleidings te maak – hulle moet 'tussen die lyne lees'. Om dit te kan doen moet hulle gebruik wat geskryf is saam met dit wat hulle reeds weet om uit te werk wat nie spesifiek neergeskryf is nie.* |
| Stappe | **1** Lees die teks op die bladsy.<br>**2** Vra leerders: Wat weet julle hiervan? Wat sê die teks?<br>**3** Vra leerders: Wat kan ons nog hieroor raai? Is daar iets wat die teks ons nie vertel nie?<br>**4** Vra leerders: Wat kan ons aflei van Joe van die manier waarop hy oefen?<br>**5** Luister en **bespreek** leerders se antwoorde. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**6** As leerders sukkel, gee hulle 'n voorbeeld van 'n afleiding. Gebruik die volgende sin om hulle te help: Gebaseer op .... Ek dink .... |
| Voorbeeld | **Teks:**<br><br>My broer het aansoek gedoen om Universiteit toe te gaan. Toe ek by die huis kom het my broer 'n brief vasgehou en geglimlag. My ma het gehuil en gelag en hom vasgedruk. |

| | |
|---|---|
| | Afleiding:<br><br>Gebaseer op die feit dat my broer aansoek gedoen het om Universiteit toe te gaan en omdat hy 'n brief vasgehou en baie gelukkig gelyk het, kan ons raai dat sy aansoek suksesvol was. |
| **Strategie 8: Evalueer** | |
| Verduideliking | Wanneer ons 'n teks evalueer, maak ons 'n besluit oor 'n aspek van die teks. |
| *Doel* | *Leerders moet geleer word dat hulle altyd moet evalueer wat hulle lees en hulle moet hulle afleidings kan verduidelik.* |
| Stappe | **1** Lees die teks.<br>**2** Vra leerders om te evalueer en om hierdie evaluering te verduidelik. Byvoorbeeld: Dink jy x het die regte ding gedoen? Hoekom of hoekom nie?<br>**3** Luister na leerders se antwoorde en bespreek dit. Maak seker leerders se antwoorde is logies.<br>**4** Indien leerders sukkel, deel jou eie evaluasie as voorbeeld: **Ek dink** x het die regte ding gedoen **want** x |
| Voorbeeld | **Sommige evaluasie vrae kan begin met:**<br><br>**1** Dink jy .....<br>**2** Stem jy saam met ....<br>**3** Volgens jou opinie ......<br>**4** Het jy gehou van ....... |

Hier onder is 'n beskrywing van die kernmetodologieë van elk van die Gedeelde Lees lesse: Pre-Lees; Eerste Lees; Tweede Lees en Nalees. Lees hierdie beskrywings om 'n duidelike begrip te kry van die vloei van elke les.

## GEDEELDE LEES: PRE-LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: VOORSPEL

In die Pre-Lees bou ons begripsvaardighede om leerders te laat dink oor 'n storie voor hulle dit lees.

1. Sê vir leerders dat hulle vandag na die prente gaan kyk en dink oor die storie.
2. Sê vir leerders dat, gebaseer op wat hulle sien, hulle 'n voorspelling moet maak oor die storie. Dit beteken hulle moet die prente gebruik om te raai waaroor die storie gaan.
3. Verduidelik aan leerders dat hulle nie aan elke prent op sy eie moet dink nie. Hulle moet dink hoe elke prent by die volgende een aansluit. Hulle moet die prente as 'n geheel sien en op hierdie manier uitwerk waaroor die storie gaan.
4. Wys die leerders die buiteblad van die boek en lees die titel hardop.
5. Vra leerders: Wat dink julle gaan in die storie gebeur?
6. Volgende, kyk na elke prent in die boek en soos jy kyk vra die leerders:
   - a Wat sien jy in hierdie prent?
   - b Wat dink jy gebeur hier?
   - c Wat dink jy gaan in die teks gebeur?

7 As leerders vergeet om die prente met mekaar te verbind, herinner hulle om dit te doen. Byvoorbeeld: 'Kan julle onthou wat die seun in die vorige prent gedoen het? Wat doen hy nou? Wat dink julle is besig om te gebeur?'
8 Wanneer jy by die laaste prent kom, vra leerders: Hoe dink julle gaan die storie eindig (Indien toepaslik)?
9 Bedank leerders vir hulle voorspellings.
10 Indien jy tyd het, lees een maal deur die storie sonder om te stop.

## GEDEELDE LEES: EERSTE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS IN DIE LESPLAN.

Tydens die Eerste Lees, bou ons eerstens begripsvaardighede deur die storie te lees en te verduidelik aan leerders. Ons demonstreer ook hoe om te dink oor die storie. Voor jy begin lees, verduidelik eers aan die leerders wat jy gaan doen. Sê iets soos: *'Klas, dit is nou tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons lees of luister na 'n storie is dit altyd belangrik om te dink aan die storie. Vandag gaan ek julle wys hoe om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat in die storie gebeur. Dit beteken dat soos ek lees, ek 'n fliek van die storie in my gedagtes gaan maak.'*

1 Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
2 Waar nodig, stop en verduidelik 'n woord of frase aan die leerders.
3 Op dieselfde tyd, gedurende die Eerste Lees, fokus ons ook op demonstrasies en die leer van begripsstrategieë aan leerders.
4 Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
5 Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok vir Eerste Lees staan. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
6 Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
7 Vra verskillende leerders om te antwoord.
8 Wys leerders dat daar meer as een korrekte antwoord op 'n vraag kan wees en dat leerders verskillende opsies het.

### GEDEELDE LEES: TWEEDE LEES

### BEGRIPSSTRATEGIE: DIE STRATEGIE WAT GEBRUIK MOET WORD IS GEÏDENTIFISEER IN DIE LESPLAN.

In die Tweede Lees bou ons voort op begripsvaardighede deur die storie aan leerders te lees en te demonstreer hoe om te dink oor die storie. Weereens, vertel aan die klas wat jy gaan doen. Sê iets soos*: 'Klas, dit is tyd vir Gedeelde Lees. Onthou wanneer ons 'n storie lees of luister is dit altyd belangrik om te dink oor die storie. Ek gaan dit doen deur (byvoorbeeld) te visualiseer wat gebeur in die storie. Dit beteken dat terwyl ek lees, ek 'n fliek in my gedagtes gaan maak.'*

1. Lees elke bladsy vlot en duidelik. Soos jy lees, gebruik handgebare, aksies en gesigsuitdrukkings en verander die toon van jou stem (uitdrukking) om die betekenis duideliker te maak.
2. Op dieselfde tyd, gedurende die Tweede Lees, moet jy demonstreer hoe om te dink oor die storie.
3. Aan die einde van elke bladsy sal jy twee gekleurde blokke sien, dit is gemerk Eerste Lees en Tweede Lees.
4. Sodra jy 'n bladsy aan leerders gelees het, stop en wys wat jy dink deur te sê wat in die blok staan vir Tweede Lees. Deur dit te doen, demonstreer jy hoe om te dink oor die storie. Dit is belangrik dat jy verstaan wat jy sê – as dit nie vir jou sin maak nie, sal dit ook nie vir die leerders sin maak nie.
5. Op die laaste bladsy van die storie is daar 'n paar vrae in die Eerste en Tweede Leesblokke.
6. Vra verskillende leerders om te antwoord.
7. Laastens, vra leerders om 'n vraag te formuleer oor die teks.
   - **a** Vra leerders om elkeen op hul eie te dink aan 'n vraag wat hulle kan vra oor die teks.
   - **b** Indien nodig, herinner leerders aan van die vraagwoorde of frases, byvoorbeeld: wie; wat; waar; hoe; hoekom; in jou opinie; dink jy; maak 'n lys; ens.
   - **c** Vra leerders om na mekaar te draai en hulle vrae met mekaar te deel.
   - **d** Vra dan 'n paar leerders om hulle vrae met die klas te deel.
   - **e** Gee ander leerders die kans om die vrae te beantwoord.

### GEDEELDE LEES: NALEES

Die doel van die Nalees aktiwiteit is om leerders die kans te gee om hulle begrip van die storie goed vas te lê. Sowel as om die nuwe taal wat hulle geleer het te oefen.

Gedurende die nalees, gaan jy een van vier aktiwiteite beoefen:

1. Illustreer die teks.
2. Voer die storie op.
3. 'n Mondelinge of geskrewe vertelling van die storie.
4. 'n Geskrewe begripstoets.

## ILLUSTREER DIE TEKS

1. Laat die leerders by hulle banke sit, met hulle boeke of ’n skoon vel papier, potlode en kryte.
2. Sê vir leerders dat hulle iets gaan visualiseer uit die teks. Herinner leerders dat wanneer hulle iets visualiseer, hulle moet dink hoe dit lyk, hoe dit ruik, hoe dit voel en hoe dit klink. Hulle moet ook dink hoe hulle voel oor die karakter, ’n gebeurtenis of ’n item in die teks.
3. Vra leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die teks nog een maal vir hulle.
4. Vra dan vir leerders om hul oë oop te maak en iets uit die teks te teken wat hulle gevisualiseer het. Leerders kan byskrifte maak om reuk, smaak ens. te verduidelik.
5. Dan moet leerders die aanvang van ’n sin/sinne gebruik om ’n sin of twee te skryf oor wat hul gevisualiseer het.
6. Laastens, laat leerders na mekaar draai en met mekaar gesels oor wat hul gevisualiseer het.

## VOER DIE STORIE OP

1. Laat die leerders rustig op die mat, of op ’n stil plek buite sit.
2. Vertel vir leerders dat hulle vandag dele van die storie wat hulle gelees het gaan opvoer.
3. Hou die groot boek op. Lees die eerste bladsy.
4. Gee die leerders instruksies oor wat hulle moet opvoer. (In lesplan)
5. Voer die instruksies saam met die leerders uit.
6. Herhaal elke bladsy.
7. Leer leerders om te reageer op ’n teken dat hulle moet stil wees en luister wanneer jy ’n bladsy tussen aksies lees.

## ’N MONDELINGE OF GESKREWE VERTELLING VAN DIE STORIE.

1. Maak die leerders rustig om hulle aandag te kry.
2. Volg die stappe in die lesplan om ’n deel van die storie te herhaal aan die leerders.
3. Eerstens demonstreer jy ’n herhaling van iets uit die storie.
4. Volgende vra jy die leerders om te dink aan iets oor die storie, hulle moenie jou voorbeeld gebruik nie.
5. Dan moet leerders DRAAI EN GESELS en hulle herinnering met hul maat deel.
6. Laastens vra jy ’n paar leerders om hul herinnering van die storie met die res van die klas te deel.
7. Indien die les ’n geskrewe herinnering is, moet leerders hulle herinnering teken of skryf in hul skrifte.

## ’N GESKREWE BEGRIPSTOETS

1. Voor die les, skryf die titel van die teks as opskrif op die bord.
2. Volgende, skryf die begripstoetsvrae op die bord, saam met die aanvangswoorde om die sinne mee te begin vir die antwoorde. (Waar van toepassing.)
3. Gee die leerders instruksies om hul boeke oop te maak en die opskrif te skryf.

4 Sê vir leerders dat hulle vandag gaan dink oor die vrae en dan hulle antwoorde gaan neerskryf.
5 Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik, indien nodig.
6 Sê vir leerders hulle hoef nie die vrae neer te skryf nie, slegs die antwoorde.
7 Loop deur die klas en help leerders wat sukkel.
8 Gedurende die laaste twee minute, gaan deur die antwoorde met die leerders en gee hulle kans om hulle eie werk na te sien.



## Groepbegeleide Lees

***Doelwit:*** *Om na elke leerder te luister wat individueel hardop lees. Om tegniese leesvaardighede te onderrig en die leerders se leesbegrip te ontwikkel. Om die res van die klas die geleentheid te gee om woordbouwoorde, hoë frekwensie woorde, sowel as kort ontsyferbare sinne te lees, kort begripsaktiwiteite voltooi en onafhanklik te skryf.*

Dit is baie belangrik dat jy ten minste een keer per week na elke leerling wat individueel lees, sal luister.

### WAT OM MET DIE RES VAN DIE KLAS TE DOEN:

1 Voordat jy met ’n groep met die begeleide groepslees begin, moet jy vooraf die res van die klas tot orde bring met hulle boeke en ontsyferbare Lees Werkkaarte.
2 Maak seker dat die werkkaarte beskerm word, deur van toevou lêers (flip files) of plastiese lêers gebruik te maak.
3 Oefen leerders op die roetine van Huistaal begeleide Groepslees soos volg:
   a Bring die klas tot orde met hulle lees werkkaarte.
   b Verduidelik die eerste werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   c Roep ’n groep om vir jou te kom lees.
   d Wanneer jy na elke leerder in die groep geluister het, stuur die groep terug na hulle sitplekke.
   e Gee opdrag aan die klas om ’n oordrag aktiwiteit te doen, soos: Juffrou sê: Dansparty; Wikkel, wikkel, fries; of My stoel en ek.
      - *Nota: 30 minute is ’n lang tyd vir jong leerders om te bly sit en stil en onafhanklik te werk. Om hierdie rede is dit belangrik om ’n oordrag aktiwiteit te doen om leerders die geleentheid te gun om ’n pouse te hê en iets prettig en fisies te doen.*
   f Bring die klas tot orde met hulle werkkaarte.
   g Verduidelik die volgende werkkaarte aktiwiteit wat voltooi moet word.
   h Roep ’n ander groep om vir jou te kom lees.
4 Dit is ’n goeie plan om ’n swak leser langs ’n sterker leser te laat sit, sodat soos leerders die werkkaarte lees, gelyke onderrig deur ’n eweknie kan plaasvind.

## STRUKTURE VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1 Elke weeklikse werkkaart bestaan uit 10 aktiwiteite. Daar is 10 begeleide groepslees sessies per week. Alhoewel, elke groep kry ’n beurt om een maal per week saam met die onderwyseres te werk. Dit beteken dat leerders die Werkkaart aktiwiteite gedurende 9 sessies sal voltooi.

2 Simbole wat leerders daaraan herinner wat om elke dag te doen:
  - **a** Die mond herinner leerders om woorde te klank.
  - **b** Die oog herinner leerders dat hulle hierdie woorde op sig moet lees.
  - **c** Die enkel kind herinner leerders dat hulle op hul eie moet lees.
  - **d** Die twee kinders herinner leerders om saam met ’n maat te lees.
  - **e** Die hand wat ’n pen vashou herinner leerders dat hulle moet teken of skryf.

3 ’n Meesterlys van alle geleerde fonetiese – en hoë frekwensie woorde word gehou. Nuwe stories word saamgestel deur die gebruik van fonetiese en hoë frekwensie woorde wat voorheen geleer is. Dit beteken dat leerders nooit woorde op die werkkaart teëkom wat hulle nog nie tevore gesien het nie.

## DIE AANWYSING VAN GROEPE EN TEKS SELEKSIE VIR BEGELEIDE GROEPSLEES

1 Gedurende die eerste twee weke van skool, luister na elke leerder se leeswerk individueel.

2 Gebruik die rubriek hieronder om die leerders volgens hulle bekwaamheid te sorteer.

3 Wys leerders toe aan dieselfde bekwaamheids groepe.

4 In hierdie programme is daar 10 tydgleuwe per week om na lees te luister. Dit beteken dat jy tot 10 groepe mag vorm. As jy minder as 10 groepe vorm, mag jy die ekstra tydgleuwe gebruik om met sukkelende lesers te werk. .

5 In jou Kontrolelys sal jy ’n vorm vind waarop die name van leerders per groep ingevul moet word, en ’n tabel waar jy kan rekord hou van wat elke groep gelees het.

6 **Neem asseblief kennis:** Hierdie rubriek verdeel leerders gebaseer op hulle tegniese lees vaardighede.

7 Indien daar baie leerders op dieselfde vlak is, mag jy leesbegrip as ’n verdere manier gebruik om die groep verder te verdeel.

8 **In ’n klas van 40 leerders, mag daar:**
  - Geen vol groep op vlak 1 nie, legs ’n paar individuele leerders.
  - 1 groep op vlak 2
  - 2 of 3 groepe op vlak 3
  - 2 of 3 groepe op vlak 4
  - 1 of 2 groepe op vlak 5

| Ek dink hierdie leerder lees op:<br><br>Vlak 1 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br><br>Vlak 2 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br><br>Vlak 3 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br><br>Vlak 4 | Ek dink hierdie leerder lees op:<br><br>Vlak 5 |
|---|---|---|---|---|
| • Hierdie leerder ken geen of baie min woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om baie letter-klank verhoudings te herken nie. | • Hierdie leerder ken slegs ’n paar gewone woorde.<br>• Hierdie leerder blyk nie in staat te wees om sommige letter-klank verhoudings te herken nie OF hierdie leerders benodig baie hulp om vorige<br>• ongesiene woorde te lees. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder benodig hulp om vorige ongesiene woorde te ontsyfer. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste van vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder het soms hulp nodig om vorige uitdagende ongesiene woorde te ontsyfer. Hierdie leser lees ietwat vlot. | • Hierdie leerder ken baie algemene woorde.<br>• Hierdie leerder kan vorige ongesiene woorde ontsyfer.<br>• Hierdie leerder lees vlot en met intonasie.<br>• Hierdie is een van die beste lesers in die klas. |

## WAT OM MET ELKE GROEP TE DOEN TYDENS BEGELEIDE GROEPSLEES:

**1** Roep ’n groep om vir jou te kom lees.
- **a** Maak seker hulle het almal die korrekte teks.
- **b** Plaas die groep in ’n sirkel.
- **c** Herinner leerders aan die sigwoorde wat hulle vir die week geleer het. Wys aan die groep die flitskaarte van hierdie woorde en oefen om dit te lees.
- **d** Gee hierna aan die leerders ’n paar minute om ’n gedeelte van die teks onafhanklik en in stilte te lees.
- **e** Vra dan aan elke leerder om ’n gedeelte van die teks op sy of haar eie, hardop te lees.

**2** Gedurende begeleide groepslees, is dit belangrik om te onthou:
- **a** **Dui die hoë frekwensie woorde aan.** Herinner leerders dat daar sommige woorde is wat so dikwels voorkom, dat ons moet leer om dit te siglees.
- **b** **Bou van ontsyfervaardighede.** As ’n leerder ’n woord nie kan lees nie, moenie die leerder sommer dadelik met die woord help nie. Moedig eerder die leerder aan om die woord te klank en dan die klanke saam te voeg om die woord te vorm.
- **c** **Pryse en moedig leerders aan.** Maak van begeleide groepslees ’n positiewe ondervinding vir leerders en gebruik hierdie tyd om leerders se selfvertroue op te bou.

- **d** **Bou vlotheid van lees.** Help leerders om hulle leesvlotheid te verbeter Sê aan leerders dat hulle lees moet klink asof hulle praat. Demonstreer leesvlotheid aan leerders en laat hulle jou voorbeeld herhaal.
- **e** **Bou Leesbegrip.** Sê aan leerders dat hulle altyd moet dink waaroor hulle lees. Leer leerders om te wag, terug te gaan en dit wat hulle gelees het, weer te lees**,** indien hulle die spoor of die doel verloor het. Leer leerders om te visualiseer soos hulle lees – om 'n fliek in hulle koppe te bou oor dit wat hulle lees. Leer leerders om te probeer onthou wat hulle gelees het. Moedig leerders ook aan om te vra, indien daar iets is wat hulle nie verstaan nie.

### VERSORGING VAN DIE LEES WERKKAARTE:

1. Dit is 'n goeie plan om die werkkaarte in toevou lêers of plastiese saklêers te sit wanneer leerders dit gebruik.
2. Pas hierdie werkkaarte versigtig op en bêre dit behoorlik na gebruik.
3. Jy behoort dieselfde werkkaarte vir baie jare te kan gebruik, aangesien leerders nie daarop skryf nie. In plaas daarvan skryf hulle in hulle in hulle boeke.

## ALTERNATIEF TOT BEGELEIDE GROEPSLEES

Onthou dat die doel van Begeleide Groepslees is om na elke leerder se lees individueel te luister, om sodoende vir hulle tegniese leesvaardighede te help bou. Indien jy nie genoeg spasie in jou klaskamer hiervoor het nie, of as jy sukkel om die klas se gedrag te beheer terwyl jy na 'n groepslees luister, is daar 'n alternatief.

Bring al die leerders tot orde by hulle lessenaars gedurende Begeleide Groepslees met hulle lees werkkaarte. Doen dan die volgende:

1. Verduidelik die eerste werkkaart aktiwiteit wat hulle moet doen.
2. Roep daarna individuele leerders een op 'n keer na jou tafel om hardop vir jou te lees.
3. Luister na elke leerder wat van 'n toepaslike vlak teks lees.
4. Bou die leerder se tegniese leesvaardigheid.
5. Gee na 15 minute opdrag aan die klas om 'n oorgangsaktiwiteit te doen.
6. Bring leerders daarna tot orde in hulle sitplekke met hulle werkkaarte.
7. Verduidelik die volgende aktiwiteit wat hulle moet doen.
8. Gaan voort om individuele leerders na jou tafel te roep om hardop vir jou te lees.

Indien jy sou besluit om hierdie alternatiewe metode van luister na lees te gebruik, moet jy seker maak dat jy ten minste een maal per week na elke leerder sa luister.

# Prosesskryf

***Doel:** Om aan leerders 'n proses te leer om, met ondersteuning, hul oorspronklike gedagtes in skryfwerk om te sit. Om aan leerders te wys dat om deur 'n proses te werk, hul die geleentheid gegun word om hul gedagtes te verander, te verfyn en te verbeter, eerder as om 'dit die eerste keer reg te kry".*

Prosesskryf bestaan uit beplanning, rofwerk, redigering, publisering en aanbieding. Hierdie vier dele van die prosesskryf word, soos die leerders vaardiger word, oor die eerste drie grade aan hulle bekend gestel.

## BEPLAN SKRYFWERK

**1** In hierdie program, fokus beplanning daarop om die leerders te leer hoe om te beplan deur die volgende te gebruik:
   - **a** 'n Lys
   - **b** 'n Breinkaart

**2** Voordat leerders hul eie plan skep, moet jy dit volledig aan hul demonstreer, sodat hulle presies weet wat om te doen. Die lesplan sal jou lei hoe om dit te doen.
**3** Verduidelik aan leerders dat jy altyd DINK waaroor jy gaan skryf. Jy moet gedagtes hardop verduidelik sodat leerders hul kan hoor.
**4** Gebruik die beplanningsvoorbeeld om jou skryfwerkplan te skep.
**5** Volgende, gee die leerders 'n paar minute om te dink oor dit waaroor hul gaan skryf.
**6** Laat leerders toe om om te draai, te praat, en hul idees met 'n maat te deel.
**7** Ten laaste, lei en ondersteun leerders wanneer hulle nou die beplanningsvoorbeeld gebruik om hul eie planne te voltooi.

## SKRYFROFWERK

**1** Voordat die les begin, herskryf jou beplanningsraamwerk van MAANDAG op die bord. Skryf die skryfraamwerk voorbeeld op die bord.
**2** Verduidelik volgende kortliks en demonstreer hoe leerders die plan gaan gebruik om hul rofwerk te skep.
**3** Wys aan leerders die skryfraamwerk voorbeeld wat hul gaan help om dit te doen.
**4** Loop rond in die klas en bied ondersteuning aan terwyl leerders hul rofwerk voltooi.

## REDIGERING VAN SKRYFWERK

**1** Skryf die redigering kontrolelys van die lesplan op die swartbord.
**2** Lees deur en verduidelik die kriteria aan die leerders.
**3** Jy mag dalk aan die leerders wys hoe om algemene foute reg te maak.
**4** Laat leerders toe om hul eie skryfwerk te redigeer en reg te maak deur die kontrolelys te gebruik.

**BIED DIE SKRYFWERK AAN EN GEE VERSLAG DAAROOR**

1. Gee instruksie aan die leerders om die finale weergawe netjies oor te skryf.
2. Gee aan leerders die geleentheid om boeke uit te ruil en mekaar se skryfwerk te lees.
3. Gee aan verkillende leerders die geleentheid om hul skryfwerk te deel deur dit aan die hele klas voor te lees.
4. Vra sommige leerders om hul storie oor te skryf op ’n blanko papier, dit te illustreer en hul naam by te skryf. Vertoon die skryfwerk op die klaskamer se muur.
5. Neem die leerders se boeke in. Daar word slegs van jou verwag om formeel 2 stukke skryfwerk per termyn te merk deur die rubrieke wat voorsien word. Lees egter en lewer kommentaar op die leerders se finale stuk skryfwerk vir elke siklus.
6. Onthou weereens dat selfvertroue ’n belangrike deel van die ontwikkeling van skryfvaardighede is.

## Skryfstrategieë

***Doel:*** *Om die leerders met verskeie strategieë toe te rus wat sal dien as boublokke om hul in staat te stel om hul gedagtes in oorpronklike skryfwerk te verander.*

1. Volg die lesplanne om die skryfwerk opdrag vir elke week te voltooi.
2. Jy sal oplet dat dieselfde roetine altyd in die lesplanne gevolg word. Dit is om die leerders te help om te weet wat om te verwag in skryflesse. Dit help dan ook om hul selfvertroue te bou.
3. Jy sal oplet dat verskillende strategieë stadig aan leerders geleer word om hulle in staat te stel om sinraamwerke suksesvol te voltooi.
4. Die doel is vir leerders om uiteindelik hierdie strategieë outomaties te gebruik.
5. Hierdie strategieë help leerders om vol selfvertroue te voel oor hul skryfwerk en deur hulle te wys dat daar ’n reeks stappe is om te volg wanneer hulle skryf.

**STRATEGIE 1: ONDERWYSER DEMONSTREER EERS DIE SKRYFWERK**

a. Die onderwyser demonstreer eers die opdrag aan die klas (sy wys presies aan die klas wat hulle gaan doen).
b. Die leerders kry ’n duidelike idee van die opdrag deur te sien wat die onderwyser doen.

**STRATEGIE 2: LEERDERS DINK VOORDAT HULLE SKRYF**

**a** Skryf is die aksie om gedagtes op papier neer te skryf.
**b** Dit beteken dat skrywers eers moet dink en besluit wat om te skryf voordat hulle skryf.
**c** Dit beteken ook dat daar geen korrekte of verkeerde 'antwoorde' in skryfwerk is nie – elke skrywer het haar of sy eie gedagtes om oor te skryf.
**d** Voorsien altyd genoeg tyd vir leerder om eers te dink waaroor hulle wil skryf.

**STRATEGIE 3: SKRYWERS TREK LYNE VIR ELKE WOORD**

**a** Leerders dink oor die sin wat hul wil skryf, en sê dit hardop.
**b** Hulle moet dan die woorde in hul sinne tel en 'n lyn trek wat elke woord verteenwoordig.
**c** Lyne moet van links na regs op die bladsy getrek word.
**d** Lyne moet min of meer so lank as die woord wees.
**e** Spasies moet oopgelaat word tussen woorde.
**f** Die leerder moet aan die einde van 'n sin 'n punt sit.
**g** Met die lyne in plek, moet leerders die woorde invul wat hulle ken, of probeer om die beginklanke neer te skryf voordat hulle om hulp vra.
**h** Dit gee struktuur aan die leerder se skryfwerk, wat selfvertroue bou. Selfs leerders wat werklik sukkel kan die skryfproses op die manier begin.

**STRATEGIE 4: SKRYWERS GEBRUIK HULPBRONNE OM WOORDE TE SKRYF**

**a** Leer leerders om nie vir hulp te vra met al die onbekende woorde nie. Hulle moet eers van ander hulpbronne gebruik maak om uit te vind hoe om die onbekende woord te skryf. Byvoorbeeld:
- Woorde op die muur
- Ander boeke
- Spellyste
- Hulle kan selfs hul klasmaats vra.

**STRATEGIE 5: SKRYWERS GEBRUIK HUL GEHEUE OM WOORDE TE SKRYF**

**a** Leerders moet probeer om woorde te onthou wat hul reeds geleer het, en om hierdie woorde van geheue te skryf.

**STRATEGIE 6: LEERDERS SÊ WOORDE STADIG SOOS 'N SKILPAD**

1. Leer leerders om onbekende woorde baie stadig te sê om die verskillende klanke te hoor. (Segmentering)
2. Volgende, leer die leerders om elke klank wat hul kan hoor, neer te skryf. (Hul mag dalk nie die woord korrek spel nie, maar dit dien as beginpunt om onbekende woorde te skryf. Byvoorbeeld, **bring** mag dalk as **brig** geskryf word of self **brng**. Die onderwyser kan dan hierop bou en aan die leerder die korrekte spelling wys.)
3. Probeer om die leerder se fonetiese skryfwerk te lees en prys hulle omdat hulle hul fonetiese kennis gebruik het om woorde te bou. Dit is 'n belangrike vaardigheid om aan te moedig.

**STRATEGIE 7: SKRYWERS LEES WAT HULLE SKRYF**

**a** Leerders lees hul sin hardop aan hulself of 'n klasmaat. Die skryfproses word meer betekenisvol deur hul skryfwerk aan 'n klasmaat te lees.
**b** Maak seker dat hulle nie woorde uitgelaat het terwyl hulle dit doen nie.
**c** Hulle maak ook seker dat die woordorde korrek is.
**d** Die belangrikste is om dit so aan te bied dat leerders die skryfproses geniet en trots voel oor wat hulle geskryf het.

**STRATEGIE 8: SKRYWERS DRAAI OM EN GESELS**

**a** Skrywers kan op verskillende tye gedurende die les omdraai na 'n klasmaat en beurte maak om met mekaar te praat.
**b** Dit kan dan gebruik word om idees uit te ruil oor wat hulle wil skryf, deur hul skryfwerk aan mekaar te lees, deur mekaar te vertel oor hul prentjies of om seker te maak hulle verstaan wat hulle moet doen.
**c** Leer leerders om mekaar in die gesig te kyk en saggies te praat wanneer hulle omdraai om te gesels.

**STRATEGIE 9: HOU MINI KONFERENSIES**

**a** Dit is 'n nuttige strategie om te gebruik terwyl leerders skryf.
**b** Loop deur die klaskamer en stop wanneer jy sien dat 'n leerder sukkel.
**c** Hou mini konferensies met daardie leerder.
**d** Neem deel met die leerder se werk, luister na die leerder en bied hulp aan waar nodig.
**e** Onthou om te probeer om aan alle leerders individuele aandag te gee en om hul pogings en verbeteringe te prys.

# Graad 2

## TERMYN 1

# Week

# 1

## Orienteëring

# Maandag

## Verbale aktiwiteite 15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESEER VORIGE KENNIS (EERSTE WEEK VAN DIE TEMA)

1 Vertel leerders dat ons hierdie jaar verskillende temas gaan bestudeer.
2 Verduidelik dat ’n tema ’n groter idee is wat ons sal help om beter saam te leer.
3 Teken ’n sirkel met die word skool in die middel van die swartbord.
4 Vra leerders: *Wat weet julle van skool?*
5 Skryf leerders se idees neer op ’n breinkaart. Groepeer soortgelyke idees saam.
6 As leerders sukkel om te reageer, vra aan hul vrae bv.:
   a Wat het jy in Graad 1 in die skool gedoen?
   b Waarvan het jy baie gehou in Graad 1?
   c Hoe voel jy om in die skool te wees?

### TEMA WOORDESKAT

1 Verduidelik dat ons vanjaar baie nuwe woorde gaan leer om ons te help om ons gedagtes en idees beter uit te druk!
2 Onderrig deur gebruik te maak van Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
3 Vertoon nuwe woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord uit.
   a Dieselfde
      - Hou 1–5 vingers in die lug.
      - Verduidelik aan leerders dat hulle DIESELFDE hoeveelheid vingers in die lug moet hou.
      - Herhaal 4–5 maal.

## Handskrif 15 minute

1 Verduidelik dat ons ’n ordelike sisteem sal hê vir die uitdeel van boeke.
2 Kies ’n sisteem wat sal werk vir jou klaskamer en die leerders, byvoorbeeld: Gebruik boekmonitors
3 Verduidelik dat regdeur die jaar, elkeen ’n beurt sal kry om ’n boekmonitor te wees. Hierdie week sal ons oefen wat ’n boekmonitor moet doen sodat almal weet en gereed is.
4 Wys leerders waar boeke gebêre word en hoe hulle ingedeel word (groepe, rye, ens.)
5 Wys leerders hoe om ’n stapel boeke vir hul groep op te tel, rye, ens.
6 Wys hulle hoe om boeke saggies, versigtig en vinnig uit te deel (hulle moenie die boeke gooi nie!).

7 Roep 'n paar leerders (die hoeveelheid sal afhang van wat sin maak binne die opset van jou klaskamer) om die boekmonitors van die dag te wees.
8 Gee die boekmonitors opdrag om die boeke uit te deel.
9 Gee hulle opdrag om saggies te gaan sit.
10 Wanneer elke leerder hul boek het, verduidelik aan die boekmonitors dat hul ook verantwoordelik sal wees om die boeke op te neem.
11 Wys leerders hoe hulle boeke moet bymekaarmaak vir hul ry, groep ens.
12 Wys leerders waar hulle hul boeke moet sit.
13 Roep die boekmonitors van die dag om te oefen om die boeke bymekaar te maak.

## Gedeelde lees: 15 minute

### Pre-Lees

1 Verduidelik dat ons vanjaar gedeelde lees gaan hê.
2 Verduidelik dat gedeelde lees op die mat gaan plaasvind, voor in die klas (of elders, as dit nie in jou klaskamer gaan werk nie).
3 Verduidelik dat ons vinnig en saggies na die mat moet gaan.
4 Wys leerders hoe om na die mat te beweeg. Verduidelik dat hul hande nie aanmekaar mag raak nie, hul moet stil wees en hul moet vinnig en versigtig loop!
5 Kies 'n manier om na die mat te beweeg wat vir jou klaskamer en die leerders werk, byvoorbeeld: Ry vir ry.
6 Vertel aan leerders in watter ry hulle is, sodat hulle weet of hulle in Ry 1, Ry 2, Ry 3 ens. is.
7 Verduidelik aan leerders dat hulle moet onthou in watter ry hulle is.
8 Roep leerders om ry vir ry na die mat te beweeg.
9 Sodra al die leerders op die mat sit, verduidelik aan hulle dat ons ook vinnig en saggies terug moet beweeg na ons sitplekke.
10 Wys leerders hoe om terug te beweeg na hulle sitplekke. Verduidelik dat hul hande nie aanmekaar mag raak nie, hul moet stil wees en hul moet vinnig en versigtig loop!
11 Versoek leerders om ry vir ry terug na hulle sitplekke te beweeg.

## Skryfwerk 30 minute

### Beplan en berei voor

**SKRYFRAAMWERK:**

Skool laat my voel ___________________

## MODELLERING

1 Verduidelik dat ons vandag gaan teken oor hoe hulle vandag by die skool voel.
2 Lees die skryfraamwerk hardop aan die kinders voor.
3 Gebruik modellering om leerders te wys dat jy dink voor jy skryf.
4 Vertel leerders van sommige van die idees wat jy het vir jou prent, soos: Ek is lief vir skool en dit maak my gelukkig om hier te wees.
5 Gebruik modellering om ’n prent te teken van jouself wat gelukkig lyk in jou klaskamer.
6 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek ’n streep vir elke woord.
7 Gebruik modellering om die skryfraamwerk te voltooi: Skool maak my gelukkig.
8 Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken neer op die bord.
9 Gebruik hulpbronne, soos sigwoorde en tema woordeskatwoorde
10 Vee jou voorbeeld van die bord af. Verduidelik dat dit net ’n voorbeeld was, maar dat leerders hulle eie idees moet skryf.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra leerders: Hoe voel julle vandag by die skool?
2 Gee opdrag aan die leerders om te dink voor hulle skryf.
3 Roep 2–3 leerders om te vertel hoe hulle voel.
4 Hulle moet sê: Ek voel …
5 Verduidelik dat leerders nou moet teken en skryf oor hulle eie gevoelens!

## SKRYFWERK

1 Roep dieselfde boekmonitors om die boeke uit te deel.
2 Terwyl leerders skryf, loop deur die klas en hou mini konferensies.
3 Vra leerders om jou te vertel van hul skryfwerk.
4 Moedig leerders aan.
5 Roep dieselfde boekmonitors om die boeke op te neem.






## Groep Begeleidelees

30 minute

**1** Verduidelik dat ons ’n ordelike sisteem sal hê vir die uitdeel van Lees Werkblaaie.
**2** Verduidelik dat die boekmonitors ook die lees werkblaaie sal uitdeel aan die klas.
**3** Wys leerders waar lees werkblaaie gebêre word en hoe hulle ingedeel word (groepe, rye, ens.)
**4** Wys leerders hoe om ’n stapel werkblaaie volgens groep, rye ens. op te tel.
**5** Wys hulle hoe om werkblaaie saggies, versigtig en vinnig uit te deel (hulle moenie die werksblaaie gooi nie!).
**6** Roep dieselfde boekmonitors om die lees werkblaaie uit te deel.
**7** Gee hulle opdrag om te oefen om die lees werkblaaie uit te deel.
**8** Gee hulle opdrag om saggies te gaan sit.
**9** Gee leerders opdrag om na hulle werkblaaie te kyk.
**10** Verduidelik die ikone op die lees werkblaaie aan die leerders:
- **a** Oë: Kyk en sê die woorde
- **b** Mond: Klank die woorde
- **c** Een leerder wat lees: Individuele leeswerk
- **d** Twee leerders: Gesamentlike leeswerk

**11** Verduidelik dat die boekmonitors ook verantwoordelik sal wees om die lees werkblaaie op te neem.

**12** Wys leerders hoe hulle die werkblaaie moet bymekaarmaak vir hul ry, groep ens.
**13** Wys leerders waar hulle hul werkblaaie moet sit.
**14** Roep die boekmonitors van die dag om te oefen om die lees werkblaaie bymekaar te maak.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en klanke: 15 minute

### Stel nuwe klanke en woorde bekend

1 Verduidelik dat ons hierdie jaar klanke gaan doen, dit is belangrik om mooi te luister.
2 Verduidelik dat ons vandag ’n speletjie gaan speel wat ons Juffrou Sê noem. Dit is ’n speletjie waar dit nodig is om baie mooi te luister! Ons gaan hierdie speletjie gereeld deur die jaar speel!
3 Verduidelik die reëls aan leerders:
   a Verduidelik dat jy verskillende bewegings gaan doen, soos om jou kop te raak; soos ’n vlieër te vlieg; jou neus te wikkel, drie maal te spring; ens.
   b As jy eerste sê “juffrou sê”, dan moet die leerders die aksie uitvoer.
   c As jy nie sê “juffrou sê” nie, dan moet leerders stilstaan.
   d As ’n leerder die aksie doen wanneer jy nie gesê het “juffrou sê” nie, dan is daardie leerder uit en moet sit.
   e Die wenner is die laaste leerder wat staan.
4 Vra die leerders om te staan.
5 Speel die speletjie tot daar net een leerder is wat staan!

## Handskrif: 15 minute

### skryf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1 Herinner leerders dat boekmonitors verantwoordelik is vir die uitdeel van boeke en leeswerkblaaie.
2 Herinner leerders waar boeke gebêre word en hoe hulle ingedeel is (groepe, rye, ens.).
3 Herinner leerders om ’n stapel boeke vir hul groep, ry ens. op te tel.
4 Herinner hulle hoe om boeke saggies, versigtig en vinnig uit te deel (hulle moenie boeke gooi nie!).
5 Roep ’n paar leerders om die boekmonitors van die dag te wees. Hulle moet verskillend wees van die leerders wat jy Maandag gekies het.
6 Gee die boekmonitors instruksie om te oefen om boeke uit te deel.
7 Gee hulle opdrag om stil te gaan sit.
8 Sodra elke leerder sy boek het, gee die leerders opdrag om oop te maak op die eerste skoon bladsy.
9 Gee die leerders opdrag om vinnig hulle die datum van die bord af te skryf. Verduidelik aan leerders hulle het een minuut om dit te doen. (Dit is belangrik om leerders te leer om dit vinnig te doen!)
10 Verduidelik dat die boekmonitors ook verantwoordelik is om die boeke in te neem.
11 Herinner leerders hoe hulle die boeke moet bymekaarmaak vir hulle ry, groep ens.

**12** Herinner leerders waar hulle hulle boeke moet sit.
**13** Roep die boekmonitors van die dag om te oefen om die boeke op te neem.

## Gedeelde lees: 15 minute

### Eerste Lees

**1** Herinner leerders dat ons vanjaar gedeelde lees doen.
**2** Herinner leerders dat gedeelde lees op die mat gaan plaasvind, voor in die klas.
**3** Verduidelik dat ons vinnig en saggies na die mat moet gaan.
**4** Wys leerders hoe om na die mat te beweeg. Verduidelik dat hul hande nie iemand anders sin mag raak nie, hul monde moet stil wees en hul moet vinnig en versigtig loop!
**5** Kies ’n manier om na die mat te beweeg wat vir jou klaskamer en die leerders werk, byvoorbeeld: Ry vir ry.
**6** Vertel aan leerders in watter ry hulle is, sodat hulle weet of hulle in Ry 1, Ry 2, Ry 3 ens. is.
**7** Verduidelik aan leerders dat hulle moet onthou in watter ry hulle is.
**8** Roep leerders om ry vir ry na die mat te beweeg.
**9** Sodra al die leerders op die mat sit, verduidelik aan hulle dat vir gedeelde lees daar reëls is oor hoe ons op die mat sit.
**17** Na 15 minute, gee leerders ’n kort breuk. Speel gou die speletjie: Juffrou sê.
**18** Gaan deur die instruksies vir Woensdag week 3 aktiwiteit 2 met die leerders.
**19** Herinner leerders dat hulle aktiwiteit stil en op hul eie moet voltooi.
**20** Gee leerders 15 minute om die aktiwiteit te oefen. Gedurende hierdie tyd roep ’n paar leerders na jou tafel en voltooi die Groep Begeleidelees assessering met behulp van die rubriek (sien onder).
**21** Aan die einde van die 30 minute, roep die boekmonitors van die dag om te oefen om die lees werkblaaie bymekaar te maak.

| Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 1 | Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 2 | Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 3 | Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 4 | Ek dink hierdie leerder lees op: Vlak 5 |
|---|---|---|---|---|
| Hierdie leerder ken min of geen woorde. Hierdie leerder lyk nie of hulle letter-klankverhoudings ken nie. | Hierdie leerder ken 'n paar algemene woorde. Hierdie leerder lyk nie of hulle letter-klankverhoudings ken nie OF hierdie leerder benodig baie hulp om voorheen ongesiende woorde te lees. | Hierdie leerder ken sommige algemene woorde. Hierdie leerder benodig hulp om voorheen ongesiende woorde te ontsyfer. | Hierdie leerder ken baie algemene woorde en kan die meeste woorde ontsyfer. Hierdie leerder het soms hulp nodig om woorde te ontsyfer. | Hierdie leerder ken baie algemene woorde. Hierdie leerder kan voorheen ongesiende woorde ontsyfer. Hierdie leerder lees vlot en met uitdrukking. Hierdie is een van die beste lesers in die klas. |

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Segmentering en Vermenging

1. Herinner leerders dat in ons klaskamer vanjaar, dit altyd belangrik is om die klaskamerreëls te volg wat ons saam opgestel het.
2. Lees deur elkeen van die reëls.
3. Gaan deur elke reël. Vra leerders: Hoekom is hierdie reël belangrik?
4. Bespreek hoekom elkeen van die reëls belangrik is om ’n veilige en gelukkige leeromgewing te skep.
5. Herinner leerders wat die gevolge in die klaskamer gaan wees as die reëls gebreek word.

## Gedeelde lees: 15 minute

### Tweede Lees

1. Herinner leerders dat ons vanjaar gedeelde lees doen.
2. Herinner leerders dat gedeelde lees op die **mat** gaan plaasvind, voor in die klas.
3. Verduidelik dat ons vinnig en saggies na die **mat** moet gaan.
4. Wys leerders hoe om na die **mat** te beweeg. Verduidelik dat hul hande nie iemand anders sin mag raak nie, hul monde moet stil wees en hul moet vinnig en versigtig loop!
5. Herinner leerders hoe om na die mat te gaan, byvoorbeeld: **Ry vir ry.**
6. Herinner leerders in watter ry hulle is, sodat hulle weet of hulle in Ry 1, Ry 2, Ry 3 ens. is.
7. Verduidelik aan leerders dat hulle moet **onthou** in watter **ry** hulle is.
8. Roep leerders om **ry vir ry** na die mat te beweeg.
9. Herinner leerders hoe om op die mat te sit vir gedeelde lees, byvoorbeeld:
   - a Ons sit met gekruisde bene of knieë op, sodat daar genoeg plek is vir almal.
   - b Ons hou ons hande op ons skote of op ons eie lywe.
   - c Ons luister stil terwyl die storie gelees word.
   - d Ons steek ons hand op om te praat.
10. Gee leerders opdrag om te oefen om te sit vir gedeelde lees vir ’n paar sekondes.
11. Verduidelik dat gedurende Gedeelde Lees, moet leerders met aandag na die stories luister.
12. Wys leerders bladsy 10 van die DBE werkboek.
13. Vir elke ry prente vra leerders die volgende vraag. Herinner leerders om hul hand op te steek as hulle wil antwoord.
    - a Wat is Ben?
    - b Hoe voel Jim teen die einde?
    - c Hoekom voel hy so?

14 Herinner leerders om stil en vinnige terug te gaan na hulle sitplekke.
15 Wys leerders hoe om terug te beweeg na hulle sitplekke. Verduidelik dat hul hande nie iemand anders sin mag raak nie, hul monde moet stil wees en hul moet vinnig en versigtig loop!
16 Roep leerders om ry vir ry terug na hulle sitplekke te beweeg.





## Groep Begeleidelees

30 minute

***Nota: Om vir hierdie aktiwiteit voor te berei, moes jy:***

- ***Al reeds jou leerders asseseer het***
- ***Jou leerders in groepe met dieselfde vaardighede opgedeel het***
- ***Die vaardigheidsgroepe name gegee het. Die name moet nie dui op hul vaardighede. Byvoorbeeld: verskillende diere, vrugte, sokkerspanne, ens.***
- ***Groepsbegeleide leeskaart gemaak het, sodat leerders maklik kan sien in watter groep hulle is.***

1 Vandag moet jy leerders in hulle groep begeleide leesgroepe plaas.
2 Wys leerders die groepsbegeleide leeskaart. Lees die name van elke groep. Lees al die name van die leerders in ’n groep en vra hulle om op te staan. Gee leerders opdrag om na die ander leerders in die groep te kyk wat staan: hierdie is hulle groeplede!
3 Speel ’n speletjie met die leerders om hulle te help om hulle groep te onthou.
4 Roep verskillende groepe om OP TE STAAN en dan TE GAAN SIT.
5 Roep verskillende groepe om SAGGIES TE LOOP tot voor in die klas en dan SAGGIES terug na hulle sitplekke.
6 Gee leerders opdrag om die ander leerders in hulle groep se name te memoriseer.
7 Vra leerders om te probeer om al die leerders in hulle groep se name te sê.
8 Speel hierdie speletjies totdat al die leerders hul groep begeleide leesgroepe ken.

# Vrydag

## Verbale aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Onderrig met behulp van Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Stal woorde en illustrasies uit op die Tema Woordeskatbord.
  a Minder
  b Meer
    - Trek 'n lyn af in die middel van die swartbord.
    - Trek **vier** sirkels aan die een kant.
    - Trek **twee** sirkels aan die ander kant.
    - Vra leerders watter kant het **meer**.
    - Vra leerders watter kant het **minder**.
    - Herhaal met verskillende hoeveelhede sirkels.

### BESPREKING VAN GEDEELDE LEESTEKS

1 Skryf die besprekingsraamwerk op die swartbord.
  Ek is goed met …
  Ek hou regtig daarvan om …
2 Verduidelik dat ons vanjaar in klein groepies gaan werk om ons gedeelde leesteks te bespreek. Ons sal vinnig in klein groepies moet inbeweeg!
3 Wanneer ons in ons groepies is, gaan ons die aanvangssin op die bord gebruik om ons bespreking te begin.
4 Lees die besprekingsraamwerk aan leerders.
5 Verduidelik dat wanneer ons in ons groepies is, moet elke leerder in die groep 'n beurt kry om 'n vraag te antwoord.
6 Stel die "pratende stok/klip/voorwerp" voor.
7 Verduidelik dat leerders die pratende stok moet rondgee. Wanneer hulle die pratende stok het, is dit hulle beurt om te praat. As iemand anders in die groep die stok het, is dit hulle beurt om te luister.
8 Roep drie leerders na voor in die klaskamer en modelleer hoe om die stok aan te gee en beantwoord 'n paar vrae:
  a Leerder 1 moet Vraag 1 beantwoord
  b Leerder 2 moet Vraag 1 beantwoord
  c Leerder 3 moet Vraag 1 beantwoord
  d Leerder 4 moet Vraag 1 beantwoord
  e Leerder 1 moet Vraag 2 beantwoord
  f Leerder 2 moet Vraag 2 beantwoord
  g Leerder 3 moet Vraag 2 beantwoord

   **h** Leerder 4 moet Vraag 2 beantwoord

**9** Herinner leerders hoe hulle klein groepies moet maak. Herinner leerders wie in elke groep gaan wees. Hierdie moet dieselfde wees as die groepe op Woensdag!

**10** Maak seker dat alle leerders verstaan wie in hulle groep is en hoe hulle in hulle groep moet kom.

**11** Verduidelik dat wanneer jy die woord "gaan" sê, leerders 30 sekondes het om in hulle klein groep te kom.

**12** Gee 'n pratende stok aan elke groep. Hulle moet beurte neem om te antwoord soos jy gemodelleer het.

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Woord Vind

**1** Herinner leerders dat vanjaar in ons klaskamer is dit altyd belangrik om die klasreëls te volg wat ons saam opgestel het.

**2** Vra leerders om deur elkeen van die reëls te lees.

**3** Gaan deur elke reël.

**4** Vra leerders: Watter vrae het julle oor die reëls?

**5** Bespreek die reëls. Maak seker dat leerders verstaan:

   **a** Wat die reëls is

   **b** Hoekom die reëls belangrik is

   **c** Hoe dit is om 'n reël te volg

   **d** Hoe dit lyk as 'n reël verbreek word

   **e** Wat die gevolge is wanneer jy 'n reël verbreek

## Gedeelde lees: 15 minute

### Na-Lees

**1** Verduidelik dat elke week in gedeelde lees, gaan ons 'n na-lees aktiwiteit doen.

**2** Verduidelik dat leerders gaan gesels oor iets waarvan hulle gehou het in die DBE werkboek.

**3** Gebruik **modellering** om leerders te wys hoe om 'n 1–2 sin opsomming van die prente te gee: **Ek onthou dat Jim die nuwe seun by die skool was.**

**4** Wys leerders weer bladsy 10 van die DBE werkboek.

**5** Gee leerders opdrag om te dink oor **hulle opsommings.**

**6** Vra 2–3 leerders om hulle idees met die klas te deel. **Help** leerders om volledige sinne te vorm.

**7** Verduidelik en korrigeer enige algemene probleme vir leerders.

**8** Herinner leerders hoe om te **draai en gesels**:

   **a** Leerders moet draai na die persoon langs hulle.

- **b** Hulle moet beurte maak om hul maat die antwoord tot die vraag te gee.
- **c** Wanneer hulle maat praat, moet hulle met aandag luister!

**9** Gee leerders opdrag om te **draai en gesels** en hul **eie** storie te vertel.



## Groep Begeleidelees

30 minute

1. Herinner leerders dat ons ’n ordelike sisteem het vir die uitdeel van **Lees Werkblaaie.**
2. Herinner leerders dat boekmonitors verantwoordelik is vir die uitdeel van lees werkblaaie.
3. Herinner leerders waar die lees werkblaaie gebêre word en hoe hulle ingedeel is (groepe, rye, ens.).
4. Herinner leerders om ’n stapel lees werkblaaie vir hul groep, ry ens. op te tel.
5. Herinner hulle hoe om blaaie saggies, versigtig en vinnig uit te deel (hulle moenie boeke gooi nie!).
6. Gee die boekmonitors instruksie om lees werkblaaie uit te deel.
7. Verduidelik dan dat julle gaan oefen wat tydens groep begeleidelees gebeur.
8. Verduidelik dat jy een klein groep op ’n slag gaan roep. Die groep moet dan mat toe kom en stil in ’n sirkel sit.
9. Al die ander leerders moet hulle lees werkblaaie gebruik om **onafhaklike lees** te oefen, net soos ons reeds geoefen het.
10. Roep jou eerste groep. Wanneer hulle in die sirkel sit, gee elke leerder opdrag om om te gaan en hulle eie naam te sê sowel as ’n storie waarvan hulle gehou het.
11. Terwyl jy met die klein groep praat, moet al die ander leerders onafhanklik aangaan met hulle werk. Dit is belangrik om enige gedrag wat nie strook met onafhanklike leeswerk, aan te praat.
12. Gee die eerste groep opdrag om saggies terug te gaan na hulle sitplekke.
13. Herhaal dit met al die groepe.

# Graad 2
# TERMYN 1
# Week 3
# TEMA:
# Verjaarsdag vieringe

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: ’n prent van ’n verjaardagkoek; ballonne; ’n verjaardagkaartjie; ens.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor hoe verskillende kulture belangrike verjaarsdae vier, ens.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 2, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 3, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 4, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van hoe jy voel wanneer dit jou verjaarsdag is!

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie van Mandla se groot verjaarsdagpartytjie in die Grootboek storie <u>'n Vergete verjaarsdag</u>
2. Vertel aan leerders die jul 'n nuwe tema begin wat <u>Verjaarsdagvieringe</u> genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat is 'n verjaarsdag?
   - **b** Wat doen mense in ons gemeenskap gewoonlik vir iemand se verjaarsdag?
   - **c** Wanneer was jy al by iemand se verjaarsdagvieringe?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - vier
   - vieringe
   - verrassing

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Veels geluk liewe Ouma | *Omhels die maatjie langs jou, en wieg van kant tot kant.* |
| Omdat jy verjaar | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |
| hier's 'n rosie vir Ouma, | *Hou 'n denkbeeldige roos uit na jou maat..* |
| Ek is baie lief vir jou. | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |

## Handskrif

15 minute

1 Sê aan die leerders om hulle Handboeke oop te maak.
2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf
   a Jou naam,
   b Jou van.
3 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: ’n Vergete verjaarsdag.
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf ’n lys neer van geskenke wat jy graag vir jou verjaarsdag wil ontvang.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en maak ’n lysie.

**SKRYFRAAMWERK:**

My verjaarsdaggeskenk wenslysie:

**1** _____

**2** _____



**DEMONSTREER**

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan teken oor **geskenke wat jy graag vir jou verjaarsdag wil ontvang.**
2. Lees die skryfraamwerk aan die leerders voor.
3. Wys na die **opskrif** (***My verjaarsdaggeskenk wenslysie***). Verduidelik dat die opskrif aan ons vertel waaroor die lys gaan.
4. Verduidelik dat ons vandag ’n lysie gaan maak. Dit beteken dat ons twee geskenke wat ons graag wil ontvang gaan kies en elke geskenk langs ’n nommer gaan neerskryf.
5. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
6. Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek hou altyd daarvan om nuwe boeke vir my verjaarsdag te kry. Ek dink ek sal van ’n nuwe boek hou. Ek het ook nuwe skoene nodig!
7. **Demonstreer** hoe jy ’n prentjie teken van jouself, wat dink oor die geskenke wat jy graag sal wil ontvang.
8. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke woord.**
9. **Demonstreer** hoe om die eerste item op die lys te voltooi: **E**k wil graag ’n nuwe boek ontvang.
10. Demonstreer hoe om die tweede item op die lys te voltooi: **E**k wil graag nuwe skoene ontvang.
11. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat hulle ken op die swartbord.**
12. **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde.
13. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Vra aan leerders: Watter geskenke wil jy graag vir jou verjaarsdag ontvang?
2. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
3. Vra 2–3 leerders om jou te vertel van ’n geskenk wat hul graag wil ontvang.
4. Hulle moet sê: Ek sal daarvan hou om...... te ontvang.
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou hul eie wenslysies gaan teken en neerskryf!

## SKRYFWERK

1. Deel **leerders se boeke** uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om om die woorde **stadig te sê** en **gebruik hulpbronne**.
6. Moedig leerders aan.





## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde

15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/ooi/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle dink aan ’n woord met die **/ooi/** klank?
4 Dinkskrum met leerders bv: **kooi, rooi, nooi**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

5 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **tooi, nooi, kooi, vlooi, rooi**
6 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
7 Vra leerders om die woorde te herhaal.
8 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

## Handskrif:

15 minute

## Skyf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1 Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **ooi**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer-eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.

**7** Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

ooi ooi ooi ooi

tooi tooi

nooi nooi

kooi kooi

vlooi vlooi

rooi rooi

Die nooi dra n rooi trui.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

WEEK 3

## Gedeeldelees: 15 Minute

## Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: EK WONDER / EK MAAK KONNEKSIES**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Dit was Mandla se agtste verjaardag. Gewoonlik sê almal "Gelukkige verjaardag!", maar nie vandag nie.<br>Sy familie is almal buite besig. Sy pa dra hout aan. Sy sussie is besig om op haar fiets te ry. Sy ma is besig om die tuin nat te maak.<br>Niemand sê "Gelukkige verjaardag!" vir hom nie.<br>"Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | Ek wonder hoekom sê niemand "Gelukkige verjaardag" vir Mandla nie? As ek Mandla was, sou ek dink almal het my verjaardag vergeet. |
| Toe sien Mandla vir oupa en ouma by die hek. "Ek wonder wat maak hulle hier?" dink Mandla.<br>Hy wag dat hulle vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê, maar hulle sê net "Hallo almal!".<br>"Agge nee! Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | Mandla dink hierdie is die slegste verjaardag ooit. Dit moet wees omdat niemand vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê nie. As niemand my met my verjaardag geluk wens nie, sal ek ook hartseer voel. |
| Toe sien Mandla sy oom Tom, tannie Mapula en sy niggie en nefie, Thabo en Nomsa. "Ek wonder wat maak hulle hier?" dink Mandla.<br>Hy wag dat hulle vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê, maar hulle sê net "Hoe gaan dit vandag met almal?"<br>"Agge nee! Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | Siestog, arme Mandla! As ek Mandla was, sou ek seker gehuil het. |
| Toe sien Mandla sy beste maat, Steve en sy klein sussie. "Ek wonder wat maak hulle hier?" dink Mandla.<br>Hy wag dat hulle vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê, maar hulle sê net "Hallo Mandla!"<br>"Agge nee! Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | As my beste maat my verjaardag vergeet, sal ek dink my maat gee nie om vir my nie! Ek sal so hartseer voel. |
| Mandla gaan na sy kamer. "Niemand onthou my verjaardag nie!" dink hy hartseer, "arme ek!"<br>Hy hoor hoe gesels sy ouers en oupa en ouma in die agterplaas. "Hulle gee nie eens om dat ek nie daar is nie!" dink hy. | Mandla dink "arme ek" omdat hy so hartseer voel vir homself. Hy moet dink al sy familie en vriende het vergeet van sy spesiale dag. As almal my verjaardag vergeet, sal ek ook hartseer voel. |
| Toe roep Mandla se ma hom. Hy loop na die agterkant van die huis.<br>"Verrassing! Verrassing! Gelukkige verjaardag Mandla!" roep sy familie en vriende. | -- |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| “Ek het gedink julle het van my verjaardag vergeet!” skree Mandla.<br>“Ons het jou regtig verras!” sê Mandla se pa.<br>“Kom ons eet koek” sê oupa. | O! Mandla voel nou seker baie beter. As ek Mandla was, sou ek so spesiaal voel dat my vriende en familie so hard gewerk het om my te verras. |
| “Maak oop jou presente,” sê Steve. Mandla maak sy presente oop. Hy skree, “Ek wou nog altyd ’n ruimtetuig gehad het!” “Sjoe! Kyk net na hierdie dinosourus!” “Ek wou nog altyd hierdie boek lees!”<br>“Hierdie is my beste verjaardag ooit!” dink Mandla. | Sjoe! Kyk net na die lekker presente! Dit herinner my aan toe my familie en vriende vir my presente gegee het! Ek het so spesiaal gevoel. |



| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
| --- | --- |
| Wie se verjaardag is dit? | Dit is Mandla se verjaardag. |
| Wie het Mandla verras met sy verrassingspartytjie? | Sy ma, pa, ouma, oupa, oom Tom, tannie Mapula, sy nefie en niggie, sy maat Steve en Steve se sussie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom dink Mandla “arme ek” toe hy alleen in sy kamer is? | • Mandla voel hartseer.<br>• Mandla voel hartseer, want hy dink almal het sy verjaardag vergeet.<br>• Mandla dink niemand het sy verjaardag onthou nie.<br>• Mandla weet nie van die partytjie nie, want dit is ’n verrassingspartytjie.<br>• Miskien dink Mandla niemand gee om vir hom nie.<br>• Miskien dink Mandla niemand is lief vir hom<br>• nie. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute



**TEMA WOORDESKAT**

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - onthou
   - vergeet
   - vergete

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Veels geluk liewe Ouma | *Omhels die maatjie langs jou, en wieg van kant tot kant.* |
| Omdat jy verjaar | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |
| hier's 'n rosie vir Ouma, | *Hou 'n denkbeeldige roos uit na jou maat..* |
| Ek is baie lief vir jou. | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |

**KREATIEWE STORIE VERTEL**

1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/aai/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle dink aan ’n woord met die **/aai/ klank**?
4 Dinkskrum met leerders bv: **swaai, draai, laai**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: laai, taai, swaai, kraai, draai**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

Sin: _________________________________________________

______________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s)/woorde/sinne

5 Leer leerders hoe om die hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **aai**
6 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
7 Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
8 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
9 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
10 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
11 Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

aai aai aai aai

laai laai

taai taai

swaai swaai

kraai kraai

draai draai

Wat kraai so vroeg in die oggend?



**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Maak ’n lysie van geskenke wat jy graag vir jou verjaarsdag wil ontvang.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en maak ’n lysie deur van kommas te gebruik

**SKRYFRAAMWERK:**

My verjaarsdag wenslys:

**1** _____

**2** _____

**3** _____

Ek wil graag _____, _____, en _____ ontvang.

**DEMONSTREER**

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2. Vandag gaan hul een item byvoeg by hul lysie van presente wat hulle Maandag begin het.
3. Nou gaan hulle hul lysie skryf in ’n sin wat kommas gebruik.
4. Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
5. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
6. Verduidelik van die idees wat jy het om die nuwe dele van die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek sal daarvan hou om ’n nuwe trui te kry. Ek hou nog altyd van mooi truie.
7. **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, soos: jouself, terwyl jy dink aan ’n mooi trui.
8. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek ’n streep vir elke woord**.**
9. **Demonstreer** hoe om die derde item op die lysie te voltooi: **E**k sal hou van ’n nuwe trui.
10. **Demonstreer** hoe om die laaste sin van die skryfraamwerk te voltooi. Verduidelik dat die laaste sin ’n verskillende tipe lysie is. Ons moet xxx. Verduidelik dat ’n komma en die woord ‘en’ die woorde op die ly van mekaar skei, bv.: Ek sal hou van ’n boek, skoene en ’n trui.
11. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat hulle ken op die swartbord.**
12. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
13. **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan geskenke wat ons graag sal wil ontvang vir ons verjaarsdag.
2 Vandag gaan ons ons lysie langer maak.
3 Vra leerders: Watter ander geskenk sal jy graag wil ontvang?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor die geskenke op hul lysie.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel watter drie geskenke hulle gekies het.
9 Hulle moet sê: Ek wil graag...,... en..... hê.
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit
2 Sê aan leerders om om te draai en te praat met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



My verjaarsdagpartytjie wenslys:
1. Ek sal daar van hou om 'n teddiebeer te kry.
2. Ek sal dadrvan hou om 'n barbie te kry.
3. Ek sal daarvan hou om 'n eenhoring speelding te kry.
Ek sal daar van hou om 'n teddiebeer, 'n barbie en 'n eenhoring speelding te kry.

## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 3 het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: Verdeling en Verbindig

15 minute

**EK DOEN...**

1. Begin met ’n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **tooi**
3. Verdeel die woord in individuele klanke: **/t/ – /ooi/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/t/**
5. Sê die endklank van die woord: **/ooi/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **tooi**
7. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om ’n nuwe woord te maak: **/t/** + **/ooi/** = **tooi**
8. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om ’n nuwe woord te maak: **laai**

**ONS DOEN...**

1. Begin met ’n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **rooi**
3. Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/r/**
4. Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/ooi/**
5. Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/r/ – /ooi/**
6. Skryf die woord: **rooi**
7. Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/r/** + **/ooi/** = **rooi**
8. Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **swaai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Herhaalde lees

**LEESSTRATEGIEË: EK WONDER / EK MAAK KONNEKSIES**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Dit was Mandla se agtste verjaardag. Gewoonlik sê almal "Gelukkige verjaardag!", maar nie vandag nie.<br>Sy familie is almal buite besig. Sy pa dra hout aan. Sy sussie is besig om op haar fiets te ry. Sy ma is besig om die tuin nat te maak.<br>Niemand sê "Gelukkige verjaardag!" vir hom nie.<br>"Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | Agge nee! Mandla voel asof almal te besig is om aan hom te dink. Dit herinner my aan wanneer my ma te besig is met haar werk en sy nie tyd het vir my nie. Dit maak my hartseer. |
| Toe sien Mandla vir oupa en ouma by die hek. "Ek wonder wat maak hulle hier?" dink Mandla.<br>Hy wag dat hulle vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê, maar hulle sê net "Hallo almal!".<br>"Agge nee! Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | As ek Mandla was, sou ek regtig hartseer voel. My oupa en ouma onthou altyd my verjaardag! |
| Toe sien Mandla sy oom Tom, tannie Mapula en sy niggie en nefie, Thabo en Nomsa. "Ek wonder wat maak hulle hier?" dink Mandla.<br>Hy wag dat hulle vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê, maar hulle sê net "Hoe gaan dit vandag met almal?"<br>"Agge nee! Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | Niemand wens vir Mandla geluk nie. As ek Mandla was, sou ek nie belangrik of spesiaal gevoel het nie. Ek sou baie hartseer gewees het. |
| Toe sien Mandla sy beste maat, Steve en sy klein sussie. "Ek wonder wat maak hulle hier?" dink Mandla.<br>Hy wag dat hulle vir hom "Gelukkige verjaardag!" sê, maar hulle sê net "Hallo Mandla!"<br>"Agge nee! Hierdie is die slegste verjaardag ooit," dink Mandla. | Dit herinner my, my beste maat het ook een maal my verjaardag vergeet. Ek was baie hartseer. |
| Mandla gaan na sy kamer. "Niemand onthou my verjaardag nie!" dink hy hartseer, "arme ek!"<br>Hy hoor hoe gesels sy ouers en oupa en ouma in die agterplaas. "Hulle gee nie eens om dat ek nie daar is nie!" dink hy. | Mandla kan hoor hoe almal gesels en pret het in die agterplaas. As dit ek was, sou ek dink almal geniet hulleself sonder my. Ek sou dink niemand gee om vir my nie. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe roep Mandla se ma hom. Hy loop na die agterkant van die huis.<br><br>“Verrassing! Verrassing! Gelukkige verjaardag Mandla!” roep sy familie en vriende. | O! Almal maak net asof hul Mandla se verjaardag vergeet het. Toe verras hulle vir Mandla! Dit herinner my toe my pa 60 jaar oud geword het. My ma het vir hom ’n groot verrassingspartytjie beplan. Niemand het hom geluk gewens met sy verjaardag nie. Toe hy tuis kom na werk, het ons almal uitgespring en geskree “Verrassing!” Hy het gedink ons het sy verjaardag vergeet, maar ons wou hom net verras. |
| “Ek het gedink julle het van my verjaardag vergeet!” skree Mandla.<br><br>“Ons het jou regtig verras!” sê Mandla se pa.<br><br>“Kom ons eet koek” sê oupa. | Mandla sien dat almal hard gewerk het om hom te verras. As ek Mandla was, sou ek so spesiaal voel dat my vriende en familie so hard beplan het om vir my spesiale verjaardag te hou. |
| “Maak oop jou presente,” sê Steve. Mandla maak sy presente oop. Hy skree, “Ek wou nog altyd ’n ruimtetuig gehad het!” “Sjoe! Kyk net na hierdie dinosourus!” “Ek wou nog altyd hierdie boek lees!”<br><br>“Hierdie is my beste verjaardag ooit!” dink Mandla. | Mandla lyk baie gelukkig. As ek Mandla was, sou ek so spesiaal voel dat my vriende en familie vir my presente gegee het wat ek rêrig wou hê. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe sal jy voel as jou familie van jou verjaardag vergeet? | Luister na die leerders se stories. |
| Het Mandla se familie regtig sy verjaardag vergeet? | Nee, Mandla se familie het net gemaak of hulle sy verjaardag vergeet het. Hulle wou hom verras. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom is Mandla gelukkig aan die einde van die storie? | • Mandla is gelukkig, want daar is vir hom ’n partytjie gereël.<br>• Mandla is gelukkig, want hy kry presente.<br>• Mandla is gelukkig, want hy kry ’n koek.<br>• Mandla besef niemand het sy verjaardag vergeet nie.<br>• Mandla besef dat almal eintlik vir sy partytjie gekom het.<br>• Mandla weet nou dat sy vriende en familie vir hom omgee en dat hulle lief is vir hom. |

WEEK 3



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 3** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - geskenk
   - dankbaar
   - verlig

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Veels geluk liewe Ouma | *Omhels die maatjie langs jou, en wieg van kant tot kant.* |
| Omdat jy verjaar | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |
| hier's 'n rosie vir Ouma, | *Hou 'n denkbeeldige roos uit na jou maat..* |
| Ek is baie lief vir jou. | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1. Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
   a. In hierdie storie …
   b. As ek Mandla was sou ek gedink het …
   c. Op die einde dink ek Mandla moet voel …
2. Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3. Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4. Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke besprekinsvraag te antwoord.
5. Kry die hele klas se aandag.
6. Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7. Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8. Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag..

| | | |
|---|---|---|
| **Ooi** | **aai** | **R** |
| **T** | **n** | **K** |
| **D** | **l** | **A** |
| **M** | **o** | **I** |

**DEMONSTRASIE**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/ooi/** en **/aai/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/r/** + **/ooi/** = **rooi**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/ooi/** of **/aai/**te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/m/** + **/o/** + **/t/** = **mot**

**LEERDERS DOEN...**

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en Handskrif te skryf: **ooi, aai**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **tooi, nooi, kooi, rooi, laai, taai, draai, rok, mot, kam, dam**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________



## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1 Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan gesels oor iets waarvan hulle in die storie, **'n Vergete verjaarsdag** gehou het:
2 Gee 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 'n 1–2 sin van die storie moet oorvertel waaraan hulle hulself kan verbind, bv.: **Wanneer Mandla** verras voel by sy partytjie, **herinner dit my daaraan toe** my ma my pa verras het.
3 Hou die prentjies van die Grootboek op. Sê aan die leerders om na die prentjies te kyk en te dink aan wat gebeur het.
4 Sê aan leerders dat hulle moet dink waarvan **hulle hou** in die storie en **waarmee hulle hulself kan verbind** in die storie.
5 Vra 2–3 leerders om hul idees te **deel** met die klas. **Help** die leerders om volledige sinne te maak.
6 Verduidelik en korrigeer enige algemene foute aan leerders.
7 Sê aan leerders om om te draai en te praat en hul eie weergawe te deel met 'n maat. ***(Hulle moenie dit wat die juffrou gesê het memoriseer nie. Hierdie moet die leerders se eie idees wees!)***



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 3**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal-oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie sktiwiteit kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self-evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2
# TERMYN 1
# Week 4
# TEMA:
# Verjaarsdag vieringe

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prentjies van rituele verjaarsdae soos ’n Joodse Batmizvah of Barmitzvah, of ’n Spaanse Quinceanera; ’n nuusberig oor iemand wat 100 geword het; ens.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Doen navorsing oor die oudste lewende persoon in die wêreld.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 4, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 5, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 5, Vir die pret

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van jou gunsteling kos om te eet by ’n verjaarsdagpartytjie!

# Maandag

## Verbale aktiwiteite 15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan die leerder die prentjie van Zanele wat uitnodigings vir haar verjaarsdag skryf in die Grootboek storie: Zanele se verjaarsdagpartytjie.
2. Vertel aan leerders dat jul voortgaan met jul tema: Verjaarsdagvieringe.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra die leerders: Wat het julle sovêr geleer omtrent die tema?
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   - **a** Wat is 'n paar verskillende dinge wat gebeur by 'n verjaarsdagpartytjie?
   - **b** Wie kom na 'n verjaarsdagpartytjie?
   - **c** Hoe sal mense voel by 'n verjaarsdagpartytjie?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - uitnooi
   - uitnodiging
   - koevert

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Veels geluk liewe Ouma | *Omhels die maatjie langs jou, en wieg van kant tot kant.* |
| Omdat jy verjaar | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |
| hier's 'n rosie vir Ouma, | *Hou 'n denkbeeldige roos uit na jou maat..* |
| Ek is baie lief vir jou. | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |

## Handskrif

15 minute

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak.
2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a ooi
   b aai
   c rooi
   d kooi
   e swaai
   f draai
3 Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPELLING

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Zanele se verjaarsdagpartytjie.
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor jou droom verjaarsdagviering.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf twee sinne. Hierdie sal deel uitmaak van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

My droom verjaarsdagviering sal … wees.

Ek sal … uitnooi.



#### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor droom verjaarsdagviering.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
3 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: My droom verjaarsdagviering is 'n partytjie by my huis saam met my vriende. Daar sal baie pizza en 'n sjokoladekoek wees!
4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie teken van jouself, by jou huis met al jou vriende.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
6 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi**: My droom verjaarsdagviering sal** by my huis wees. **Ek sal** al my beste vriende **uitnooi.**
7 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
8 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
9 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra leerders: Wat is jou droom verjaarsdagviering?
2 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
3 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
4 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met 'n maat waaroor hulle gaan skryf.
5 Gee aan leerders 2–3 minute om te draai en praat.
6 Vra 3–4 leerders om jou te vertel oor wie of wat hulle gaan skryf.
7 Hulle moet sê: My droom verjaarsdagviering sal..... wees.
8 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

**SKRYFWERK**

**9** Deel **leerders se boeke** uit.
**10** Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
**11** As Vra leerders om **hul skryfwerk te lees.**
**12** Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
**13** Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik**.
**14** Moedig leerders aan.






## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

**1** Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
**2** Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
**3** Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
**4** Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
**5** Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
**6** Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
**7** Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
**8** Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
**9** Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde
15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/eeu/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders: Kan julle dink aan 'n woord met die **/eeu/** klank?
4. Dinkskrum met leerders bv: **sneeu, skreeu, leeu**



### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **spreeu, sneeu, leeu, skreeu, eeu**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Handskrif:
15 minute

## Skyf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1. Leer leerders om die kleinletter(s) en die hoofletter(s) te vorm: **eeu**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4. Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5. Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.

**7** Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

eeu eeu eeu eeu

spreeu spreeu

sneeu sneeu

leeu leeu

skreeu skreeu

eeu eeu

Ons maak 'n sneeuman.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

# Gedeeldelees: 15 Minute

## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: EK WONDER / EK LEI AF

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Dit was amper tyd vir Zanele se agtste verjaardag. Zanele se ma het vir haar gesê sy kan enige tipe partytjie hou. Zanele kon nie besluit wat sy wou doen nie. Sy het soveel idees gehad!<br><br>Eerste het Zanele gedink aan 'n gemaskerde partytjie. Sy het gedink elkeen kon 'n masker dra as vermomming, maar Zanele het nie 'n masker gehad nie. | Zanele kan haar eie tipe partytjie kies. Ek **wonder** watter tipe partytjie sy gaan kies? Ek dink nie sy gaan 'n gemaskerde partytjies kies nie, want sy het self nie 'n goeie masker nie. |
| Volgende dink Zanele daaraan om 'n deftige teepartytjie te hou. Sy dink dat almal deftige klere kan dra en tee uit koppies kan drink, maar Zanele het nie regtig 'n deftige rok nie. Sy hou ook nie regtig van die smaak van tee nie. | Ek **wonder** watter tipe partytjie Zanele gaan kies? Ek dink nie sy gaan 'n deftige teepartytjie kies nie, want sy het nie 'n deftige rok nie. |
| Toe dink Zanele daaraan om 'n lawwe hoedpartytjie te hou. Sy het gedink elkeen kan 'n snaakse hoed dra en laf lyk, maar Zanele het nie 'n snaakse, lawwe hoed nie. | Ek **wonder** watter tipe partytjie Zanele gaan kies? Ek dink nie sy gaan 'n lawwe hoedpartytjie hou sonder 'n snaakse, lawwe hoed nie. |
| Die volgende dag ontvang Zanele 'n pakkie in die pos, dit kom al die pad van haar tannie in Londen af.<br><br>"Kan ek dit oopmaak? Asseblief! Asseblief!" smeek Zanele haar Ma.<br><br>Sy skeur die bruin papier oop en vind 'n nuwe blou swembroek binne in. Dit het 'n geel valletjie onder om. Zanele weet sommer dadelik watter tipe partytjie sy gaan hou. "Mamma,", sê sy, "ek wil 'n strandpartytjie hou!" | O! Ek kan **aflei** dat Zanele besluit het op 'n strandpartytjie, want sy het die regte uitrusting! Sy wil 'n swempartytjie hou sodat sy haar nuwe swembroek kan aantrek. |
| Zanele spandeer die volgende dag om 23 uitnodigings te skryf – een vir elke klasmaat. Sy skryf versigtig die naam van elke klasmaat op 'n blou koevert. | |
| Die volgende oggend word Zanele laat wakker. Sy hardloop na haar kamer toe en gryp die groot hoop uitnodigings van haar lessenaar af. | Ek kan **aflei** dat Zanele baie haastig is, so sy tel nie die uitnodigings so versigtig op nie. Kyk – sy het per ongeluk een van die lessenaar afgestamp. |

WEEK 4

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
|---|---|
| Toe Zanele by die skool kom, neem sy die hopie uitnodigings uit haar skooltas en wys dit vir haar meneer, “Kyk mnr. Thapelo! Ek hou my verjaarsdagpartytjie die naweek! Ek het vir almal uitnodigings!”<br><br>“Ek sal help om hulle uit te deel. Kom ons sit dit op elkeen se skoolbank!” sê mnr. Thapelo. Zanele gee vir hom die helfte van die groot pak. Hulle sit een op elke leerder se skoolbank.<br><br>Nie een van hulle besef dat daar nie ’n koevert vir Rachel is nie. | Agge nee! Ek dink omdat hulle die werk deel kom hulle nie agter daar is een uitnodiging te min nie. Ek **wonder** hoe gaan Rachel voel as sy nie een ontvang nie. |
| Na skool staan Patience, Boitumelo, Michael en Rachel buite saam met Zanele. Patience hou haar uitnodiging in die lug, “ek kan nie wag vir jou partytjie nie!” sê sy, sy waai die uitnodiging rond.<br><br>“Ja! Ek is mal daaroor om in die branders te swem!” sê Michael.<br><br>“Ek het die perfekte swembroek om te dra!” voeg Boitumelo by.<br><br>Rachel rol net haar oë. “swempartytjies is vervelig. Jou partytjie gaan glad nie pret wees nie!” sê sy. Dan, stap sy weg. Zanele se glimlag verflou. Rachel is Zanele se beste maat! Hoe kan sy so iets naar sê! | Ek **wonder** hoekom Rachel dit sê? Ek kan **aflei** dat dit is omdat sy nie ’n uitnodiging na die partytjie gekry het nie, maar al die kinders het! |
| Toe Zanele later by haar kamer inloop sien sy iets blou op die vloer lê. Sy steek haar hand agter haar lessenaar en kry die koevert met Rachel se naam op.<br><br>“Agge nee!” sê Zanele en sy dink weer aan die nare ding wat Rachel gesê het. “Sy moes kwaad gewees het, want sy dink sy is nie genooi nie.” Sy sit die koevert in haar skooltas, sodat sy nie die volgende oggend vergeet nie. | **Ek wonder** wat Rachel gaan sê wanneer Zanele haar uitnodiging vir haar gee. |
| Die volgende oggend gaan soek Zanele vir Rachel. Zanele hou die blou koevert vir Rachel om te sien. “Ek het nie gesien dat dit agter my lessenaar afgeval het nie!”<br><br>Rachel neem die koevert en glimlag.<br><br>“Dink jy regtig swempartytjies is simpel?” vra Zanele<br><br>Rachel se wange raak bloedrooi. “Ek is jammer ek het dit gesê. Ek het gedink jy wil nie hê ek moet na jou partytjie toe kom nie!” sê Rachel.<br><br>“Ek is jammer,” sê Zanele, “jy is my beste maat. My partytjie sal glad nie soveel pret wees sonder jou nie!” | **Ek kan aflei** dat Zanele wil hê Rachel moet weet dit was net ’n fout! Sy wil regtig hê Rachel moet na haar partytjie toe kom. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Zanele by die skool kom, neem sy die hopie uitnodigings uit haar skooltas en wys dit vir haar meneer, "Kyk mnr. Thapelo! Ek hou my verjaarsdagpartytjie die naweek! Ek het vir almal uitnodigings!"<br><br>"Ek sal help om hulle uit te deel. Kom ons sit dit op elkeen se skoolbank!" sê mnr. Thapelo. Zanele gee vir hom die helfte van die groot pak. Hulle sit een op elke leerder se skoolbank.<br><br>Nie een van hulle besef dat daar nie 'n koevert vir Rachel is nie. | Agge nee! Ek dink omdat hulle die werk deel kom hulle nie agter daar is een uitnodiging te min nie. Ek **wonder** hoe gaan Rachel voel as sy nie een ontvang nie. |
| Na skool staan Patience, Boitumelo, Michael en Rachel buite saam met Zanele. Patience hou haar uitnodiging in die lug, "ek kan nie wag vir jou partytjie nie!" sê sy, sy waai die uitnodiging rond.<br><br>"Ja! Ek is mal daaroor om in die branders te swem!" sê Michael.<br><br>"Ek het die perfekte swembroek om te dra!" voeg Boitumelo by.<br><br>Rachel rol net haar oë. "swempartytjies is vervelig. Jou partytjie gaan glad nie pret wees nie!" sê sy. Dan, stap sy weg. Zanele se glimlag verflou. Rachel is Zanele se beste maat! Hoe kan sy so iets naar sê! | Ek **wonder** hoekom Rachel dit sê? Ek kan **aflei** dat dit is omdat sy nie 'n uitnodiging na die partytjie gekry het nie, maar al die kinders het! |
| Toe Zanele later by haar kamer inloop sien sy iets blou op die vloer lê. Sy steek haar hand agter haar lessenaar en kry die koevert met Rachel se naam op.<br><br>"Agge nee!" sê Zanele en sy dink weer aan die nare ding wat Rachel gesê het. "Sy moes kwaad gewees het, want sy dink sy is nie genooi nie." Sy sit die koevert in haar skooltas, sodat sy nie die volgende oggend vergeet nie. | Ek **wonder** wat Rachel gaan sê wanneer Zanele haar uitnodiging vir haar gee. |
| Die volgende oggend gaan soek Zanele vir Rachel. Zanele hou die blou koevert vir Rachel om te sien. "Ek het nie gesien dat dit agter my lessenaar afgeval het nie!"<br><br>Rachel neem die koevert en glimlag.<br><br>"Dink jy regtig swempartytjies is simpel?" vra Zanele<br><br>Rachel se wange raak bloedrooi. "Ek is jammer ek het dit gesê. Ek het gedink jy wil nie hê ek moet na jou partytjie toe kom nie!" sê Rachel.<br><br>"Ek is jammer," sê Zanele, "jy is my beste maat. My partytjie sal glad nie soveel pret wees sonder jou nie!" | Ek **kan aflei** dat Zanele wil hê Rachel moet weet dit was net 'n fout! Sy wil regtig hê Rachel moet na haar partytjie toe kom. |

WEEK 4

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- gee
- ontvang
- verward

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Veels geluk liewe Ouma | *Omhels die maatjie langs jou, en wieg van kant tot kant.* |
| Omdat jy verjaar | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |
| hier's 'n rosie vir Ouma, | *Hou 'n denkbeeldige roos uit na jou maat..* |
| Ek is baie lief vir jou. | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL

**1** Verdeel leerders in hul klein groepe
**2** Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
**3** Herinner die leerders dat hul die vorige week hul eie stories opgemaak het oor die prentjies.
**4** Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk om te besluit op 'n groepstorie.
**5** Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
**6** Roep die klas tot aandag.
**7** Vra 1–2 groepe om hul groepstorie met die klas te deel.
**8** Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

#### BEKENDSTELLING VAN KLANK

**1** Sê die klank en hou die flitskaart op: **/oei/**
**2** Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
**3** Vra aan die leerders: Kan julle dink aan ’n woord met die **/oei/** klank?
**4** Dinkskrum met leerders bv: **groei, koei, bloei**

#### STEL NUWE WOORDE BEKEND

**1** Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: groei, broei, koei, boei, bloei**
**2** Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
**3** Vra leerders om die woorde te herhaal.
**4** Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.



#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

_____________________________________________________

Sin: _________________________________________________

_____________________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s)/woorde/sinne

**1** Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **oei**
**2** Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
**3** Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
**4** Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
**5** Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
**6** Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
**7** Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

oei oei oei oei

groei groei

broei broei

koei koei

boei boei

bloei bloei

Die hen broei op haar eiers.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor jou droom verjaarsdagviering.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en voeg twee sinne by. Dit sal deel uitmaak van ’n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

My droom verjaarsdagviering sal wees …

Ek sal … uitnooi.

Ons sal … eet.

No sal xxx…



**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag twee sinne gaan byvoeg by die skryfwerk van Maandag.
2 Vandag gaan hulle dink oor wat hulle gaan eet en speel by die partytjie wat hulle Maandag geskryf het.
3 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik sommige idees wat jy het om die skryfraamwerk in te vul, bv.: Ek sal graag pizza en verjaardagkoek wil eet. Ek sal daarvan hou as almal lekker speletjies saam speel.
6 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, soos: Jouself, wat agter ’n groot sjokoladekoek sit..
7 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke woord.**
8 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi, bv.: **Ons gaan** pizza en sjokoladekoek **eet! Ons gaan** soveel pret hê met die speletjies wat ons gaan speel.
9 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat hulle ken op die swartbord.**
10 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
11 **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan ’n droom verjaarsdagviering.
2 Vandag gaan ons sinne by ons skryfwerk voeg.
3 Vra leerders: Wat wil jy graag by jou droom verjaarsdagviering eet? Wat wil jy graag doen?
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul droom verjaarsdagviering.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om te draai en te praat.
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel wat hulle wil eet, en wat hulle graag wil doen.
9 Hulle moet sê: <u>Ons sal.... eet.</u> <u>Ons sal</u>.....
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik**.**
6 **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit.
2 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Stel ’n boek saam van al die leerders se werk vir die week. Plaas dit in die leeshoekie waar die leerders dit kan lees in hul onafhanklike leestyd.*



My droom verjaardsdag viering sal 'n sokker partytjie wees. Ek sal al my vriende en familie nooi.

Ons sal koek eet! Ons sal die heeldag sokker speel.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **leeu**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/l/ – /eeu/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/l/**
5 Sê die endklank van die woord: **/eeu/**
6 Skryf die woord op die swartbord: **leeu**
7 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/l/ + /eeu/ = leeu**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **koei**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **sneeu**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/sn/**
4 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/eeu/**
5 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/sn/ + /eeu/**
6 Skryf die woord: **sneeu**
7 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/sn/ + /eeu/ = sneeu**
8 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **groei**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: 15 minute

## Herhaalde lees

**LEESSTRATEGIEË: EK WONDER / EK LEI AF**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Dit was amper tyd vir Zanele se agtste verjaardag. Zanele se ma het vir haar gesê sy kan enige tipe partytjie hou. Zanele kon nie besluit wat sy wou doen nie. Sy het soveel idees gehad!<br><br>Eerste het Zanele gedink aan 'n gemaskerde partytjie. Sy het gedink elkeen kon 'n masker dra as vermomming, maar Zanele het nie 'n masker gehad nie. | Zanele moet baie spesiaal voel, want sy kan enige tipe partytjie kies. |
| Volgende dink Zanele daaraan om 'n deftige teepartytjie te hou. Sy dink dat almal deftige klere kan dra en tee uit koppies kan drink, maar Zanele het nie regtig 'n deftige rok nie. Sy hou ook nie regtig van die smaak van tee nie. | |
| Toe dink Zanele daaraan om 'n lawwe hoedpartytjie te hou. Sy het gedink elkeen kan 'n snaakse hoed dra en laf lyk, maar Zanele het nie 'n snaakse lawwe hoed nie. | |
| Die volgende dag ontvang Zanele 'n pakkie in die pos, dit kom al die pad van haar tannie in Londen af.<br><br>"Kan ek dit oopmaak? Asseblief! Asseblief!" smeek Zanele haar Ma.<br><br>Sy skeur die bruin papier oop en vind 'n nuwe blou swembroek binne in. Dit het 'n geel valletjie onder om. Zanele weet sommer dadelik watter tipe partytjie sy gaan hou. "Mamma,", sê sy, "ek wil 'n strandpartytjie hou!" | Ek kan **aflei** dat Zanele se tannie vir haar 'n pakkie vir haar verjaardag gestuur het. Ek kan **aflei** dat Zanele baie opgewonde is – sy wil nie eers wag om die pakkie oop te maak nie. |
| Zanele spandeer die volgende dag om 23 uitnodigings te skryf – een vir elke klasmaat. Sy skryf versigtig die naam van elke klasmaat op 'n blou koevert. | Ek kan **aflei** dat Zanele opgewonde is oor haar partytjie, want sy skryf elke uitnodiging pragtig neer – dit alles in een aand! |
| Die volgende oggend word Zanele laat wakker. Sy hardloop na haar kamer toe en gryp die groot hoop uitnodigings van haar lessenaar af. | Ek kan **aflei** dat Zanele nie gesien het hoe Rachel se uitnodiging geval het nie. Agge nee! Ek onthou dat dit vir Rachel later in die storie baie ontstel het. |
| Toe Zanele by die skool kom, neem sy die hopie uitnodigings uit haar skooltas en wys dit vir haar meneer, "Kyk mnr. Thapelo! Ek hou my verjaarsdagpartytjie die naweek! Ek het vir almal uitnodigings!" | |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| “Ek sal help om hulle uit te deel. Kom ons sit dit op elkeen se skoolbank!” sê mnr. Thapelo. Zanele gee vir hom die helfte van die groot pak. Hulle sit een op elke leerder se skoolbank.<br><br>Nie een van hulle besef dat daar nie ’n koevert vir Rachel is nie. | |
| Na skool staan Patience, Boitumelo, Michael en Rachel buite saam met Zanele. Patience hou haar uitnodiging in die lug, “ek kan nie wag vir jou partytjie nie!” sê sy, sy waai die uitnodiging rond.<br><br>“Ja! Ek is mal daaroor om in die branders te swem!” sê Michael.<br><br>“Ek het die perfekte swembroek om te dra!” voeg Boitumelo by.<br><br>Rachel rol net haar oë. “swempartytjies is vervelig. Jou partytjie gaan glad nie pret wees nie!” sê sy. Dan, stap sy weg. Zanele se glimlag verflou. Rachel is Zanele se beste maat! Hoe kan sy so iets naar sê! | Almal praat oor hoe lekker Zanele se partytjie gaan wees! Rachel dink sy is nie genooi nie. Ek kan **aflei** Rachel sê dit omdat sy nie ’n uitnodiging ontvang het nie. |
| Toe Zanele later by haar kamer inloop sien sy iets blou op die vloer lê. Sy steek haar hand agter haar lessenaar en kry die koevert met Rachel se naam op.<br><br>“Agge nee!” sê Zanele en sy dink weer aan die nare ding wat Rachel gesê het. “Sy moes kwaad gewees het, want sy dink sy is nie genooi nie.” Sy sit die koevert in haar skooltas, sodat sy nie die volgende oggend vergeet nie. | Zanele besef nou eers dat Rachel nie ’n uitnodiging gekry het soos almal anders nie! Sy kan nou **aflei** dat Rachel iets naar gesê het, want sy het seergemaak en uitgesluit gevoel! |
| Die volgende oggend gaan soek Zanele vir Rachel. Zanele hou die blou koevert vir Rachel om te sien. “Ek het nie gesien dat dit agter my lessenaar afgeval het nie!”<br><br>Rachel neem die koevert en glimlag.<br><br>“Dink jy regtig swempartytjies is simpel?” vra Zanele<br><br>Rachel se wange raak bloedrooi. “Ek is jammer ek het dit gesê. Ek het gedink jy wil nie hê ek moet na jou partytjie toe kom nie!” sê Rachel.<br><br>“Ek is jammer,” sê Zanele, “jy is my beste maat. My partytjie sal glad nie soveel pret wees sonder jou nie!” | O! Rachel het net ’n nare ding oor Zanele se partytjie, gesê, want sy w ontsteld. Sy het dit nie regtig gedink nie, soms wanneer ons kwaad of ontsteld is sê ons dinge wat ons nie regtig bedoel nie. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Watter tipe partytjie het Rachel besluit om te hou? | Sy het besluit op ’n strandpartytjie. |
| Wat was die nare ding wat Rachel gesê het? | Sy het gesê swempartytjies is vervelig en dat Zanele se partytjie nie pret gaan wees nie. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Rachel gesê swempartytjies is simpel? | • Sy het gedink sy is nie na die partytjie genooi nie.<br>• Sy het nie ’n uitnodiging ontvang nie.<br>• Sy was ontsteld omdat sy nie ’n uitnodiging ontvang het nie.<br>• Almal anders het ’n uitnodiging ontvang behalwe sy.<br>• Sy het iets naar gesê omdat sy kwaad was.<br>• Sy het dit net gesê omdat sy ontsteld was.<br>• Soms wanneer ons kwaad is sê ons dinge wat nie waar is nie. |





## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vra om verskoning
- per ongeluk
- fout

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| Veels geluk liewe Ouma | *Omhels die maatjie langs jou, en wieg van kant tot kant.* |
| Omdat jy verjaar | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |
| hier's 'n rosie vir Ouma, | *Hou 'n denkbeeldige roos uit na jou maat..* |
| Ek is baie lief vir jou. | *Omhels die maatjie langs jou en wieg van kant tot kant.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
 a In hierdie storie …
 b Ek dink (Rachel / Zanele) was verkeerd, want …
 c Ek dink hierdie storie leer ons dat …
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepe.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord van vorige klanke wat geleer is, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag..

| Eeu | oei | r |
|---|---|---|
| T | N | k |
| B | L | a |
| S | O | i |

**DEMONSTRASIE**

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/eeu/**en **/oei/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/l/** + **/ eeu/= leeu**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/eeu/** of **/oei/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/s/** + **/o/** + **/n/** = **son**

**LEERDERS DOEN...**

1 Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en die Handskrif te skryf: **/eeu/, oei**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **sneeu, leeu, skreeu, eeu, broei, koei, boei, bloei, rok, son, kar, nat**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

WEEK 4

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**

1. Skryf die volgende opskrif, vrae en beginsinne op die swartbord voordat die les begin.
2. Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik hul indien nodig.
3. Sê aan leerders om om te draai en te praat en die vrae met ’n maat te bespreek.
4. Nou moet die leerders hul boeke oopmaak, die datum en opskrif skryf, en die antwoorde op die vrae skryf.
5. In die laaste vyf minute van die les, gaan deur die antwoorde met die leerders en laat hul toe om hul eie werk te korrigeer.

**ZANELE SE VERJAARSDAGPARTYTJIE**

1. Watter tipe partytjie het Zanele besluit om te hê?
   ***Zanele heet besluit om…***
2. Hoe het Zanele afgelei dat Rachel kwaad was?
   ***Zanele het afgelei dat Rachel kwaad was…***
3. Wat het Zanele agter haar lessenaar gekry?
   ***Zanele het …………agter haar lessenaar gekry..***

**ZANELE SE VERJAARSDAGPARTYTJIE**

1. Watter tipe partytjie het Zanele besluit om te hê?
   ***Zanele het besluit om ’n swempartytjie te hou.***
2. Hoe het Zanele afgelei dat Rachel kwaad was??
   ***Zanele het afgelei dat Rachel kwaad was omdat sy ’n gemene ding gesê het oor die partytjie.***
3. Wat het Zanele agter haar lessenaar gekry?
   ***Zanele het ’n blou koevert/Rachel se uitnodiging agter haar lessenaar gekry.***



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ___________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 4**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.





## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 1

# Week

# 5

# TEMA:

## Vervoermiddels

## Voorbereiding van Klaskamer

1 Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2 Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3 Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4 Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prentjies van vliegtuie, bote, karre, vragmotors en fietse; speelgoed vragmotors en karre; ’n ou bus-, trein – of vliegtuigkaartjie; ens.
5 Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld:: Vind uit oor die verskillende snelhede waarteen treine beweeg; of kyk hoeveel ’n vliegtuigkaartjie van jou naaste stad na New York of Sjanghai kos.
6 Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7 Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 6, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 7, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 8, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van die vorm van vervoer wat jy die meeste gebruik.

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan leerders die prentjie van Chuck die geel tiplorrie in die Grootboek storie Chuck die lorrie.
2. Vertel aan leerders die jul 'n nuwe tema begin wat Vervoermiddels genoem word.
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Watter tipes vervoermiddels ken ons?
   b. Watter tipes vervoermiddels word algemeen in ons gemeenskap gebruik?
   c. Wanneer gebruik jy verskillende vorms van vervoer?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - vervoer
   - algemeen
   - seldsaam

| Rympie of Liedjie | Aksies |
|---|---|
| So ry die trein, 2X Kimberley se trein 2X | *Leerlinge staan in rye en haak arms bymekaar in om 'n wiel te vorm. Beweeg arms om die beweging van wiele na te boots* |
| Hoor daar hoe (stoom hy), 3X | *Maak arms los van mekaar. Maak blaasgeluide om stoom na te boots.* |
| Opdraand en Afdraand, | *Buig liggaam vorentoe en agter toe om opdraande en afdraande na te boots.* |
| Kimberley se trein. | *Sing saam Kimberley se trein.* |

# Maandag

## Handskrif

15 minute

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak.
2. Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** eeu
   - **b** oei
   - **c** spreeu
   - **d** skreeu
   - **e** groei
   - **f** koei
3. Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Chuck die lorrie
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Maak 'n lys van jou gunsteling tipes vervoer.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en maak 'n lys

**SKRYFRAAMWERK:**

My gunsteling tipes vervoer:

**1** _____

**2** _____

**DEMONSTREER**

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor **hul gunsteling tipes vervoer.**
2. Verduidelik dat dit vervoermiddele kan wees wat hul reeds gebruik het, of die tipes vervoer wat hulle graag wil gebruik (maar nog nooit het nie!)
3. Lees die skryfraamwerk aan die leerders voor.
4. Wys na die **opskrif** (***My gunsteling tipe vervoer***). Verduidelik dat die opskrif aan ons vertel waaroor die lys gaan.
5. Verduidelik dat ons vandag 'n lys gaan maak. Dit beteken dat ons ons twee van ons gunsteling vervoermiddele gaan kies en elkeen op 'n lyn, langs 'n nommer gaan skryf.
6. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
7. Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek hou van vliegtuie omdat ek hulle altyd in die lug sien. Ek hou ook van taxi's omdat hulle my na baie plekke neem om vir my familie te gaan kuier.
8. **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie teken van elke item wat jy by jou lys gaan voeg.
9. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
10. **Demonstreer** hoe om die eerste item op die lys te voltooi: **E**k hou van vliegtuie omdat hulle in die lug vlieg.
11. Demonstreer hoe om die tweede item op die lys te voltooi: **E**k hou van taxi omdat hulle my na my familie neem.
12. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
13. **Gebruik hulpbronne**, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
14. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra aan leerders: Wat is jou gunsteling tipe van vervoer?
2 Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
3 Vra 2–3 leerders om jou te vertel van een van hul gunsteling tipes van vervoer.
4 Hulle moet sê Ek hou van..... want......
5 Verduidelik aan die leerders dat hulle nou 'n lys gaan maak van hul gunsteling tipes van vervoer.

## SKRYFWERK

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te **vertel van hul skryfwerk**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik.**
6 Moedig leerders aan.



My gunsteling tipes van vervoer is:
1. Ek hou van trëine omdat hulle oulik is.
2. Ek hou van sportmotors omdat hulle vinning is



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde

15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/kr/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle dink aan woorde wat met die **/kr/** klank begin?
4 Dinkskrum met leerders bv: **krap, kreun, krop**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **kraan, krap, kreun, krop, kreef**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

Sin: _______________________________________________

____________________________________________________

## Handskrif:

15 minute

## Skyf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1 Leer leerders om kleinletter(s) en hoofletter(s) te vorm: **kr**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.

**7** Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

kr kr kr kr

kraan kraan

krap krap

kreun kreun

krop krop

kreef kreef

Draai die kraan toe om water te spaar.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees:

15 Minute

## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: MAAK KONNEKSIES

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Chuck was 'n klein geel tiplorrie. Eendag met 'n vrag vol stene, ry Chuck op die groot pad. | -- |
| Chuck sien 'n vinnige blou trein wat verbysnel. "Ek wens ek was so vinnig soos 'n trein," dink Chuck.<br><br>Chuck sien 'n groot oranje bus wat verbyry. "Ek wens ek was so groot soos 'n bus," dink Chuck. | Chuck is jaloers oor hoe vinnig trein kan ry. Dit herinner my hoe graag ek vinniger as my maat Busi wou hardloop met ons sportdag. |
| Chuck sien 'n groot blink wit vliegtuig wat hoog in die lug vlieg. "Ek wens ek was blink soos 'n vliegtuig," dink Chuck.<br><br>Chuck sien 'n pragtige rooi lorrie op die pad. "O, ek wens ek was so pragtig soos daardie rooi lorrie," dink Chuck. | Chuck wil blink soos die vliegtuig. Hy voel jaloers. Dit herinner my hoe ek altyd blink skoene aan die begin van die jaar wou hê, net soos die ander leerders. Ek het altyd jammer vir myself gevoel omdat ek my suster se ou gebruikte skoene moes dra. |
| Chuck sien 'n heldergroen boot wat vinnig in die rivier afjaag. "Ek wens ek was so helder soos daardie groen boot," dink Chuck. | Chuck wil helder en pragtig wees, soos die boot en die lorrie. Dit herinner my hoe ek jaloers gevoel het oor my suster se helder en pragtige baadjie. Ek wou een soos sy gehad het. Ek wou nie meer my ou baadjie hê nie. |
| Chuck sien 'n spoggerige, nuwe rooi sportmotor. "Ek wens ek was so spoggerig soos daardie nuwe sportmotor," dink Chuck. | -- |
| Chuck staan by die riviere en voel hartseer. "Almal anders is vinniger, of groter of meer spoggerig as ek!" dink Chuck hartseer. "Ek is so klein. Ek is so stadig. Ek is met niks goed nie!" dink hy. | Chuck voel jaloers oor wat ander mense het, hy besef nie al die goeie dinge van homself nie. Dit herinner my, soms sien ek mense met nuwe klere of nuwe skoene. Dan wens ek ook dat ek dit kon hê. |
| Skielik sien Chuck hoe 'n seuntjie in die rivier val.<br><br>"Help! Help!" skree die seuntjie. "Iemand help my asseblief! Wie kan my help?"<br><br>"Ek kan nie," sê die trein. "Ek ry te vinnig om te stop."<br><br>"Ek kan nie," sê die bus. "Ek mag net by bushaltes stop."<br><br>"Ons kan nie," sê die lorrie en die sportmotor. "Ons kan nie in die water ingaan nie."<br><br>"Ek kan nie," sê die vliegtuig. "Ek is te hoog."<br><br>"Ek kan nie," sê die boot. "Die wind waai te sterk om om te draai." | Chuck hoor almal sê "Ek kan nie!" Ek wonder of hy net soos hulle sal wees en ook sal sê "Ek kan nie!" |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Help! | -- |
| Chuck kan nie in die water ingaan nie, maar Chuck is slim en hy het 'n blink plan!<br>"Ek sal jou help!" sê klein Chuck. Hy tip sy vrag stene uit en laat sak die tipbak in die water, sodat die seuntjie uit die water kan klim. "Dankie!" skree die seuntjie. "Ek is veilig!" | -- |
| "Dankie jou dapper geel lorrie!" sê die seuntjie.<br>Chuck ry huis toe nadat hy die seuntjie gered het. "Ek mag dalk nie so groot of so vinnig of so pragtig wees nie," dink Chuck, maar ek is ook belangrik! Ek hou van myself net soos ek is." | O! Nou voel Chuck nie meer jaloers nie, hy kan nou al die dinge wat hy in homself van hou waardeer! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wat is Chuck? | Chuck is 'n klein geel tiplorrie. |
| Wat wil Chuck graag wees? | • 'n vinnige trein<br>• 'n groot bus<br>• 'n blink vliegtuig<br>• 'n pragtige lorrie<br>• 'n helder boot<br>• 'n nuwe, spoggerige sportmotor |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Chuck by die rivier gestaan en jammer vir homself gevoel? | • Omdat hy gewens het hy is groot.<br>• Omdat hy gewens het hy is vinnig.<br>• Omdat hy gewens het hy blink.<br>• Omdat hy gewens het hy is helder.<br>• Omdat hy gewens het hy kan vlieg.<br>• Omdat hy gewens het hy kan in die water ingaan.<br>• Omdat hy gewens het hy was soos die ander vervoermiddels wat hy gesien het. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **die Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- onseker
- jaloers
- waardeer

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| So ry die trein, 2X Kimberley se trein 2X | *Leerlinge staan in rye en haak arms bymekaar in om 'n wiel te vorm. Beweeg arms om die beweging van wiele na te boots* |
| Hoor daar hoe (stoom hy), 3X | *Maak arms los van mekaar. Maak blaasgeluide om stoom na te boots.* |
| Opdraand en Afdraand, | *Buig liggaam vorentoe en agter toe om opdraande en afdraande na te boots.* |
| Kimberley se trein. | *Sing saam Kimberley se trein.* |



### KREATIEWE STORIE VERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepe
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/kn/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle dink aan woorde wat met die **/kn/** klank begin?
4 Dinkskrum met leerders bv: **knaap, knoop, kneus**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: knoei, kneus, knoop, knor, knaap**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________

Sin: ____________________________________________

____________________________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s)/woorde/sinne

1 Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **kn**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4 Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5 Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7 Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

kn kn kn kn

knoei knoei

kneus kneus

knoop knoop

knor knor

knaap knaap

Mamma werk 'n knoop aan
my hemp.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Maak 'n lys van jou gunsteling tipes van vervoer.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en maak 'n lys deur van kommas te gebruik

**SKRYFRAAMWERK:**

My gunsteling tipes van vervoer:
**1** _____
**2** _____
**3** _____

Ek hou van _____, _____, en _____.

**DEMONSTREER**

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2. Vandag gaan hul een item byvoeg by hul lys van vervoermiddels wat hulle Maandag begin het.
3. Nou gaan hulle die lys skryf in 'n sin, deur kommas gebruik.
4. Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
5. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
6. Verduidelik van die idees wat jy het om die nuwe dele van die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek hou ook daarvan om te loop en hardloop. Ek gaan dit bysit as my ander gunsteling tipe van vervoer!
7. **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, soos: Ek hou van loop omdat ek dit enige tyd kan doen, heel op my eie.
8. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek 'n streep vir elke woord**.**
9. **Demonstreer** hoe om die derde item op die lys te voltooi: **3.** xxx.
10. **Demonstreer** hoe om die laaste sin van die skryfraamwerk te voltooi. Verduidelik dat die laaste sin 'n verskillende tipe lys is. Ons moet drie tipes van vervoer kies en hul op die lys neerskryf. Verduidelik dat 'n komma en die woord 'en' die woorde op die ly van mekaar skei, bv.: Ek hou van vliegtuie, taxi's en om te hardloop.
11. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat hulle ken op die bord.**
12. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om hulle te help met woorde waarmee hulle sukkel.
13. **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1 Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan ons gunsteling tipes vervoer.
2 Vandag gaan ons die lys aanvul.
3 Vra leerders: Watter ander tipes van vervoer hou jy van?.
4 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met 'n maat oor die tipes vervoer op hul lys.
7 Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8 Vra 3–4 leerders om jou te vertel watter drie tipes van vervoer hulle gekies het.
9 Hulle moet sê: <u>Ek hou van....,..... en......</u>
10 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1 **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou daartoe **byvoeg**!
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6 **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1 Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit.
2 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



My gunsteling tipes van vervoer is:
1. Ek hou van treine omdat hulle oulik is.
2. Ek hou van sportmotors omdat hulle vinning is
3. Ek hou van vliegtuie omdat hulle in die lug vlieg.
Ek hou van treine, sportmotors en vliegtuie.

## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

## Verdeling en Verbindig

### EK DOEN...

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **kreun**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/kr/ – /eu/ – /n/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/kr/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/eu/**
6 Sê die endklank van die woord: **/n/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **kreun**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/kr/** + **/eu/** + **/n/** = **kreun**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **knoei**

### ONS DOEN...

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **krop**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/kr/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/o/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/p/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/kr/** + **/o/** + **/p/**
7 Skryf die woord: **krop**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/kr/** + **/o/** + **/p/** = **krop**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **knor**

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

WEEK 5

## Gedeeldelees: 15 minute

## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: MAAK KONNEKSIES

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Chuck was 'n klein geel tiplorrie. Eendag met 'n vrag vol stene, ry Chuck op die groot pad. | |
| Chuck sien 'n vinnige blou trein wat verbysnel. "Ek wens ek was so vinnig soos 'n trein," dink Chuck.<br><br>Chuck sien 'n groot oranje bus wat verbyry. "Ek wens ek was so groot soos 'n bus," dink Chuck. | Chuck voel onseker oor homself. Dit herinner my hoe ek voel as iemand beter as ek lees. Dit laat my onseker voel, dat ek nie goed genoeg is nie. |
| Chuck sien 'n groot blink wit vliegtuig wat hoog in die lug vlieg. "Ek wens ek was blink soos 'n vliegtuig," dink Chuck.<br><br>Chuck sien 'n pragtige rooi lorrie op die pad. "O, ek wens ek was so pragtig soos daardie rooi lorrie," dink Chuck. | -- |
| Chuck sien 'n heldergroen boot wat vinnig in die rivier afjaag. "Ek wens ek was so helder soos daardie groen boot," dink Chuck. | -- |
| Chuck sien 'n spoggerige, nuwe rooi sportmotor. "Ek wens ek was so spoggerig soos daardie nuwe sportmotor," dink Chuck. | Chuck voel onseker, dat almal anders beter as hy is. Dit laat my dink aan 'n keer wat ek my atletiekresies verloor het. Ek was heel laaste. Ek het so stadig gevoel. Ek het gewens ek was iemand anders. Ek het so sleg gevoel oor myself. |
| Chuck staan by die riviere en voel hartseer. "Almal anders is vinniger, of groter of meer spoggerig as ek!" dink Chuck hartseer. "Ek is so klein. Ek is so stadig. Ek is met niks goed nie!" dink hy. | -- |
| Skielik sien Chuck hoe 'n seuntjie in die rivier val.<br><br>"Help! Help!" skree die seuntjie. "Iemand help my asseblief! Wie kan my help?"<br><br>"Ek kan nie," sê die trein. "Ek ry te vinnig om te stop."<br><br>"Ek kan nie," sê die bus. "Ek mag net by bushaltes stop."<br><br>"Ons kan nie," sê die lorrie en die sportmotor. "Ons kan nie in die water ingaan nie."<br><br>"Ek kan nie," sê die vliegtuig. "Ek is te hoog."<br><br>"Ek kan nie," sê die boot. "Die wind waai te sterk om om te draai." | -- |
| Help! | -- |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Chuck kan nie in die water ingaan nie, maar Chuck is slim en hy het 'n blink plan!<br>"Ek sal jou help!" sê klein Chuck. Hy tip sy vrag stene uit en laat sak die tipbak in die water, sodat die seuntjie uit die water kan klim. "Dankie!" skree die seuntjie. "Ek is veilig!" | O! Chuck het 'n blink plan. Chuck het iets gedoen wat niemand anders kon doen nie. As ek Chuck was, sou dit my minder onseker laat voel het. |
| "Dankie jou dapper geel lorrie!" sê die seuntjie.<br>Chuck ry huis toe nadat hy die seuntjie gered het. "Ek mag dalk nie so groot of so vinnig of so pragtig wees nie," dink Chuck, maar ek is ook belangrik! Ek hou van myself net soos ek is." | Chuck besef hy is net so spesiaal en belangrik op sy eie manier. Dit herinner my hoe ek gevoel het nadat ek die spelkompetisie gewen het. Ek het so goed oor myself gevoel! Toe ek goed en slim gevoel het, wou ek niemand anders as myself wees nie. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie het Chuck gered? | Hy het 'n seuntjie wat in die rivier geval het gered. |
| Wat het die seuntjie vir Chuck gesê nadat hy hom gered het? | Hy het "baie dankie" gesê en Chuck dapper genoem. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom besluit Chuck aan die einde van die storie dat hy belangrik is? | • Omdat hy 'n blink plan gehad het.<br>• Omdat hy iets kon doen wat niemand anders kon doen nie.<br>• Omdat hy die enigste een was wat die seuntjie kon red.<br>• Omdat hy goed gevoel het oor wat hy gedoen het.<br>• Omdat hy besef het hy is spesiaal op sy eie manier. |





## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 5** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vragmotor
- spoed
- blink

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| So ry die trein, 2X Kimberley se trein 2X | *Leerlinge staan in rye en haak arms bymekaar in om 'n wiel te vorm. Beweeg arms om die beweging van wiele na te boots* |
| Hoor daar hoe (stoom hy), 3X | *Maak arms los van mekaar. Maak blaasgeluide om stoom na te boots.* |
| Opdraand en Afdraand, | *Buig liggaam vorentoe en agter toe om opdraande en afdraande na te boots.* |
| Kimberley se trein. | *Sing saam Kimberley se trein.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
   a Chuck die lorrie gaan oor …
   b Ek hou daarvan wanneer …
   c Hierdie storie leer my dat …
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepies.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige klanke geleer, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag..

| | | |
|---|---|---|
| **kr** | **kn** | **r** |
| **t** | **n** | **eu** |
| **b** | **p** | **a** |
| **S** | **o** | **i** |

**DEMONSTRASIE**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/kr/**en **/kn/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om 'n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/kr/**+ **/a/**+ **/p/** = **krap**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/kr/** of **/kn/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om 'n ander woord te maak, bv: **/p/** + **/a/** + **/n/** = **pan**

**LEERDERS DOEN...**

1. Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opHandskrif te skryf: **kr, kn**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **kraan, krap, kreun, krop, kneus, knoop, knor, knaap, son, nat, sop, sap, pit**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

WEEK 5



## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**VERBALE OORVERTEL VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat hulle gaan gesels oor iets waarvan hulle in die storie, **Chuck die lorrie** gehou het:
2. Gebruik 'n demonstrasie om te wys hoe leerders 'n 1–2 sin van die storie moet oorvertel waaraan hulle hulself kan verbind, bv.: **Wanneer Chuck** jaloers voel oor die blink vliegtuig, **herinner dit my aan** toe ek jaloers was op my suster se nuwe skoene.
3. Hou die prentjies van die Grootboek op. Sê aan die leerders om na die prentjies te kyk en te dink aan wat gebeur het.
4. Sê aan leerders dat hulle moet dink waarvan **gehou het** in die storie en **waarmee hulle hulself kan verbind** in die storie.
5. Vra 2–3 leerders om hul idees te **deel** met die klas. **Help** die leerders om volledige sinne te maak.
6. Verduidelik en korrigeer enige algemene foute aan leerders.
7. Sê aan leerders om om te draai en te praat en hul eie weergawe te deel met 'n maat. (Hulle moet nie die ***dit wat die juffrou gesê het memoriseer nie. Hierdie moet die leerders se eie idees wees!)***



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 5**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit** 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1. Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2. Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3. Onthou om die leerders toe te laat om om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4. Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   - a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   - b **Watter stories het ons saam gelees?**
   - c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   - d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   - e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   - f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   - g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   - h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5. Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 1

# Week 6

# TEMA:

## Vervoermiddels

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: 'n prentjie of koerant artikel oor 'n langafstand atleet; prentjies oor vervoer deur die geskiedenis, bv. trems; warmlugballonne; ens.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: kyk 'n video oor Haile Gebreselassie https: //www.youtube.com/watch?v=Jcep4XI7lvM
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 9, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 10, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 11, Ons skyrf

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van toe jy onseker gevoel het soos Chuck die lorrie.

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan die leerder die eerste/tweede/ens. prentjies van die Grootboek storie: Haile Gebrselassie: 'n hardlopende superster!
2. Vertel aan leerders dat jul voortgaan met jul tema: Vervoermiddels
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra die leerders: Wat het julle sovêr geleer omtrent die tema?
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Wat is woorde wat ons kan gebruik om verskillende vorms van vervoermiddels te beskryf?
   b. Watter tipes vervoermiddels is skaars in ons gemeenskap?
   c. Wat is die funksies van verskillende tipes vervoermiddels?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - vervoer
   - roete
   - stamperig
   - steil

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| So ry die trein, 2X Kimberley se trein 2X | *Leerlinge staan in rye en haak arms bymekaar in om 'n wiel te vorm. Beweeg arms om die beweging van wiele na te boots* |
| Hoor daar hoe (stoom hy), 3X | *Maak arms los van mekaar. Maak blaasgeluide om stoom na te boots.* |
| Opdraand en Afdraand, | *Buig liggaam vorentoe en agter toe om opdraande en afdraande na te boots.* |
| Kimberley se trein. | *Sing saam Kimberley se trein.* |

WEEK 6

## Handskrif
15 minute

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak.
2. Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   a. kn
   b. kr
   c. knoop
   d. kneus
   e. kraan
   f. kreef
3. Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:
15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPELLING**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Haile Gebrselassie: ’n hardlopende superster!
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor die tipe vervoer wat jy gebruik om na en van die skool te kom.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en skryf twee sinne. Hierdie sal deel uitmaak van ’n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek kom by die skool deur …

My roete is …

#### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor hoe hulle by die skool kom.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
3 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek kom by die skool met ’n kar. Ek bestuur self.
4 **Demonstreer** hoe jy ’n prentjie teken van hoe jy jou kar bestuur, en in die verkeer sit.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke woord.**
6 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi**:** **Ek kom by die skool** met ’n kar. **My roete** is besig en het baie verkeer!
7 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
8 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
9 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra leerders: Watter tipe vervoer gebruik jy om by die skool te kom? Hoe lyk die roete na die skool?
2 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
3 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
4 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat waaroor hulle gaan skryf.
5 Gee aan leerders 2–3 ominute om te draai en praat.
6 Vra 3–4 leerders om jou te vertel oor wie of wat hulle gaan skryf.
7 Hulle moet sê: Ek kom by die skool deur.... My roete is....

8 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

**SKRYFWERK**

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 As Vra leerders om **hul skryfwerk te lees.**
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik**.
6 Moedig leerders aan.






## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ____________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde 15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/pl/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle dink aan woorde wat die **/pl/** klank begin?
4 Dinkskrum met leerders bv: **plaas, plaak, plant**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **plaas, ploeg, plaak, plant, pluis**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________



## Handskrif: 15 minute

## Skyf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1 Leer leerders om kleinletter(s) en hoofletter(s) te vorm: **pl**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.

**7** Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

pl pl pl pl

plaas plaas

ploeg ploeg

plaak plaak

plant plant

pluis pluis

Boer Jan ploeg op sy plaas.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ________________________________________

Woorde: ________________________________________

# Gedeeldelees:

15 Minute

## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Haile Gebrselassie is een van die beste langafstandatlete van alle tye. Ethiopië is 'n land wat bekend is vir hulle beroemde en ongelooflike atlete. Selfs tussen al hierdie sterre staan Haile kop en skouers bo die ander uit! | |
| Haile het grootgeword op 'n plaas in 'n landelike gebied van Ethiopië wat die Oromia streek genoem word. Haile se gehardloop het begin as 'n manier om by die skool te kom. Hy het 10 kilometer kaalvoet skool toe gehardloop met sy skoolboeke onder sy arm. Hy het dieselfde kilometers weer in die aand teruggehardloop. Vir die res van sy loopbaan as atleet, het Haile met sy linkerarm krom gehardloop, asof hy steeds sy skoolboeke vashou. | Ek kan myself **voorstel** hoe klein Haile in die warm son hardloop, terwyl hy sy stapel boeke vashou. |
| In 1980, toe Haile sewe jaar oud was, het hy gehoor hoe die mense in sy dorpie praat van die Olimpiese Spele en van 'n ongelooflike atleet met die naam Miruts Yifter. Haile het besluit hy wil hoor hoekom die mense so opgewonde is oor hierdie man. Haile het sy pa se radio gesteel en in die veld gaan sit daarmee. Hy het geluister na die radiokommentaar van elke resies waarin Miruts Yifter gehardloop het by die Olimpiese Spele. Uiteindelik het hy die kommentaar gehoor van die resies waarin Miruts die goue medalje gewen het! | Ek kan myself **voorstel** hoe klein Haile juig wanneer Miruts Yifter oor die wenstreep hardloop. Hy hoor ook hoe juig ander mense vir hom! |
| Dit was eers na Miruts Yifter se groot oorwinning dat Haile besef het sy hardloopheld was ook 'n Ethiopiër, net soos hy! Hy het uitgevind dat Miruts Yifter nie net een, maar twee Olimpiese goue medaljes gewen het. Haile het gesien hoe almal Miruts Yifter se oorwinning vier en hoe geliefd hy was. Hy het besluit hy wil ook 'n goeie atleet word, net soos hy. | Ek kan myself **voorstel** hoe klein Haile hom verbeel hy is Miruts Yifter terwyl hy skool toe hardloop en hoe almal hom toejuig. |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Haile sy pa vertel het van sy droom om ook 'n bekende atleet te word, het sy pa hom afgeraai. Sy het pa het nie gedink die droom is die moeite werd nie." Moenie hierdie tipe werk kies nie. Dit is net 'n mors van tyd!" het sy pa vir hom gesê. Steeds het Haile besluit om aan te hou hardloop. Hy het geoefen en geoefen. Hy was vasbeslote om sy droom te bereik en 'n goue Olimpiese medalje te wen net soos Miruts Yifter. | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile elke dag oefen en oefen, met sy swaar stapel boeke onder sy arm. Sy pa het hom dopgehou en net sy kop geskud. |
| In 1993, toe Haile 20 jaar oud was, wen hy die 10,000 meter resies by die Wêreldkampioenskappe in Duitsland. Sy prys omdat hy die resies gewen het, was 'n splinternuwe motor. Niemand in Haile se familie het nog ooit 'n motor besit nie. Toe hy die motor huis toe bring was sy pa stom van verbasing. "'n Motor? Vir hardloop?" het sy pa gevra. Van daardie dag af het hy vir Haile gesê hy moet aanhou oefen. | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile se pa die motor bewonder. Ek kan myself **voorstel** hoe hy sy vriende vertel sy seun is vinnig genoeg om 'n motor te wen! |
| Haile het uiteindelik gekwalifiseer om die 10,000 meter te hardloop by die 1996 Olimpiese Spele in die Verenigde State van Amerika. Haile was die gunsteling om te wen. Aan die begin van die resies het almal gespanne gelyk – maar Haile het gelukkig en kalm gelyk. Hy het by die beginstreep gestaan met 'n groot glimlag op sy gesig. | Ek kan myself Haile se groot glimlag **voorstel** tussen al die gespanne gesigte. Hy staan regtig uit! |
| Haile se vinnige voete het hom 25 rondtes geneem tot by 'n goue medalje. Toe hy op die wennerspodium staan, was sy oë vol trane. Dit was sy droom om 'n medalje te wen sedert hy sewe jaar oud was, vandat hy na sy pa se radio in die veld geluister het. Hy het dit uiteindelik reggekry! | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile op sy vinnigste hardloop. Hy is by die Olimpiese Spele, maar hy hardloop steeds met sy krom linkerarm asof hy sy skoolboeke vashou. |
| Haile het aangegaan om 'n tweede goue medalje te wen by die Olimpiese Spele in 2000 in Australië. Haile was ver agter in die resies, maar hy het opgevang en dit reggekry om sy grootste mededinger te wen. Dit wys ons hoe Haile nooit moed opgegee het nie! Hy het twee maal die goue medalje gewen, net soos sy held Miruts Yifter. | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile na sy goue medalje kyk en dink aan al die jare van oefen en oefen soos hy skool toe gehardloop het en terug. |
| Deur sy hele loopbaan het Haile, 27 wêreldrekords opgestel in verskillende afstande. Hy het baie medaljes gewen. Mense sê Haile was nie net een van die beste atlete nie, maar hy was ook baie gedetermineerd met 'n mooi persoonlikheid. | |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
| --- | --- |
| Hoe het Haile Gebrselassie elke dag by die skool gekom? | Hy het elke dag skool toe gehardloop. |
| Waar het Haile Gebrselassie groot geword? | Hy het groot geword in Oromia, 'n streek in Ethiopië. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Haile Gebrselassie altyd met 'n krom linkerarm gehardloop? | • Omdat hy gehardloop het asof hy sy skoolboeke vashou.<br>• Omdat hy gehardloop om skool toe en terug by die huis te kom.<br>• Omdat hy gewoond geraak het aan hardloop terwyl hy sy skoolboeke vashou. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - Ethiopië
   - Olimpiese Spele
   - Internasionaal
   - gedetermineerd

| Rympie of liedjie | Aksies |
|---|---|
| So ry die trein, 2X Kimberley se trein 2X | *Leerlinge staan in rye en haak arms bymekaar in om 'n wiel te vorm. Beweeg arms om die beweging van wiele na te boots* |
| Hoor daar hoe (stoom hy), 3X | *Maak arms los van mekaar. Maak blaasgeluide om stoom na te boots.* |
| Opdraand en Afdraand, | *Buig liggaam vorentoe en agter toe om opdraande en afdraande na te boots.* |
| Kimberley se trein. | *Sing saam Kimberley se trein.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL



1 Verdeel leerders in hul klein groepies.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Herinner die leerders dat hul die vorige week hul eie stories opgemaak het oor die prentjies.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk om te besluit op 'n groepstorie.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra 1–2 groepe om hul groepstorie met die klas te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/pr/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders: Kan julle dink aan woorde wat met die **/pr/** klank begin?
4. Dinkskrum met leerders bv: **praat, pret, proe**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: proe, pruik, praat, pret, prooi**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Fonetiek Vertoonbord.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

________________________________________________

Sin: ______________________________________________

________________________________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s)/woorde/sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **pr**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met ’n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

pr pr pr pr

proe proe

pruik pruik

praat praat

pret pret

prooi prooi

Thandi praat baie in die klas.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor die vervoer wat jy gebruik om by die skool en terug te kom.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en voeg twee sinne by. Dit sal deel uitmaak van 'n klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek kom by die skool deur …

My roete is…

Dit neem my …

Ek sien...,... en …

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag twee sinne gaan byvoeg by die skryfwerk van Maandag.
2 Vandag gaan hulle dink oor hoe lank hul roete neem en wat hulle oppad sien.
3 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik sommige idees wat jy het om die skryfraamwerk in te vul, bv.: My roete na die skool neem my 45 minute in een rigting. Ek sien baie ander karre, die Nelson Madela brug en al die hoë geboue van Johannesburg.
6 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, soos: die Nelson Madela brug en hoë geboue in die agtergrond.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
8 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi, bv.: **Dit neem my** 45 minute om by die skool te kom en 45 minute terug huis toe! **Ek sien** karre, die Nelson Madela brug **en** baie geboue.
9 Wys daarop dat die laaste sin 'n lys is, en dat elke item geskei word deur 'n komma of die woord 'en'. Herinner leerders daaraan dat ons verlede week ook so 'n lys gemaak het.
10 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
11 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
12 **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan die roete wat ons gebruik om skool toe en terug te kom.
2. Vandag gaan ons sinne by ons skryfwerk voeg, insluitend ’n lys met kommas.
3. Vra leerders: Hoe lank neem jou roete in een rigting? Wat sien jy op jou roete?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor wat hulle sien op hul roete.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel wat hulle sien op hul roete.
9. Hulle moet sê: <u>Dit neem my</u>... / <u>Ek sien.</u>..,... <u>en</u>...
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik**.**
6. **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit.
2. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Stel ’n boek saam van al die leerders se werk vir die week. Plaas dit in die leeshoekie waar die leerders dit kan lees in hul onafhanklike leestyd.*



Ek kom skooltoe met 'n groot bus.
My roete is lank en stamperig.
Dit neem my 'n lang tyd om by die skool te kom.
Ek sien heuwels, koeie en bome.



## Groep Begeleidelees

30 minute



**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad** 6 het.
2 Verduidelik Woensdag **Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik Woensdag Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN…**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **plaas**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/pl/ – /aa/ – /s/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/pl/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/aa/**
6 Sê die endklank van die woord: **/s/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **plaas**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **pl/** + **/aa/** + **/s/**= **plaas**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **pruik**

**ONS DOEN…**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **plaak**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/pl/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/aa/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/k/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/pl/ – /aa/ – /k/**
7 Skryf die woord: **plaak**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/pl/** + **/aa/** + **/k/** = **plaak**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **prooi**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

____________________

Sin: ____________________

____________________

# Gedeeldelees: Herhaalde lees

15 minute

### LEESSTRATEGIEË: SOEK IN DIE TEKS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Haile Gebrselassie is een van die beste langafstandatlete van alle tye. Ethiopië is 'n land wat bekend is vir hulle beroemde en ongelooflike atlete. Selfs tussen al hierdie sterre staan Haile kop en skouers bo die ander uit! | Ek **onthou** hierdie storie gaan oor hoe Haile Gebrselassie 'n goeie atleet geword het. |
| Haile het grootgeword op 'n plaas in 'n landelike gebied van Ethiopië wat die Oromia streek genoem word. Haile se gehardloop het begin as 'n manier om by die skool te kom. Hy het 10 kilometer kaalvoet skool toe gehardloop met sy skoolboeke onder sy arm. Hy het dieselfde kilometers weer in die aand teruggehardloop. Vir die res van sy loopbaan as atleet, het Haile met sy linkerarm krom gehardloop, asof hy steeds sy skoolboeke vashou. | Ek kan myself **voorstel** hoe 'n volwasse Haile hardloop met sy krom linkerarm. Sy krom arm is 'n gewoonte wat gebly het van al sy jare se ver hardloop skool toe. |
| In 1980, toe Haile sewe jaar oud was, het hy gehoor hoe die mense in sy dorpie praat van die Olimpiese Spele en van 'n ongelooflike atleet met die naam Miruts Yifter. Haile het besluit hy wil hoor hoekom die mense so opgewonde is oor hierdie man. Haile het sy pa se radio gesteel en in die veld gaan sit daarmee. Hy het geluister na die radiokommentaar van elke resies waarin Miruts Yifter gehardloop het by die Olimpiese Spele. Uiteindelik het hy die kommentaar gehoor van die resies waarin Miruts die goue medalje gewen het! | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile luister hoe die ander mense in die dorpie praat met liefde en bewondering van hierdie wonderlike atleet. Ek kan myself **voorstel** hoe nuuskierig hy moes wees toe hy sy pa se radio aanskakel. |
| Dit was eers na Miruts Yifter se groot oorwinning dat Haile besef het sy hardloopheld was ook 'n Ethiopiër, net soos hy! Hy het uitgevind dat Miruts Yifter nie net een, maar twee Olimpiese goue medaljes gewen het. Haile het gesien hoe almal Miruts Yifter se oorwinning vier en hoe geliefd hy was. Hy het besluit hy wil ook 'n goeie atleet word, net soos hy. | Ek kan myself **voorstel** hoe verras Haile moes wees toe hy besef Miruts Yifter het ook in Ethiopië grootgeword, net soos hy. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe Haile sy pa vertel het van sy droom om ook 'n bekende atleet te word, het sy pa hom afgeraai. Sy het pa het nie gedink die droom is die moeite werd nie." Moenie hierdie tipe werk kies nie. Dit is net 'n mors van tyd!" het sy pa vir hom gesê. Steeds het Haile besluit om aan te hou hardloop. Hy het geoefen en geoefen. Hy was vasbeslote om sy droom te bereik en 'n goue Olimpiese medalje te wen net soos Miruts Yifter. | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile in sy dorpie hardloop en hoe hy homself verbeel dat almal hom toejuig, net soos hulle gedoen het vir Miruts Yifter! |
| In 1993, toe Haile 20 jaar oud was, wen hy die 10,000 meter resies by die Wêreldkampioenskappe in Duitsland. Sy prys omdat hy die resies gewen het, was 'n splinternuwe motor. Niemand in Haile se familie het nog ooit 'n motor besit nie. Toe hy die motor huis toe bring was sy pa stom van verbasing. "'n Motor? Vir hardloop?" het sy pa gevra. Van daardie dag af het hy vir Haile gesê hy moet aanhou oefen. | Ek kan myself **voorstel** hoe trots Haile moet wees toe sy pa hom vir die eerste maal aanmoedig om te hardloop. Ek dink nou wil Haile eers wen, want sy pa het hom uiteindelik geprys! |
| Haile het uiteindelik gekwalifiseer om die 10,000 meter te hardloop by die 1996 Olimpiese Spele in die Verenigde State van Amerika. Haile was die gunsteling om te wen. Aan die begin van die resies het almal gespanne gelyk – maar Haile het gelukkig en kalm gelyk. Hy het by die beginstreep gestaan met 'n groot glimlag op sy gesig. | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile rondkyk en luister na al die juigende bewonderaars! Ek dink hy is so gelukkig om uiteindelik by die Olimpiese Spele te wees! |
| Haile se vinnige voete het hom 25 rondtes geneem tot by 'n goue medalje. Toe hy op die wennerspodium staan, was sy oë vol trane. Dit was sy droom om 'n medalje te wen sedert hy sewe jaar oud was, vandat hy na sy pa se radio in die veld geluister het. Hy het dit uiteindelik reggekry! | Ek kan myself **voorstel** hoe Haile se oë vol trane word, as hy dink aan al sy harde werk om uiteindelik hierdie goue medalje te wen! |
| Haile het aangegaan om 'n tweede goue medalje te wen by die Olimpiese Spele in 2000 in Australië. Haile was ver agter in die resies, maar hy het opgevang en dit reggekry om sy grootste mededinger te wen. Dit wys ons hoe Haile nooit moed opgegee het nie! Hy het twee maal die goue medalje gewen, net soos sy held Miruts Yifter. | Ek kan myself **voorstel** hoe trots Haile daar staan, terwyl die hele skare hom toejuig! Hy is geliefd en word geëer, net soos sy held! |
| Deur sy hele loopbaan het Haile, 27 wêreldrekords opgestel in verskillende afstande. Hy het baie medaljes gewen. Mense sê Haile was nie net een van die beste atlete nie, maar hy was ook baie gedetermineerd met 'n mooi persoonlikheid. | Op die ou einde dink ek Haile Gebrselassie het selfs 'n beter atleet as sy held Miruts Yifter geword! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Hoe oud was Haile Gebrselassie toe hy besluit het om te hardloop? | Hy was sewe jaar oud. |
| Wie was Miruts Yifter? | • Hy was 'n bekende Ethiopiese atleet.<br>• Hy was Haile Gebrselassie se rolmodel.<br>• Hy was die atleet wat klein Haile Gebrselassie almal oor hoor praat het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Haile Gebrselassie besluit hy wil ook 'n atleet word? | • Omdat hy oor die radio gehoor het Miruts Yifter wen 'n goue Olimpiese medalje.<br>• Omdat hy besef het Miruts Yifter was 'n Ethiopiër, net soos hy.<br>• Omdat hy net soos Miruts Yifter wou wees.<br>• Omdat hy gesien Miruts Yifter was geliefd en geëerd onder sy mense, hy wou ook geliefd en geëerd wees.<br>• Omdat hy gedetermineerd was om beroemd te raak soos Miruts Yifter. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6** het.
2. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
6. Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - medalje
   - trots
   - prys

| **Rympie of liedjie** | **Aksies** |
|---|---|
| So ry die trein, 2X Kimberley se trein 2X | *Leerlinge staan in rye en haak arms bymekaar in om 'n wiel te vorm. Beweeg arms om die beweging van wiele na te boots* |
| Hoor daar hoe (stoom hy), 3X | *Maak arms los van mekaar. Maak blaasgeluide om stoom na te boots.* |
| Opdraand en Afdraand, | *Buig liggaam vorentoe en agter toe om opdraande en afdraande na te boots.* |
| Kimberley se trein. | *Sing saam Kimberley se trein.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
   a Haile Gebreselassie is …
   b Ek het geleer dat …
   c Wanneer ek Haile Gebreselassie visualiseer, sien ek …
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepies.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige klanke geleer, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag..

| | | |
|---|---|---|
| **pl** | **pr** | **k** |
| **t** | **n** | **e** |
| **b** | **p** | **a** |
| **s** | **o** | **i** |

**DEMONSTRASIE**

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/pl/** en **/pr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/pl/** + **/aa/** + **/s/** = **plaas**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/pl/** of **/pr/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/p/** + **/a/** + **/n/** = **pan**



**LEERDERS DOEN...**

1. Sê aan leerders om hulle boeke oop te maak en te skryf: **pl, pr**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **plaas, plaak, plant, proe, praat, pret, prooi, son, sop, sap, sin, kis**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

1 Laat die leerders by hul tafels sit, met hul werkboeke of skoon papier, potlode of kryte.
2 Skryf die volgende op die swartbord:
Ek verbeel my (visualiseer) ________________
Dit lyk / ruik / voel ____________________
3 Sê aan leerders dat hulle nou iets van die teks gaan visualiseer.
4 Vra die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die teks nog een keer deur.
5 Vra die leerders om hul oë oop te maak, en te teken wat hul van die teks gevisualiseer het.
6 Sê aan leerders om 1–2 byskrifte tot die prentjie te maak.
7 Sê aan leerders om die sinne in hul boeke te voltooi.
8 Ten slotte, laat leerders toe om om te draai en te praat, en om hul visualisering met ʼn maat te deel.

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 6**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ʼn **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2
# TERMYN 1
# Week 7
# TEMA:
# Help ons vriende

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: prentjies van verskillende groepe vriende; 'n dankie sê kaartjie; 'n vriendskap armband; ens.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: Wat kan skaam mense doen om vriende te maak.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 12, Ons doen

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 13, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 14, Ons lees

**Aktiwiteit 4:** Teken 'n prentjie van beste vriend of beste vriende.

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

**1** Wys aan leerders die prentjie van die Grootboek storie <u>Jane se pap band</u>
**2** Vertel aan leerders die jul 'n nuwe tema begin wat <u>Help ons vriende</u> genoem word.
**3** Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
**4** Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
**5** Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
**6** Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
- **a** Hoe help jy jou vriende?
- **b** Hoe help jou vriende jou?
- **c** Hoe voel jy wanneer iemand jou help?

### TEMA WOORDESKAT

**1** Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
**2** Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- help
- hulpvaardig
- vriendelik

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: My trane die rol oor jou Bokkie* | **Aksies** |
|---|---|
| Klein Fanie het sy toontjie gestamp 2X | *Leerders maak loopbeweging en boots na hoe hulle hul toontjie stamp* |
| Nou rol die traantjies oor sy wang | *Met hulle vingers boots hulle die trane wat teen hulle wange afrol, na* |
| En ek vee die traantjies af van sy wang | *Leerders vee denkbeeldge trane af van 'n maat langs hulle* |

## Handskrif
15 minute

1 Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak.
2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** pl
   - **b** pr
   - **c** plant
   - **d** plaak
   - **e** praat
   - **f** prooi
3 Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:
15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL**

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: Jane se pap band.
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf jou eie nuus om met ’n vriend te deel.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en skryf twee sinne oor nuusgebeure.

**SKRYFRAAMWERK:**

My nuus is...

Ek is.... omdat...

#### DEMONSTREER

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor **<u>hul eie nuus om met ’n vriend te deel.</u>**
2. Verduidelik dat nuus iets opwindend of interessant is wat in ons lewens gebeur.
3. Lees die skryfraamwerk aan die leerders voor.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
5. Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek wil my vriend vertel van ’n toer wat ons beplan vir die vakansie. Ons gaan strand toe! Dit is iets nuut en opwindend.
6. **Demonstreer** hoe jy ’n prentjie teken van jouself wat aan die strand dink.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke woord.**
8. **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi: **<u>My nuus</u>** is dat ek op ’n toer gaan! **<u>Ek is</u>** opgewonde **<u>omdat</u>** ek nog nooit op die strand was nie!
9. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
10. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
11. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### VERBALE INSTRUKSIES

1. Vra aan leerders: Wat is jou nuus?
2. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
3. Vra 2–3 leerders om jou van hul eie nuus te vertel van.
4. Hulle moet sê My nuus is...
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan teken en ’n byskrif by hul eie nuus skryf!

**SKRYFWERK**

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 Vra leerders om jou te **vertel van hul skryfwerk**.
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik.**
6 Moedig leerders aan.






## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE: ______________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde 15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/st/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle aan woorde dink wat met die **/st/** klank begin?
4 Dinkskrum met leerders bv: **stap, stout, stoel**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **stoel, stout, steel, stap, strooi**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________________________

Woorde: ______________________________________________

______________________________________________________

Sin: _________________________________________________

______________________________________________________



## Handskrif: 15 minute

## Skyf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1 Leer leerders om kleinletter(s) en hoofletter(s) te vorm: **st**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.

**7** Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

st st st st

stoel stoel

stout stout

steel steel

stap stap

strooi strooi

My stoel het gebreek vandag.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

# Gedeeldelees: 15 Minute

## Aanvangslees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: SOEK IN DIE TEKS

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Jane en Mandu is mal daaroor om saam fiets te ry. Eendag ry hul ver van hul huise af fiets, al die pad onder by die rivier. Jane ry baie vinnig. Soos wat sy teen die bult afjaag, ry sy vinniger en vinniger. | Waar is Jane en Mandu?<br>O! Hulle ry by die rivier, ver weg van hulle huise af. |
| Skielik tref Jane se band 'n klip! Sy val van haar fiets af! Mandu stop om seker te maak dat Jane nie seergekry het nie.<br>"Het jy seergekry?" vra Mandu.<br>"Ek het nie seergekry nie," sê Jane. Sy staan op en bekyk haar fiets. "O gits! My band het 'n lekplek! Dit is te pap om mee te ry! Hoe gaan ek by die huis kom?" | Wat het Jane se band getref?<br>Jane se band het 'n klip getref! Sy kan nou nie meer op haar fiets ry nie. Ek wonder hoe sy by die huis gaan kom? |
| Agge nee! My band!<br>Ek is bly jy het nie seergekry nie! | -- |
| "Ek het 'n plan!" sê Mandu. "Ek sal huis toe ry en my pomp gaan haal. Dan kom ek weer terug. Ons kan jou band oppomp sodat jy weer kan terugry huis toe!"<br>Jane wil nie regtig alleen agterbly by die rivier nie, maar sy het geen ander keuse nie. "Goed dan," sê Jane, "dit is 'n slim plan."<br>Mandu klim op haar fiets en ry terug huis toe. | Wat is Mandu se plan?<br>O! Mandu wil huis toe gaan om haar pomp te gaan haal sodat hulle Jane se band weer kan oppomp. |
| Jane wag en wag. Dit voel soos 'n ewigheid. Die son begin later water trek.<br>"Wat as Mandu ook 'n pap band gekry het, soos ek?" Jane is bekommerd. Jane se maag begin grom. Dit is amper tyd vir aandete. Sy is honger en dors. "Wat as ek aandete gaan mis?" dink Jane bekommerd.<br>Jane sien die maan opkom. "Wat as Mandu my nie weer kan kry nie? Wat as ek vannag alleen hier sit?" dink Jane bekommerd. | Waaroor is Jane bekommerd?<br>O! Sy is bekommerd dat Mandu ook 'n pap band gekry het. Sy is bekommerd dat sy aandete gaan mis. Sy is bekommerd dat sy die hele nag alleen by die rivier gaan sit! O, nee! Ek wonder waar Mandu is? |
| Ek wonder waar Mandu is? | -- |
| Ewe skielik sien Jane vir Mandu en haar broer, Dumisani wat in haar rigting ry. Jane is so bly om haar maat te sien, sy spring op en skree. | Hoekom het Mandu so lank geneem? O! Omdat sy eers haar broer moes kry om hulle te kom help. |

WEEK 7

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Jammer dat ek so lank geneem het!" sê Mandu. "Ek moes eers vir Dumisani kry om ons te kom help! Mens ry lank hierheen!"<br>"Jy moet honger wees!" sê Mandu. Sy gee vir Jane 'n muffin en 'n lemoensap wat sy uit haar rugsakkie haal. | |
| Dumisani help Jane en Mandu om die lekplek reg te maak. Toe pomp hulle dit vol lug.<br>"So goed soos nuut!" sê Jane.<br>"Kom ons gaan huis toe voor dit te donker is!" sê Dumisani. | Wie het die band reggemaak?<br>O! Dumisani het Jane gehelp om die band reg te maak. |
| Hulle ry terug huis toe in die maanlig. Hierdie keer kyk Jane met aandag of sy klippe in die pad sien. Hierdie keer ry Jane stadig. Sy wil nie nog 'n pap band hê nie! Dit is 'n lang rit terug huis toe. | Hoe het Jane teruggery huis toe?<br>O! Jane het stadig teruggery. |
| Toe hul uiteindelik by die huis kom gee Jane vir Mandu 'n drukkie.<br>"Dankie dat jy my gehelp het Mandu!" sê sy. "Jy is 'n maat wat omgee!"<br>"Dit is waarvoor maats daar is!" sê Mandu. | Wat het Jane gedoen toe hulle tuis kom? O! Sy het dankie gesê en haar maat 'n groot druk gegee. |
| Jane en Mandu is mal daaroor om saam fiets te ry. Eendag ry hul ver van hul huise af fiets, al die pad onder by die rivier. Jane ry baie vinnig. Soos wat sy teen die bult afjaag, ry sy vinniger en vinniger. | Waar is Jane en Mandu?<br>O! Hulle ry by die rivier, ver weg van hulle huise af. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Wie het 'n pap band gekry? | Jane het 'n pap band gekry. |
| Waarheen het Mandu gegaan? | Sy het huis toe gegaan om 'n pomp te kry. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Mandu vir Jane alleen gelos? | • Jane het 'n pap band gehad.<br>• Jane kon nie haar fiets ry nie.<br>• Hulle het nie 'n pomp gehad nie.<br>• Hul was ver van die huis af.<br>• Mandu het huis toe gegaan om 'n pomp te gaan haal.<br>• Mandu het huis toe gegaan om hulp vir Jane te kry.<br>• Mandu het haar broer, Dumisani, gekry om<br>• te kom help. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 7

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - band
   - pap band
   - lek
   - pomp
   - fiets

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: My trane die rol oor jou Bokkie* | **Aksies** |
|---|---|
| Klein Fanie het sy toontjie gestamp 2X | *Leerders maak loopbeweging en boots na hoe hulle hul toontjie stamp* |
| Nou rol die traantjies oor sy wang | *Met hulle vingers boots hulle die trane wat teen hulle wange afrol, na* |
| En ek vee die traantjies af van sy wang | *Leerders vee denkbeeldge trane af van 'n maat langs hulle* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepies
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/sw/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders: Kan julle dink aan woorde wat met die **/sw/** klank begin?
4. Dinkskrum met leerders bv: **swak, swart, swem**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: swoeg, swak, swart, sweet, swem**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________



## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s)/woorde/sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **sw**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin <u>onderstreep</u>.

sw sw sw sw

swoeg swoeg

swak swak

swart swart

sweet sweet

swem swem

Die swart kat vreet die muis.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf jou eie nuus om met 'n vriend te deel.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf twee sinne nuus.

**SKRYFRAAMWERK:**

My nuus is...

Ek is... omdat...

Een belangrike feit oor my nuus is...

'n Ander een is....

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
2 Vandag gaan hulle sinne by hul nuus voeg.
3 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik van die idees wat jy het om die nuwe dele van die skryfraamwerk te voltooi, soos: Sommige belangrike feite oor my nuus is dat ons na die strand in Mosambiek gaan! Dan kom my hele familie saam.
6 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, soos: jouself wat dink aan jou familie op die strand.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek 'n streep vir elke woord**.**
8 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi, bv.: **Een belangrike feit oor my nuus is dat** ons Mosambiek toe gaan – 'n hele nuwe land! **Nog 'n feit is dat** my hele familie saamkom.
9 **Demonstreer** hoe om die laaste sin van die skryfraamwerk te voltooi. Verduidelik dat die laaste sin 'n verskillende tipe lys is. Ons moet xxx. Verduidelik dat 'n komma en die woord 'en' die woorde op die ly van mekaar skei, bv.: xxx.
10 **Sê die woorde stadig soos 'n skilpad en skryf die klanke wat jy ken.**
11 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om byskrifte by jou tekeninge te maak, bv. Strand, familie, ek
12 **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

WEEK 7

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan Nuus wat ons met ons vriende wil deel
2. Vandag gaan ons nog nuus bylas.
3. Vra leerders: Wat is ’n paar interessante feite oor jou nuus?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul nuus.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou een feit oor hul nuus te vertel.
9. Hulle moet sê: Een belangrike feit oor my nuus is...
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6. **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer te sit.
2. Sê aan leerders om te **draai en praat** met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder **ooghoogte** in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



My nuus is dat ek die klasleier is! Ek is opgewonde omdat ek nog nooit die klasleier was nie! Een belangrike feit oor my nuus is dat ek nou my onderwyser kan help! Nog 'n feit is dat altyd voor in die ry mag staan.

## Groep Begeleidelees

30 minute



**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad** 7 het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **stoel**
3 Verdeel die woord in individuele klanke: **/st/ – /oe/ – /l/**
4 Sê die beginklank van die woord: **/st/**
5 Sê die middelklank van die woord: **/oe/**
6 Sê die endklank van die woord: **/l/**
7 Skryf die woord op die swartbord: **stoel**
8 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **/st/ + /oe/ + /l/= stoel**
9 Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om 'n nuwe woord te maak: **swoeg**

**ONS DOEN...**

1 Begin met 'n woord van die Dinsdagles.
2 Sê die woord: **stout**
3 Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/st/**
4 Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/ou/**
5 Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/t/**
6 Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/st/ – /ou/ – /t/**
7 Skryf die woord: **stout**
8 Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/st/ + /ou/ + /t/ = stout**
9 Herhaal dit met 'n woord van die Woensdagles: **swart**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: 15 minute

## Herhaalde lees

### LEESSTRATEGIEË: SOEK IN DIE TEKS

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
| --- | --- |
| Jane en Mandu is mal daaroor om saam fiets te ry. Eendag ry hul ver van hul huise af fiets, al die pad onder by die rivier. Jane ry baie vinnig. Soos wat sy teen die bult afjaag, ry sy vinniger en vinniger. | Wat is Jane en Mandu mal oor om te doen?<br>O! Hulle is mal daaroor om fiets te ry! |
| Skielik tref Jane se band ’n klip! Sy val van haar fiets af! Mandu stop om seker te maak dat Jane nie seergekry het nie.<br>“Het jy seergekry?” vra Mandu.<br>“Ek het nie seergekry nie,” sê Jane. Sy staan op en bekyk haar fiets. “O gits! My band het ’n lekplek! Dit is te pap om mee te ry! Hoe gaan ek by die huis kom?” | Hoekom het Jane ’n pap band gekry? Omdat sy vinnig gery het en toe ’n klip getref het. |
| Agge nee! My band!<br>Ek is bly jy het nie seergekry nie! | -- |
| “Ek het ’n plan!” sê Mandu. “Ek sal huis toe ry en my pomp gaan haal. Dan kom ek weer terug. Ons kan jou band oppomp sodat jy weer kan terugry huis toe!”<br>Jane wil nie regtig alleen agterbly by die rivier nie, maar sy het geen ander keuse nie. “Goed dan,” sê Jane, “dit is ’n slim plan.”<br>Mandu klim op haar fiets en ry terug huis toe. | Hoekom ry Mandu weer al die pad terug huis toe?<br>O! Sy gaan haar pomp haal sodat hul Jane se band kan oppomp, dan kan Jane weer terug huis toe ry met haar fiets. |
| Jane wag en wag. Dit voel soos ’n ewigheid. Die son begin later water trek.<br>“Wat as Mandu ook ’n pap band gekry het, soos ek?” Jane is bekommerd. Jane se maag begin grom. Dit is amper tyd vir aandete. Sy is honger en dors. “Wat as ek aandete gaan mis?” dink Jane bekommerd.<br>Jane sien die maan opkom. “Wat as Mandu my nie weer kan kry nie? Wat as ek vannag alleen hier sit?” dink Jane bekommerd. | Waaroor is Jane bekommerd?<br>Sy is bekommerd, want sy is heeltemal alleen. Sy kan nie huis toe gaan sonder Mandu se hulp nie! |
| Ek wonder waar Mandu is? | -- |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Ewe skielik sien Jane vir Mandu en haar broer, Dumisani wat in haar rigting ry. Jane is so bly om haar maat te sien, sy spring op en skree.<br>“Jammer dat ek so lank geneem het!” sê Mandu. “Ek moes eers vir Dumisani kry om ons te kom help! Mens ry lank hierheen!”<br>“Jy moet honger wees!” sê Mandu. Sy gee vir Jane ’n muffin en ’n lemoensap wat sy uit haar rugsakkie haal. | Hoekom het Mandu opgespring en geskree?” O! Omdat sy so bly was om haar maat te sien. |
| Dumisani help Jane en Mandu om die lekplek reg te maak. Toe pomp hulle dit vol lug.<br>“So goed soos nuut!” sê Jane.<br>“Kom ons gaan huis toe voor dit te donker is!” sê Dumisani. | Hoe het hulle die band reggemaak? O! Hulle het die pomp gebruik wat Dumisani saamgebring het, daarmee het hulle die band vol lug gepomp. |
| Hulle ry terug huis toe in die maanlig. Hierdie keer kyk Jane met aandag of sy klippe in die pad sien. Hierdie keer ry Jane stadig. Sy wil nie nog ’n pap band hê nie! Dit is ’n lang rit terug huis toe. | Hoekom het Jane stadig gery? O! Omdat sy nie weer ’n pap band wil kry nie. |
| Toe hul uiteindelik by die huis kom gee Jane vir Mandu ’n drukkie.<br>“Dankie dat jy my gehelp het Mandu!” sê sy. ”Jy is ’n maat wat omgee!”<br>“Dit is waarvoor maats daar is!” sê Mandu. | Hoekom het Jane vir Mandu dankie gesê? O! Omdat Mandu haar so gehelp het! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wat het Mandu teruggebring? | • Sy het ’n pomp teruggebring.<br>• Sy het haar broer Dumisani teruggebring.<br>• Sy het iets te ete vir Jane saamgebring. |
| Hoe het hulle die band reggemaak? | Hulle het Mandu se pomp gebruik om die band vol lug te pomp. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom sê Jane vir Mandu sy is ’n goeie maat? | • Omdat Mandu hulp saamgebring het vir Jane.<br>• Omdat Mandu al die pad huis toe gery het en toe weer al die pad terug om vir Jane te help.<br>• Omdat Mandu iets te ete vir Jane gebring het.<br>• Omdat Mandu in die donker saam met Jane<br>• terugry. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 7** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n Lees Oorgangsaktiwiteit.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 7

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- ongeluk
- vriendskap
- omgee

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: My trane die rol oor jou Bokkie* | **Aksies** |
|---|---|
| Klein Fanie het sy toontjie gestamp 2X | *Leerders maak loopbeweging en boots na hoe hulle hul toontjie stamp* |
| Nou rol die traantjies oor sy wang | *Met hulle vingers boots hulle die trane wat teen hulle wange afrol, na* |
| En ek vee die traantjies af van sy wang | *Leerders vee denkbeeldge trane af van 'n maat langs hulle* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
   a Jane en Mandu …
   b My gunsteling gedeelte van die storie was …
   c Waarvan ek die minste gehou het in die storie was …
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepies.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige klanke geleer, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag..

| | | |
|---|---|---|
| **st** | **Sw** | **k** |
| **t** | **n** | **e** |
| **l** | **p** | **a** |
| **r** | **o** | **i** |

#### DEMONSTRASIE

1 Herinner leerders aan die klanke van die week: **/st/** en **/sw/**
2 Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3 Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4 Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/st/ – /a/ – /p/ = stap**
5 Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/st/** of **/sw/** te gebruik nie.
6 Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/k/ + /a/ + /p/ = kap**

#### LEERDERS DOEN...

1 Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en te skryf: **st, sw**
2 Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3 Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4 Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5 Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **stoel, steel, stap, strooi, swak, swart, sweet, kap, pit, pot, pan**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**GESKREWE BEGRIPSTOETS**

1. Skryf die volgende opskrif, vrae en beginsinne op die swartbord voordat die les begin.
2. Lees saam met die leerders deur die vrae en verduidelik hul indien nodig.
3. Sê aan leerders om te draai en praat en die vrae met ’n maat te bespreek.
4. Nou moet die leerders hul werkboeke oopmaak, die datum en opskrif skryf, en die antwoorde op die vrae skryf.
5. In die laaste vyf minute van die les, gaan deur die antwoorde met die leerders en laat hul toe om hul eie werk te korrigeer.

**JANE SE PAP BAND**

1. Wie het ’n pap band gehad?
   ***... het ’n pap band gehad.***
2. Hoe het Jane ’n pap band gekry?
   ***Jane het ’n pap band gekry omdat...***
3. Wie het vir Jane gehelp?
   ***.... het vir Jane gehelp.***

**JANE SE PAP BAND**

1. Wie het ’n pap band gehad?
   ***Jane het ’n pap band gehad.***
2. Hoe het Jane ’n pap band gekry?
   ***Jane het ’n pap band gekry omdat sy te vinnig by die afdraand afgery het en toe ’n klip getref het!***
3. Wie het vir Jane gehelp?
   ***Mandu en haar broer Dumisani het vir Jane gehelp.***



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ______________________**

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 7**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te ‘Draai en Praat’ en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan ’n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is ’n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2
# TERMYN 1
# Week 8
# TEMA:
# Help ons vriende

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: vra leerders om ’n foto van hulself met ’n vriend te bring en vertoon die foto’s.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld Doen navorsing oor konflik hantering vir kinders – vind meer uit oor hoe om leerders teenoor mekaar te hanteer.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 15, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 16, Ons doen

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 17, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van een manier hoe jy jou vriende kan help.

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan die leerder die prentjie van Ntsikelelo wat vir Siviwe uit die drom lig in die Grootboek storie: Wegkruipertjie
2 Vertel aan leerders dat jul voortgaan met jul tema: Help ons vriende.
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra die leerders: *Wat het julle sovêr geleer omtrent die tema*?
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat is die beste ding wat 'n vriend vir jou gedoen het?
   b Hoe het dit jou laat voel?
   c Wat kan jy doen om jou vriende te laat weet dat jy vir hulle omgee?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   a drom
   b kruip
   c verstrooi

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: My trane die rol oor jou Bokkie* | **Aksies** |
|---|---|
| Klein Fanie het sy toontjie gestamp 2X | *Leerders maak loopbeweging en boots na hoe hulle hul toontjie stamp* |
| Nou rol die traantjies oor sy wang | *Met hulle vingers boots hulle die trane wat teen hulle wange afrol, na* |
| En ek vee die traantjies af van sy wang | *Leerders vee denkbeeldge trane af van 'n maat langs hulle* |

## Handskrif

15 minute

1 Sê aan die leerders om hul Handskrifte oop te maak.
2 Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** sw
   - **b** st
   - **c** swem
   - **d** swart
   - **e** stoel
   - **f** stout
3 Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4 Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5 Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ____________________________________________

Woorde: ____________________________________________

____________________________________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1 Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2 Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Wegkruipertjie</u>
3 Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4 Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle 'n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5 Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6 Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer wat jy 'n vriend gehelp het.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf twee sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek het my vriend gehelp …

Ek het … gevoel, want....

#### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor 'n keer wat hul 'n vriend gehelp het. Hulle gaan skryf oor hoe hulle gevoel het toe hul die vriend gehelp het.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
3 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek het my vriend gehelp toe sy geval het. Ek het haar help opstaan. Ek was so hartseer dat sy seer gekry het!
4 **Demonstreer** hoe jy 'n prentjie teken van jou idee, bv.: Jy wat 'n vriend ophelp van die grond af.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
6 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi**: <u>Ek het my vriend gehelp</u>** opstaan nadat sy geval het. **<u>Ek het</u>** hartseer gevoel **<u>omdat</u>** sy seergekry het.
7 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
8 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
9 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra leerders: Hoe het jy jou vriend gehelp? Hoe het jy gevoel?
2 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
3 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
4 Sê aan leerders om te **draai en praat** met 'n maat waaroor hulle gaan skryf.
5 Gee aan leerders 2–3 minute om te draai en praat.
6 Vra 3–4 leerders om jou te vertel oor wie of wat hulle gaan skryf.
7 Hulle moet sê: <u>Ek het my vriend gehelp</u>... <u>Ek het</u>... <u>gevoel</u>.

8 Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

### SKRYFWERK

1 Deel **leerders se boeke** uit.
2 Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3 As Vra leerders om **hul skryfwerk te lees.**
4 Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5 Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik**.
6 Moedig leerders aan.



Ek het my vriende met wiskunde gehelp. Ek het sleg gevoel omdat hy nie geweet het hoe om sy somme te doen nie.



## Groepbegeleide Lees 30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiese Bekendstelling van nuwe klanke en woorde 15 minute

### BEKENDSTELLING VAN KLANK

1 Sê die klank en hou die flitskaart op: **/gl/**
2 Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3 Vra aan die leerders: Kan julle aan woorde dink wat met die **/gl/** klank begin?
4 Dinkskrum met leerders bv: **gloei, gleuf, glad**

### STEL NUWE WOORDE BEKEND

1 Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys: **gloei**, **glad**, **glips**, **gleuf**, **glinster**
2 Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3 Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4 Plak die flitskaart van die woorde op die klankemuur.

### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

## Skyf nuwe letter(s)/woorde/sinne

1 Leer leerders om kleinletter(s) en hoofletter(s) te vorm: **gl**
2 Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan aan linkshandige leerders.
3 Sê dan aan die leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe met hulle vingers te skryf.
4 Sê daarna aan die leerders om die letter(s) op hulle tafels met hulle vingers te skryf.
5 Laastens wys weer eens hoe om die letter(s) en woorde te vorm op die swartbord.
6 Leerders moet dan die klanke/woorde/sinne in hulle boeke afskryf.

**7** Leerders moet nou die teikenklank in enige woord/sinne onderstreep.

gl gl gl gl

gloei gloei

glad glad

glips glips

gleuf gleuf

glinster glinster

Die sterre glinster in die nag.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ____________________________________

Woorde: ____________________________________

## Gedeeldelees: 15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: EK WONDER / EK LEI AF**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Op ’n warm somermiddag besluit die kinders van Tsomo om wegkruipertjie te speel.<br>“Ek sal tel!” bied Lungi aan. Sy begin hardop tel, “1–2–3–4–5 ...”<br>Al die kinders hardloop in verskillende rigtings om die beste wegkruipplek te kry. | Ek onthou toe ek klein was het ons ook wegkruipertjie gespeel! My beste wegkruipplek was om in ’n ou binneband op te krul. Ek **wonder** waar hulle gaan wegkruip? |
| Lumka draf na die bosse. Sy kruip onder een in.<br>Avela hardloop na die bos met bome. Sy maak haar lyf so reguit moontlik en gaan staan agter die langste een. | |
| Ntsikelelo hardloop af in die paadjie en kry ’n sloot langs die pad. Hy gaan lê in die sloot.<br>Hlobisa draf na ’n groot klip. Hy buk af en kruip daaragter weg. | |
| Ouma Nkomo help Siviwe om in haar drom te klim. Sy tel hom in. “Jy moet nooit die drom se deksel opsit as jy daarbinne wegkruip nie! Dit is baie gevaarlik!” Ouma Nkomo sit die deksel langs die drom en gaan binnetoe. | Ek kan **aflei** dat Siviwe te klein is om self in die drom te klim. |
| “Gereed of nie, hier kom ek!” skree Lungi.<br>Lungi draf na die bosse. “Ek het jou gekry!” sê sy en wys na Lumka.<br>Lungi en Lumka hardloop na die bos met bome. “Het jou!” sê hulle en roep vir Avela.<br>Lungi, Lumka en Avela draf af in die paadjie totdat hulle Ntsikelelo se rooi hemp in die sloot sien. “Het jou!” sê hulle en roep vir Ntsikelelo.<br>Lungi, Lumka, Avela en Ntsikelelo loop na die groot klip. Hulle hoor Hlobisa hoes. “Het jou!” lag hulle en wys na Hlobisa.<br>Siviwe was nog in die drom. | Ek kan **aflei** dat die kinders gereeld op dieselfde plekke wegkruip, want hulle kry mekaar maklik. Al die kinders behalwe Siviwe! |
| “Kom ons speel weer!” sê Lumka, almal vergeet van klein Siviwe.<br>Sy weer hardop tel, “1–2–3–4–5...”<br>Avela, Ntsikelelo, Hlobisa en Lungi spat uitmekaar en hardloop vir nuwe wegkruipplekke. | Ek **wonder** wanneer die kinders vir Siviwe gaan vind? |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
|---|---|
| "Hulle het my nie gekry nie!" dink Siviwe, hy giggel binne die drom. | Ek kan **aflei** Siviwe die beste wegkruipplek het, want niemand kon hom nog kry nie en hulle speel reeds 'n tweede rondte! |
| Avela draf na 'n ou geroeste motor. Sy kruip onder dit in.<br><br>Ntsikelelo hardloop na die naaste huis. Hy staan teenaan die muur, agter die huis. | Ek kan **aflei** dat Siviwe nie gevind wil word nie, want hy buks selfs laer sodat niemand hom kan kry nie! |
| Hlobisa hardloop af met die paadjie en kry 'n hoop grond, Hy gaan lê agter die hoop.<br><br>Lungi hardloop na die hek. Sy buk laag af en kruip daaragter weg,<br><br>Siviwe hurk selfs laer in die drom. | |
| "Gereed of nie, hier kom ek!" skree Lumka.<br><br>Lumka draf tot by die ou geroeste motor. "Het jou!" skree sy, sy buk langs die motor en steek haar kop daaronder in.<br><br>Lumka en Avela hardloop na die naaste huis. "Het jou!" sê hulle en roep vir Ntsikelelo.<br><br>Lumka, Avela en Ntsikelelo hardloop in die paadjie af, totdat hulle Hlobisa se gehoes hoor. "Het jou!" sê hulle en lag saam.<br><br>Lumka, Avela, Ntsikelelo en Hlobisa loop saam na die hek. Hulle sien Lungi se blou skoene. "Het jou!" lag hulle en wys na Lungi se voete.<br><br>Siviwe is steeds in die drom, vas aan die slaap! | Ek kan **aflei** dat Siviwe nou al vir 'n lang tyd in die drom is, want hy het aan die slaap geraak! |
| "Kom ons speel nog een rondte!" sê Avela.<br><br>"Ek sal tel!" bied Avela aan.<br><br>Hulle speel nog 'n rondte, hulle tel en kruip weg tot die son amper ondergaan. | Ek kan **aflei** dat Siviwe slaap, so hy probeer die hele dag nie uit die drom klim nie! |
| "Kom ons gaan huis toe voor dit donker word!" sê Ntsikelelo. "Kom ons gaan Siviwe" sê hy, terwyl hy rondkyk vir sy klein boetie. Toe eers besef hy dat Siviwe die meeste van dag weg was!<br><br>Lumka draf na die bosse. Geen Siviwe.<br><br>Avela hardloop na die bos met bome. Geen Siviwe.<br><br>Ntsikelelo draf in die paadjie af en kry die sloot. Geen Siviwe.<br><br>Hlobisa hardloop na die groot klip. Geen Siviwe.<br><br>Lungi hardloop na die hek. Geen Siviwe.<br><br>Hulle kyk in al die gewone wegkruipplekke, maar hulle vind hom nêrens. | Ek kan **aflei** dat die drom nie een van hulle gewone wegkruipplekke is nie, want niemand dink om daar te gaan kyk nie! |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die maats begin hard sy naam roep. “Siviwe! Waar is jy?” roep hulle.<br>Uiteindelik hoor Siviwe hulle in die drom. Hy staan op, maar hy is te klein om bo by te kom.<br>“EK is hier! Ek is hier!” roep Siviwe. | Ek kan **aflei** dat Siviwe byna die hele dag in die drom lê en slaap het! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Waar het Siviwe weggekruip? | Binne in die drom. |
| Hoe het Siviwe binne in die drom gekom? | Ouma Nkomo het hom ingehelp. / Sy het hom ingetel. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Siviwe die hele dag in die drom gespandeer? | • Omdat niemand hom kon vind nie.<br>• Omdat hy die beste wegkruipplek gehad het.<br>• Omdat niemand gekom het om Siviwe te vind nie.<br>• Omdat sy maats soveel pret gehad het dat hulle nie besef het Siviwe is nie daar nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- agter
- onder
- na my toe
- weg van

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: My trane die rol oor jou Bokkie* | **Aksies** |
|---|---|
| Klein Fanie het sy toontjie gestamp 2X | *Leerders maak loopbeweging en boots na hoe hulle hul toontjie stamp* |
| Nou rol die traantjies oor sy wang | *Met hulle vingers boots hulle die trane wat teen hulle wange afrol, na* |
| En ek vee die traantjies af van sy wang | *Leerders vee denkbeeldge trane af van 'n maat langs hulle* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL





1 Verdeel leerders in hul klein groepies.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Herinner die leerders dat hul die vorige week hul eie stories opgemaak het oor die prentjies.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk om te besluit op 'n groepstorie.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra 1–2 groepe om hul groepstorie met die klas te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Stel nuwe woorde bekend

**BEKENDSTELLING VAN KLANK**

1. Sê die klank en hou die flitskaart op: **/gr/**
2. Sê die klank en gee opdrag aan die leerders om dit 3 x te herhaal
3. Vra aan die leerders: Kan julle dink aan woorde wat met die **/gr/** klank begin?
4. Dinkskrum met leerders bv: **groet, grys, groente**

**STEL NUWE WOORDE BEKEND**

1. Sê elke woord hard en duidelik wanneer jy die flitskaart wys**: groente, grys, graat, grappie, groet**
2. Sê elke woord aan die leerders wanneer jy dit sê.
3. Vra leerders om die woorde na jou te herhaal.
4. Plak die flitskaart van die woorde op die Klankemuur.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Handskrif: 15 minute

### Skryf nuwer letter(s)/woorde/sinne

1. Leer leerders hoe om hoofletter(s) en kleinletter(s) korrek te vorm: **gr**
2. Demonstreer die skryf van letter(s) vir regshandige leerders en dan linkshandige leerders.
3. Sê dan aan leerders om met 'n maat saam te werk deur die letter(s) op mekaar se rûe te skryf met hul vinger.
4. Sê daarna aan die leerders om nou die letter(s) met hul vingers op hul tafels te skryf.
5. Wys weereens aan die leerders hoe om die letter(s) te vorm op die swartbord.
6. Leerders moet dan die klanke / woorde / sinne in hul boeke afskryf.
7. Leerders moet nou die teiken klank in enig woord / sin onderstreep.

gr gr gr gr

groente groente

grys grys

graat graat

grappie grappie

groet groet

Oupa groei groente in die groentetuin.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: Beplan en Berei voor

30 minute

**ONDERWERP:** Skryf oor 'n keer wat jy 'n vriend gehelp het.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en voeg twee sinne by.

**SKRYFRAAMWERK:**

Ek het my vriend gehelp …

Ek het … gevoel, omdat...

Ek dink my vriend het … gevoel, omdat …

Ek dink dit is belangrik vir vriende …

### DEMONSTREER

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag twee sinne gaan byvoeg by die skryfwerk van Maandag.
2. Vandag gaan hulle dink oor hoe hulle dink hul vriend gevoel het. Hulle gaan ook dink aan iets belangrik wat vriende vir mekaar doen.
3. Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
4. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
5. Verduidelik sommige idees wat jy het om die skryfraamwerk in te vul, bv.: My vriend het gelukkig gevoel toe ek haar gehelp het omdat ek vriendelik en geduldig met haar was.
6. **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, bv.: jou vriend wat glimlag.
7. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
8. **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi, bv.: **Ek dink my vriend het** dankbaar gevoel **omdat** ek vriendelik met haar was. **Ek dink dit is belangrik vir vriende** om altyd vriendelik met mekaar te wees.
9. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
10. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
11. **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan ʼn keer toe ons ʼn vriend gehelp het.
2. Vandag gaan ons sinne by ons skryfwerk voeg.
3. Vra leerders: Hoe dink jy het jou vriend gevoel toe jy haar gehelp het? Wat dink jy iets wat belangrik is vir ʼn vriendskap?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ʼn maat oor ʼn keer wat hulle hulpvaardig teenoor ʼn vriend was.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel hoe hul vriend gevoel het.
9. Hulle moet sê: <u>Ek dink my vriend het... gevoel, omdat... / Ek dink dit is belangrik vir vriende om.....</u>
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik**.**
6. **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode te bêre.
2. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ʼn maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



Ek het my vriende met wiskunde gehelp. Ek het sleg gevoel omdat hy nie geweet het hoe om sy somme te doen nie.
Ek dink my vriend het gelukkig gevoel omdat hy die somme kon doen. Ek dink dit is belangrik dat vriende mekaar help.



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Woensdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

WEEK 8

# Donderdag

## Fonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Verdeling en Verbindig

**EK DOEN…**

1. Begin met ’n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **gloei**
3. Verdeel die woord in individuele klanke: **/gl/ – /oei/**
4. Sê die beginklank van die woord: **/gl/**
5. Sê die endklank van die woord: **/oei/**
6. Skryf die woord op die swartbord: **gloei**
7. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om ’n nuwe woord te maak: **/gl/** + **/oei/** = **gloei**
8. Demonstreer deur te wys en die klanke te verbind om ’n nuwe woord te maak: **grys**

**ONS DOEN…**

1. Begin met ’n woord van die Dinsdagles.
2. Sê die woord: **glad**
3. Vra die leerders: Wat is die eerste klank in die woord? **/gl/**
4. Vra die leerders: Wat is die middelklank in die woord? **/a/**
5. Vra die leerders: Wat is die laaste klank in die woord? **/d/**
6. Vra die leerders om die woord in individuele klanke te verdeel: **/gl/ – /a/ – /d/**
7. Skryf die woord: **glad**
8. Gee opdrag aan die leerders om die klanke in die woord saam met jou te verdeel: **/gl/** + **/a/** + **/d/** = **glad**
9. Herhaal dit met ’n woord van die Woensdagles: **graat**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

# Gedeeldelees: Herhaalde lees

15 minute

**LEESSTRATEGIEË: EK WONDER / LEI AF**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Op 'n warm somermiddag besluit die kinders van Tsomo om wegkruipertjie te speel.<br>"Ek sal tel!" bied Lungi aan. Sy begin hardop tel, "1–2–3–4–5 ..."<br>Al die kinders hardloop in verskillende rigtings om die beste wegkruipplek te kry. | Ek kan **aflei** dat die kinders van Tsomo gereeld wegkruipertjie speel, want dit lyk of almal die reëls ken en hulle het almal reeds goeie wegkruipplekke! |
| Lumka draf na die bosse. Sy kruip onder een in.<br>Avela hardloop na die bos met bome. Sy maak haar lyf so reguit moontlik en gaan staan agter die langste een. | |
| Ntsikelelo hardloop af in die paadjie en kry 'n sloot langs die pad. Hy gaan lê in die sloot.<br>Hlobisa draf na 'n groot klip. Hy buk af en kruip daaragter weg. | |
| Ouma Nkomo help Siviwe om in haar drom te klim. Sy tel hom in. "Jy moet nooit die drom se deksel opsit as jy daarbinne wegkruip nie! Dit is baie gevaarlik!" Ouma Nkomo sit die deksel langs die drom en gaan binnetoe. | |
| "Gereed of nie, hier kom ek!" skree Lungi.<br>Lungi draf na die bosse. "Ek het jou gekry!" sê sy en wys na Lumka.<br>Lungi en Lumka hardloop na die bos met bome. "Het jou!" sê hulle en roep vir Avela.<br>Lungi, Lumka en Avela draf af in die paadjie totdat hulle Ntsikelelo se rooi hemp in die sloot sien. "Het jou!" sê hulle en roep vir Ntsikelelo.<br>Lungi, Lumka, Avela en Ntsikelelo loop na die groot klip. Hulle hoor Hlobisa hoes. "Het jou!" lag hulle en wys na Hlobisa.<br>Siviwe was nog in die drom. | Ek kan **aflei** Siviwe is die eerste maat wat daaraan gedink het om in die drom weg te kruip, want niemand dink om daar te gaan kyk nie. |
| "Kom ons speel weer!" sê Lumka, almal vergeet van klein Siviwe.<br>Sy weer hardop tel, "1–2–3–4–5..."<br>Avela, Ntsikelelo, Hlobisa en Lungi spat uitmekaar en hardloop vir nuwe wegkruipplekke. | **Ek kan aflei** dat die kinders so opgewonde was om 'n tweede rondte te speel, dat hulle nie besef het Siviwe is steeds weg nie! |

WEEK 8

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| "Hulle het my nie gekry nie!" dink Siviwe, hy giggel binne die drom. | Ek kan **aflei** dat Siviwe pret het, want hy lag wanneer sy vriende hom nie kan vind nie! |
| Avela draf na 'n ou geroeste motor. Sy kruip onder dit in.<br><br>Ntsikelelo hardloop na die naaste huis. Hy staan teenaan die muur, agter die huis. | Ek kan **aflei** dat Siviwe steeds pret het terwyl hy wegkruip, want hy wil steeds nie gevind word nie! |
| Hlobisa hardloop af met die paadjie en kry 'n hoop grond, Hy gaan lê agter die hoop.<br><br>Lungi hardloop na die hek. Sy buk laag af en kruip daaragter weg,<br><br>Siviwe hurk selfs laer in die drom. | |
| "Gereed of nie, hier kom ek!" skree Lumka.<br><br>Lumka draf tot by die ou geroeste motor. "Het jou!" skree sy, sy buk langs die motor en steek haar kop daaronder in.<br><br>Lumka en Avela hardloop na die naaste huis. "Het jou!" sê hulle en roep vir Ntsikelelo.<br><br>Lumka, Avela en Ntsikelelo hardloop in die paadjie af, totdat hulle Hlobisa se gehoes hoor. "Het jou!" sê hulle en lag saam.<br><br>Lumka, Avela, Ntsikelelo en Hlobisa loop saam na die hek. Hulle sien Lungi se blou skoene. "Het jou!" lag hulle en wys na Lungi se voete.<br><br>Siviwe is steeds in die drom, vas aan die slaap! | Siviwe se maats moes van hom vergeet het, want hulle het soveel pret en hulle het hom vir 'n lang tyd nie gesien nie! |
| "Kom ons speel nog een rondte!" sê Avela.<br><br>"Ek sal tel!" bied Avela aan.<br><br>Hulle speel nog 'n rondte, hulle tel en kruip weg tot die son amper ondergaan. | Siviwe se vriende speel en speel. Ek kan **aflei** dat hulle heeltemal van hom vergeet het! |
| "Kom ons gaan huis toe voor dit donker word!" sê Ntsikelelo. "Kom ons gaan Siviwe" sê hy, terwyl hy rondkyk vir sy klein boetie. Toe eers besef hy dat Siviwe die meeste van dag weg was!<br><br>Lumka draf na die bosse. Geen Siviwe.<br><br>Avela hardloop na die bos met bome. Geen Siviwe.<br><br>Ntsikelelo draf in die paadjie af en kry die sloot. Geen Siviwe.<br><br>Hlobisa hardloop na die groot klip. Geen Siviwe.<br><br>Lungi hardloop na die hek. Geen Siviwe.<br><br>Hulle kyk in al die gewone wegkruipplekke, maar hulle vind hom nêrens. | Ek kan **aflei** dat die kinders soveel pret gehad het terwyl hulle gespeel het, want hulle het nie ophou speel tot dit amper donker was nie! |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie het eerste aangebied om te tel? | Lungi het eerste aangebied om te tel. |
| Hoe het Siviwe geweet hy het die beste wegkruipplek? | • Omdat niemand hom die hele dag gevind het nie.<br>• Omdat hy die speletjie gewen het. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoe kan ons aflei dat die kinders pret gehad het terwyl hulle wegkruipertjie gespeel het? | • Omdat hulle die een rondte na die ander gespeel het.<br>• Omdat hulle gespeel het totdat dit donker was.<br>• Omdat hulle so besig was om te speel dat hulle nie eers agtergekom het een van hulle maats is weg nie. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ___________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n Lees Oorgangsaktiwiteit.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

WEEK 8

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- vrywilliger
- rondte ( nie die vorm nie – ’n rondte van ’n speletjie)
- soek

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: My trane die rol oor jou Bokkie* | **Aksies** |
|---|---|
| Klein Fanie het sy toontjie gestamp 2X | *Leerders maak loopbeweging en boots na hoe hulle hul toontjie stamp* |
| Nou rol die traantjies oor sy wang | *Met hulle vingers boots hulle die trane wat teen hulle wange afrol, na* |
| En ek vee die traantjies af van sy wang | *Leerders vee denkbeeldge trane af van ’n maat langs hulle* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
  a In die storie, sien ons vriendskap toe …
  b My gunsteling deel van die storie wat toe …
  c Ek sou … verander.
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepies.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen ’n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of ’n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Fonemiese Bewustheid en Fonetiek: 15 minute

### Woordsoek

Skryf die tabel op die swartbord wat vorige klanke geleer, sowel as die klanke geleer op Dinsdag en Woensdag..

| | | |
|---|---|---|
| **gl** | **gr** | **d** |
| **t** | **n** | **e** |
| **l** | **p** | **a** |
| **s** | **o** | **i** |

#### DEMONSTRASIE

1. Herinner leerders aan die klanke van die week: **/gl/** en **/gr/**
2. Hersien al die klanke en samevoegings op die swartbord.
3. Gee leerders 3 minute om soveel as moontlik woorde wat hulle kan, te maak deur die klanke en vermengings hierbo te gebruik.
4. Wys aan leerders hoe om ’n woord te maak deur die teikenklank te gebruik: **/gl/** + **/a/** + **/d/** = **glad**
5. Herinner leerders dat hulle woorde kan maak deur enige klank te gebruik – hulle hoef nie net **/gl/** of **/gr/** te gebruik nie.
6. Wys leerders hoe om ’n ander woord te maak, bv: **/d/** + **/a/** + **/s/** = **das**

#### LEERDERS DOEN…

1. Sê aan leerders om hulle oefenboeke oop te maak en die opHandskrif te skryf: **st, sw**
2. Gee opdrag aan die leerders om te begin skryf.
3. Gee leerders 3 minute om soveel woorde as wat hulle kan, te vind en te bou.
4. Laat leerders toe om hulle eie werk te korrigeer.
5. Wys leerders hoe om hierdie woorde te bou (en ander): **gloei, glad, glips, groente, graat grappie, pit, pot, pan, das, son**

#### ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM

Klank/e: ________________________________

Woorde: ________________________________

________________________________

Sin: ________________________________

________________________________

WEEK 8

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / VISUALISEER**

**VERBALE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1. Verduidelik aan die leerders dat ons vandag gaan *dink oor die belangrikste gedeeltes van die teks..*
2. Ons gaan ook *dink oor wat ons veronderstel was om te leer van die teks.*
3. Skryf die skryfraamwerk op die swartbord.
4. Sê aan die leerders om die raamwerk te gebruik om die vraag te beantwoord:
   a. **Die storie gaan oor...** (2–3 sinne)
   b. **Ek het gehou van...**
   c. **Ek lei af daarvan hou om wegkruipertjie te speel want...**
5. Verduidelik dat leerders nie alles oor die teks kan sê nie – hulle moet die belangrikste dele kies.
6. Demonstreer jou voorbeeld vir die leerders. Sê: ***Hierdie storie gaan oor*** *die kinders van Tsomo, wat daarvan gehou het om wegkruipertjie te speel. Hulle het baie rondtes van die speletjie gespeel.* ***Ek het daarvan gehou*** *toe Siviwe aan die slaap geraak het binne in sy slim wegkruipplek.* ***Ek lei af dat die kinders in die storie daarvan hou om wegkruipertjie te speel, want*** *hulle het tot sononder gespeel!*
7. Gee aan leerder die geleentheid om aan die belangrikste gedeeltes van die storie te dink.
8. Sê aan leerders om hul eie opsomming te skryf deur van die raamwerk gebruik te maak.
9. Roep die klas tot order.
10. Vra 1–2 leerders om hul opsommings met die klas te deel.
11. Maak ’n klasopsomming, bv.: ***Hierdie storie het gegaan oor*** *wegkruipertjie. Die kinders in die storie het daarvan gehou om heeldag lank wegkruipertjie te speel.* ***Ons het daarvan gehou*** *toe Siviwe aan die slaap geraak het in sy slim wegkruipplek.* ***Ons lei af dat die kinders in die storie baie daarvan om wegkruipertjie te speel, want*** *hulle speel en speel, terwyl hulle heeltemal van hul vriend vergeet. Hulle het soveel pret!*



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 8**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.



## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

## TERMYN 1

# Week 9

# TEMA:

## Stel doelwitte

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: ’n Trofee of medalje; ’n spaarvarkie of bankkaart; ’n lys van jou eie doelwitte.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld Watter tipe doelwitte moet ons kinders aanmoedig om te stel?
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 18, Ons lees

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 19, Ons skryf

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 20, Ons doen

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van hoe jy voel wanneer jy suksesvol is.

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### STEL DIE TEMA BEKEND: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1 Wys aan leerders die prentjie van Marie in die Grootboek storie Marie spaar
2 Vertel aan leerders die jul 'n nuwe tema begin wat Stel doelwitte, genoem word.
3 Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4 Vra aan leerders: *Wat weet julle reeds van die tema?*
5 Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6 Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a Wat is 'n doelwit?
   b Wie dink jy stel doelwitte?
   c Wanneer stel mense normaalweg doelwitte?

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - doelwit
   - bereik
   - sukses
   - suksesvol

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: Bobbejaan klim die berg.* | **Aksies** |
|---|---|
| Susara klim die berg) | *Leerlinge stap op die plek om klim aksie na te boots* |
| So haastig en so fluks) 2X | *Leerling staan op die plek en swaai hulle arms langs hulle sye om haas aan te toon* |
| Susara klim die berg,<br>om haar woorde te leer | *Leerlinge stap op die plek om klimaksie na te boots; hou hulle hande soos 'n oop boek om woorde te leer* |
| Hoera vir die flukse Susara | *Gooi hande in die lug en sing saam Hoera vir die flukse Susara.* |

## Handskrif

15 minute

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak.
2. Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** spreeu
   - **b** sneeu
   - **c** swaai
   - **d** kraai
   - **e** rooi
   - **f** kooi
   - **g** knoei
   - **h** broei
3. Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

### ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

## Pre-Lees

### BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: Marie spaar
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Skryf ’n lys van doelwitte wat jy graag wil bereik.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en maak ’n lys. Hierdie sal deel uitmaak van die klas leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

My doelwitte:

1 _____

2 _____

**DEMONSTREER**

1. Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor **sommige doelwitte wat hul het.**
2. Lees die skryfraamwerk aan die leerders voor.
3. Wys na die **opskrif** (***My gunsteling tipe vervoer***). Verduidelik dat die opskrif aan ons vertel waaroor die lys gaan.
4. Verduidelik dat ons vandag ’n lys gaan maak. Dit beteken dat ons twee doelwitte wat ons het gaan kies en elkeen langs ’n nommer gaan neerskryf.
5. **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
6. Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, bv. Ek het baie verskillende doelwitte. Ek wil regtig graag ’n maraton hardloop. Dit is ’n doelwit wat ek het. Ek wil ook leer skilder. Dit is ’n doelwit wat ek het. Ek wil graag leer Ndebele praat. Ek dink dit is belangrik om soveel moontlik tale te kan praat.
7. **Demonstreer** hoe jy ’n prentjie teken van hoe jy dink aan twee doelwitte wat jy het, bv. Hardloop en skilder (gebruik dink borrels / wolk bo jou kop!)
8. Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke woord.**
9. **Demonstreer** hoe om die eerste item op die lys te voltooi: **M**y doelwit is om te leer skilder.
10. Demonstreer hoe om die tweede item op die lys te voltooi: **M**y doelwit is om Ndebele te praat.
11. **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
12. **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
13. Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

WEEK 9

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Vra aan leerders: Wat is party dinge wat jy graag wil bereik? Wat is party doelwitte wat jy het?
2. Sê aan die leerders om te **dink voordat hulle** skryf.
3. Vra 2–3 leerders om jou te vertel van een van hul doelwitte.
4. Hulle moet sê My doelwit is om...
5. Verduidelik aan die leerders dat hulle nou gaan teken en ’n lys maak van hul eie doelwitte.

## SKRYFWERK

1. Deel **leerders se boeke** uit.
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om jou te **vertel van hul skryfwerk**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik.**
6. Moedig leerders aan.




My doelwitte:

1. My doelwit is om graad 2 deur te kom.
2. My doel is om vir die sokkerspan gekies te word.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hulle gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN KLANKE**

1. Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/ooi/ /aai/ /eeu/ /oei/ /kr/ /kn/ /pl/ /pr/ /st/ /sw/ /gl/ /gr/**
2. Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individuele leerders om die klanke te lees.
3. Plaas die klankekaarte op die swartbord.
4. Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaarte.
5. Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/woorde/en sinne

1. Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Wat kraai so vroeg in
die oggend?

Die hen broei op haar eiers.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees:

15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VISUALISEER**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Marie se maat, Busi het 'n pragtige pienk fiets. Elke dag dink Marie, "Ek wens ek het 'n fiets soos Busi! Dan kan ons saam fietsry." | |
| Eendag gaan Marie saam met haar pa winkel toe, sy sien 'n geel fiets, net soos Busi se pienk een. "O! Ek wil hierdie fiets koop!" sê Marie. Die fiets kos R200. "Asseblief pappa, sal jy die fiets vir my koop?"<br><br>"Ek sal die helfte van die fiets betaal," sê Marie se pa. "Jy sal moet werk en die res van die geld op jou eie spaar!" Marie se pa gee vir haar R100.<br><br>Toe Marie by die huis kom sit sy die geld in haar boonste laai, waar dit veilig sal wees. Dan dink en dink sy, "Hoe sal ek die res van die geld verdien om die pragtige geel fiets te koop?" | Ek kan myself voorstel hoe Marie op haar bed sit en hard dink oor hoe sy die res van die geld gaan verdien vir die nuwe fiets. Ek wed julle sy sit en dink hoe sy op die nuwe geel fiets gaan ry! |
| Die volgende dag kom kuier Busi met haar pragtige pienk fiets. Marie vertel vir Busi wat haar pa gesê het. "As ek genoeg geld kan spaar, kan ons saam op ons fietse ry!" sê Marie. "Ek het 'n plan!" sê Busi. "Miskien kan ons in die tuin werk, dan kan jou pa ons betaal. Dan kan jy daardie geld gebruik om jou fiets te koop!" Busi en Marie gaan na Marie se pa. "Pappa, sal jy ons betaal as ons in die tuin help?" vra Marie.<br><br>"Dit is 'n blink plan!" sê haar pa. "Ek het baie hulp nodig in so groot tuin! Ek sal julle elkeen R20 betaal vir elke dag wat julle help," sê hy. | |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Busi en Marie werk die hele dag. Aan die einde van die dag gee Marie se pa vir hulle elkeen RBusi gee haar geld vir Marie. “Om ’n fiets te hê sal baie meer pret wees as jy ook een het,” sê sy. “Sjoe, dankie Busi!” sê Marie.<br><br>Marie gaan terug na haar kamer. Sy sit haar nuwe R40 saam met haar R100. “Ek het nou R140!’ dink sy. Nog net ’n paar dae van werk en ek sal my fiets kan koop. | Ek kan myself voorstel hoe Marie en Busi in die tuin werk. Soos wat hulle werk, dink ek Marie dink net hoe sy op haar nuwe geel fiets gaan ry. |
| Maandag na skool, speel Busi en Marie saam in die tuin. Marie hoor ’n vreemde geluid. “Luister!” sê sy. “Hoor jy dit?” Busi kyk af. Sy sien ’n katjie wat vassit in die heining.” “Agge nee!” sê Busi. “Hierdie katjie sit vas!” Marie kniel af en help die katjie om los te kom. “Arme katjie!” sê sy. | Ek kan myself voorstel hoe Marie ’n vreemde geluid hoor en hoe sy rond kyk om te sien waar die geluid vandaan kom! |
| Busi hou die katjie vas, sy streel hom om hom te kalmeer. “Wat sal ons nou doen?” vra Marie. “Ek wed jou iemand is besig om na die katjie te soek.” | Ek kan myself voorstel hoe Busi die katjie streel om hom te kalmeer. |
| Net toe, sien hulle ’n plakkaat wat teen ’n boom vasgeplak is. Dit het ’n foto van presies die katjie wat hulle gevind het. Die woord “VERMIS” is in rooi letters. Hulle skryf die telefoonnommer neer. Dan hardloop hulle na Busi se huis. Busi se ma laat hulle haar telefoon gebruik om die nommer op die plakkaat te bel. Toe kom haal Brenda haar kat. Net soos wat Brenda oppad is om te gaan, haal sy R100 uit haar beursie. “Dankie dat julle my kat gevind het,” sê sy en gee die geld vir Busi.<br><br>“Kyk!” sê Busi, “Nou het jy genoeg geld vir jou fiets en daar is selfs geld oor!” | Ek kan myself voorstel hoe die meisies na Busi se huis hardloop en vir Busi se ma vertel van die vermiste kat! Ek kan myself voorstel hoe Busi se ma haar foon vir hulle uithaal. |
| VERMIS<br><br>Ek het ’n vermiste kat.<br><br>Dit is ’n gemmerkat en sy naam is Gemmer.<br><br>As jy hom vind skakel asseblief vir Brenda 01234567.<br><br>Ek sal die kat kom haal. | -- |
| Die volgende Saterdag gaan Marie en haar pa na die winkel om haar pragtige geel fiets te gaan koop. Toe ry sy en Busi hul pragtige fietse die hele dag saam, totdat die son water trek! | Ek kan myself voorstel hoe Busi en Marie saam af in die pad ry. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie het vir Marie geld gegee? | Haar pa, Busi en Brenda (die kateienaar) |
| Hoeveel geld het Marie nodig gehad vir 'n nuwe fiets? | Sy het R200 nodig gehad. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom wou Marie geld spaar? | • Omdat sy 'n nuwe fiets wou koop.<br>• Omdat sy 'n fiets soos haar maat Busi wou koop.<br>• Omdat sy graag saam met haar beste maat Busi wou fietsry.<br>• Omdat haar pa gesê het hy sal die helfte van<br>• die geld vir 'n nuwe fiets betaal, maar sy sal<br>• die ander helfte moet spaar. |



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - verbeter
   - beplan
   - kompetisie

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: Bobbejaan klim die berg.* | **Aksies** |
|---|---|
| Susara klim die berg | *Leerlinge stap op die plek om klim aksie na te boots* |
| So haastig en so fluks) 2X | *Leerling staan op die plek en swaai hulle arms langs hulle sye om haas aan te toon* |
| Susara klim die berg, om haar woorde te leer | *Leerlinge stap op die plek om klimaksie na te boots; hou hulle hande soos 'n oop boek om woorde te leer* |
| Hoera vir die flukse Susara | *Gooi hande in die lug en sing saam Hoera vir die flukse Susara.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL

1 Verdeel leerders in hul klein groepies
2 Gee aan elkeen 'n afskrif van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Sê aan die leerders om te dink aan 'n storie wat pas by die prentjies.
4 Gee aan die leerders 'n minuut of twee om aan idees te dink.
5 Nou moet elke leerder in die groep 'n beurt neem om hul weergawe van die storie te deel.
6 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
7 Herinner leerders om mooi na mekaar se stories te luister.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.



## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN WOORDE**

1. Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
2. Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3. As leerders nie ’n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/woorde/en sinne

1. Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en ’n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Thandi praat baie in die klas.

Die swart kat vreet die muis.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Maak ’n lys van doelwitte wat jy graag wil bereik.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en maak ’n lys deur van kommas gebruik te maak. Dit sal deel uitmaak van die klasboek vir die leeshoekie.

**SKRYFRAAMWERK:**

My doelwitte:

**1** _____

**2** _____

**3** _____

My doelwitte is om _____, _____, en _____.

**DEMONSTREER**

**1** Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan uitbrei op hul skryfwerk van Maandag.
**2** Vandag gaan hul een item byvoeg by hul lys van presente wat hulle Maandag begin het.
**3** Nou gaan hulle hul lys skryf in ’n sin wat kommas gebruik.
**4** Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
**5** **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
**6** Verduidelik van die idees wat jy het om die nuwe dele van die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek wil graag ’n beter vriend wees. Ek kan meer geduldig en vriendelik wees. Somtyds word ek maklik kwaad. My doelwit is om nie vir my vriende kwaad te word nie.
**7** **Demonstreer** hoe jy ’n nuwe dink borrel by jou prentjie voeg om jou nuwe doelwit te wys, bv. Hoe jy mediteer.
**8** Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. Trek ’n streep vir elke woord**.**
**9** **Demonstreer** hoe om die derde item op die lys te voltooi: **3.** xxx.
**10** **Demonstreer** hoe om die derde sin van die skryfraamwerk te voltooi. Verduidelik dat die laaste sin ’n verskillende tipe lys is. Ons moet die drie doelwitte wat ons gekies het in die lys invul. Verduidelik dat ’n komma en die woord ‘en’ die woorde op die lys van mekaar skei, bv. My doelwitte is om Ndebele te leer, te leer hoe om te skilder en om minder kwaad te word.
**11** **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
**12** **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
**13** **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan ons doelwitte wat ons graag wil bereik.
2. Vandag gaan ons by ons lys byvoeg.
3. Vra leerders: Watter ander doelwitte wil jy graag bereik?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om te **draai en praat** met 'n maat oor hul doelwitte.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel watter doelwitte hulle het.
9. Hulle moet sê: <u>My doelwitte is om...,... en...</u>
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik.
6. **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode neer sit.
2. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met 'n maat oor hul skryfwerk.

*Stel 'n boek saam van al die leerders se werk vir die week. Plaas dit in die leeshoekie waar die leerders dit kan lees in hul onafhanklike leestyd.*




My doelwitte:

1. My doelwit is om graad 2 deur te kom.
2. My doel is om vir die sokkerspan gekies te word.
3. My doel is om 'n vriendelike persoon te wees.

My doelwitte is om graad 2 deur te kom, vir die sokkerspan gekies te word en om 'n vriendelike persoon te wees.

## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________

1. Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Opbreek van woorde deur te klank – Hersiening

**EK DOEN...**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **spreeu, sneeu**
2 Sê die woord: **spreeu**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/sp/ – /r/ – /eeu/**
4 Sê die begin klank van die woord: **/sp/**
5 Sê die middelste klank van die woord: **/r/**
6 Sê die eind klank van die woord: **/eeu/**
7 Skryf nou die woord op die swartbord: **spreeu**
8 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/sp/** + **/r/** + **/eeu/** = **spreeu**
9 Herhaal dit met die volgende woord: **sneeu**

**ONS DOEN...**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **swaai, kraai**
2 Sê die woord: **swaai**
3 Vra 'n maat: Wat is die eerste klank van die woord? **/sw/**
4 Vra 'n maat: Wat is die laaste klank van die woord? **/aai/**
5 Vra 'n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/sw/ – /aai/**
6 Skryf die woord: **swaai**
7 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/sw/** + **/aai/** = **swaai**
8 Herhaal dit met die volgende woord: **kraai**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

WEEK 9

## Gedeeldelees: 15 minute

### Herhaalde lees

**LEESSTRATEGIEË: VISUALISEER**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Marie se maat, Busi het ’n pragtige pienk fiets. Elke dag dink Marie, “Ek wens ek het ’n fiets soos Busi! Dan kan ons saam fietsry.” | |
| Eendag gaan Marie saam met haar pa winkel toe, sy sien ’n geel fiets, net soos Busi se pienk een. “O! Ek wil hierdie fiets koop!” sê Marie. Die fiets kos R200. “Asseblief pappa, sal jy die fiets vir my koop?”<br>“Ek sal die helfte van die fiets betaal,” sê Marie se pa. “Jy sal moet werk en die res van die geld op jou eie spaar!” Marie se pa gee vir haar R100.<br>Toe Marie by die huis kom sit sy die geld in haar boonste laai, waar dit veilig sal wees. Dan dink en dink sy, “Hoe sal ek die res van die geld verdien om die pragtige geel fiets te koop?” | Ek kan myself voorstel hoe graag Marie die nuwe geel fiets wil hê. Al waaraan sy kan dink is hoe sy die geld gaan verdien om die fiets te koop! |
| Die volgende dag kom kuier Busi met haar pragtige pienk fiets. Marie vertel vir Busi wat haar pa gesê het. “As ek genoeg geld kan spaar, kan ons saam op ons fietse ry!” sê Marie. “Ek het ’n plan!” sê Busi. “Miskien kan ons in die tuin werk, dan kan jou pa ons betaal. Dan kan jy daardie geld gebruik om jou fiets te koop!” Busi en Marie gaan na Marie se pa. “Pappa, sal jy ons betaal as ons in die tuin help?” vra Marie.<br>“Dit is ’n blink plan!” sê haar pa. ”Ek het baie hulp nodig in so groot tuin! Ek sal julle elkeen R20 betaal vir elke dag wat julle help,” sê hy. | |
| Busi en Marie werk die hele dag. Aan die einde van die dag gee Marie se pa vir hulle elkeen RBusi gee haar geld vir Marie. “Om ’n fiets te hê sal baie meer pret wees as jy ook een het,” sê sy. “Sjoe, dankie Busi!” sê Marie.<br>Marie gaan terug na haar kamer. Sy sit haar nuwe R40 saam met haar R100. “Ek het nou R140!’ dink sy. Nog net ’n paar dae van werk en ek sal my fiets kan koop. | Ek kan myself voorstel hoe opgewonde Busi was toe sy hoor Marie gaan miskien ook ’n nuwe fiets kry! |
| Maandag na skool, speel Busi en Marie saam in die tuin. Marie hoor ’n vreemde geluid. “Luister!” sê sy. “Hoor jy dit?” Busi kyk af. Sy sien ’n katjie wat vassit in die heining.” “Agge nee!” sê Busi. “Hierdie katjie sit vas!” Marie kniel af en help die katjie om los te kom. “Arme katjie!” sê sy. | Ek kan myself voorstel Marie voel bang wanneer sy die vreemde geluid hoor! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Busi hou die katjie vas, sy streel hom om hom te kalmeer. “Wat sal ons nou doen?” vra Marie. “Ek wed jou iemand is besig om na die katjie te soek.” | Ek kan myself voorstel hoe Busi bekommerd voel oor wat hulle nou met die katjie moet doen. |
| Net toe, sien hulle ’n plakkaat wat teen ’n boom vasgeplak is. Dit het ’n foto van presies die katjie wat hulle gevind het. Die woord “VERMIS” is in rooi letters. Hulle skryf die telefoonnommer neer. Dan hardloop hulle na Busi se huis. Busi se ma laat hulle haar telefoon gebruik om die nommer op die plakkaat te bel. Toe kom haal Brenda haar kat. Net soos wat Brenda oppad is om te gaan, haal sy R100 uit haar beursie. “Dankie dat julle my kat gevind het,” sê sy en gee die geld vir Busi.<br><br>“Kyk!” sê Busi, “Nou het jy genoeg geld vir jou fiets en daar is selfs geld oor!” | Ek kan myself voorstel hoe opgewonde Busi was toe sy die R100 sien. Sy is opgewonde, want sy besef Marie het nou genoeg geld om haar fiets te koop! |
| VERMIS<br><br>Ek het ’n vermiste kat.<br><br>Dit is ’n gemmerkat en sy naam is Gemmer.<br><br>As jy hom vind skakel asseblief vir Brenda 01234567.<br><br>Ek sal die kat kom haal. | -- |
| Die volgende Saterdag gaan Marie en haar pa na die winkel om haar pragtige geel fiets te gaan koop. Toe ry sy en Busi hul pragtige fietse die hele dag saam, totdat die son water trek! | Ek kan my self voorstel hoe gelukkig die meisies is dat hulle saam kan ry! Ek kan myself voorstel dat hulle glimlag en skaterlag soos wat hulle saam ry. |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Hoe het Marie geld verdien? | • Sy het in die tuin gewerk.<br>• Busi het in die tuin gewerk en haar geld vir Marie gegee.<br>• Hulle het ’n kat gevind en die eienaar het hulle beloon met geld. |
| Hoeveel geld het die meisies oor gehad? | Die meisies het R40 oor gehad. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het Busi haar geld vir Marie gegee? | • Omdat sy haar maat wou help om vir ’n fiets te spaar.<br>• Omdat sy reeds ’n fiets gehad het.<br>• Omdat sy ’n vriendelike en hulpvaardige maat is.<br>• Omdat dit baie lekkerder is om fiets te ry<br>• saam met ’n maat. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder die **Lees Werksblad 9** het.
2 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul tafels.
5 Doen ’n Lees Oorgangsaktiwiteit.
6 Verduidelik **Donderdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite

15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - spaar
   - oefen
   - beloning

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: Bobbejaan klim die berg.* | **Aksies** |
|---|---|
| Susara klim die berg) | *Leerlinge stap op die plek om klim aksie na te boots* |
| So haastig en so fluks) 2X | *Leerling staan op die plek en swaai hulle arms langs hulle sye om haas aan te toon* |
| Susara klim die berg,<br>om haar woorde te leer | *Leerlinge stap op die plek om klimaksie na te boots; hou hulle hande soos 'n oop boek om woorde te leer* |
| Hoera vir die flukse Susara | *Gooi hande in die lug en sing saam Hoera vir die flukse Susara.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
   a Marie se doelwit is om…
   b Sy bereik haar doelwit wanneer…
   c Hierdie storie leer my dat …
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepies.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Kry die hele klas se aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Vind woorde

Teken die table op die swartbord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| ooi | Aai | eeu |
|---|---|---|
| a | s | p |
| oei | kr | kn |
| t | l | n |
| pl | pr | st |
| m | d | o |
| sw | gl | gr |
| g | u | k |

**WYS HOE**

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

**LEERDERS DOEN**

1. Leerders maak hulle boeke oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde te deel met die klas en dit op die swartbord te skryf..

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________



## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP / SOEK DIE TEKS**

**ILLUSTREER DIE TEKS**

1. Laat die leerders by hul tafels sit, met hul werkboeke of skoon papier, potlode of kryte.
2. Skryf die volgende op die swartbord:
   **a** Ek verbeel my (visualiseer) ________________
   **b** Dit lyk / ruik / voel ____________________
3. Sê aan leerders dat hulle nou iets van die teks gaan visualiseer.
4. Vra die leerders om hul oë toe te maak en te ontspan. Lees die teks nog een keer deur.
5. Vra die leerders om hul oë oop te maak, en te teken wat hul van die teks gevisualiseer het.
6. Sê aan leerders om 1–2 byskrifte tot die prentjie te maak.
7. Sê aan leerders om die sinne in hul boeke te voltooi.
8. Ten slotte, laat leerders toe om te draai en praat, en om hul visualisering met 'n maat te deel.



## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE: ________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 9**.
2. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening

15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het gedurende die week by die skool.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*

# Graad 2

# TERMYN 1

# Week

# 10

# TEMA:

## Stel doelwitte

## Voorbereiding van Klaskamer

1. Aan die begin van die week, maak seker dat jou klaskamer netjies en skoon is.
2. Hersien jou **VERTOONBORDE**, deur items wat nie meer relevant is nie te verwyder, en bêre dit netjies en versigtig
3. Volgende, berei die flitskaart woorde en tema woorde illustrasie voor wat jy gaan gebruik.
4. Vind en berei items voor vir jou tema, muur en tafel wat jou leerders interessant sal vind, byvoorbeeld: ’n prentjie van iemand wat ’n kompetisie wen; ’n prentjie van ’n gestremde kind wat iets doen.
5. Doen navorsing op die internet om voor te berei vir die tema. Byvoorbeeld: kyk na Carol Dweck’s TED waar sy gesels oor Groei Ingesteldheid.
6. Maak seker dat alle leerders se boeke / oefeningboeke en DVO Werkboeke gemerk is en netjies gebêre is waar hulle hoort.
7. Maak seker dat al jou grootboeke, graad leesboeke en klasbiblioteekboeke in goeie toestand is.

## Uitbreidingsaktiwiteite

Hierdie aktiwiteite kan gebruik word as onafhanklike werk vir leerders wat hul werk vroeg klaarkry OF terwyl jy leerders assesseer.

**Aktiwiteit 1:** DvO Werkboek 1: Bladsy 21, Ons skryf

**Aktiwiteit 2:** DvO Werkboek 1: Bladsy 22, Ons lees

**Aktiwiteit 3:** DvO Werkboek 1: Bladsy 23, Ons skryf

**Aktiwiteit 4:** Teken ’n prentjie van jouself wat hard werk.

# Maandag

## Verbale aktiwiteite

15 minute

### HERSIEN DIE TEMA: ASSESSEER VORIGE KENNIS

1. Wys aan die leerder die prentjies van die pa wat met sy seuns gesels in die Grootboek storie: Die wyse seun
2. Vertel aan leerders dat jul voortgaan met jul tema: Stel doelwitte
3. Teken 'n sirkel met die naam van die **tema** in die middel van die swartbord.
4. Vra die leerders: *Wat het julle sovêr geleer omtrent die tema?*
5. Skryf die leerders se idees neer rondom die breinkaart. Groepeer soortgelyke idees bymekaar.
6. Indien leerders sukkel om te antwoord, vra die volgende leidende vrae:
   a. Watter doelwit het Marie bereik?
   b. Hoe het sy dit bereik?
   c. Wat is 'n paar strategieë wat ons gebruik om ons doelwitte te bereik?

### TEMA WOORDESKAT

1. Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2. Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
   - strategie
   - wys
   - slim

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: Bobbejaan klim die berg.* | **Aksies** |
|---|---|
| Susara klim die berg) | *Leerlinge stap op die plek om klim aksie na te boots* |
| So haastig en so fluks) 2X | *Leerling staan op die plek en swaai hulle arms langs hulle sye om haas aan te toon* |
| Susara klim die berg,<br>om haar woorde te leer | *Leerlinge stap op die plek om klimaksie na te boots; hou hulle hande soos 'n oop boek om woorde te leer* |
| Hoera vir die flukse Susara | *Gooi hande in die lug en sing saam Hoera vir die flukse Susara.* |

## Handskrif

15 minute

1. Sê aan die leerders om hul boeke oop te maak.
2. Roep die volgende klanke en woorde uit sodat die leerders dit kan neerskryf.
   - **a** knoop
   - **b** prooi
   - **c** kreef
   - **d** plaak
   - **e** swart
   - **f** stout
   - **g** plaas
   - **h** grys
3. Volgende, sê aan die leerders om hul kleurpotlode te gebruik om hul eie werk na te sien.
4. Skryf die klanke en woorde duidelik op die swartbord.
5. Neem die leerders se boeke in aan die einde van die dag en maak notas van wie addisionele hulp nodig het.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeelde lees:

15 minute

### Pre-Lees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: VOORSPEL**

1. Laat leerders op die mat sit sodat hulle die Grootboek kan sien.
2. Maak die Grootboek oop by die storie: <u>Die wyse seun</u>
3. Gaan deur die prentjies van elke bladsy en vra leerders wat hulle dink gaan gebeur.
4. Help leerders om die prentjies met mekaar te verbind, sodat hulle ’n goeie idee het waaroor die storie gaan.
5. Stel nuwe woorde bekend by die relevante dele van die storie.
6. Lees die storie een maal deur, sonder om te stop.

## Skryfwerk: 30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Kies een doelwit en skryf oor hoe jy die doelwit gaan bereik. Jy mag van jou lys kies wat jy laas week gemaak het, of ’n nuwe doelwit kies.

**OPDRAG:** Teken ’n prentjie en skryf twee sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

My doelwit is...

Ek stel hierdie doelwit, want...

#### DEMONSTREER

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag gaan skryf oor doelwit wat hulle het. Hulle moet dink hoekom dit vir hul belangrik is om hierdie doelwit te bereik.
2 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf.**
3 Vertel die leerders van idees wat jy het om die skryfraamwerk te voltooi, soos: Ek wil graag my lees verbeter. Ek wil ’n vinniger leser wees. Ek wil in staat wees om langer en interessanter stories te lees. Ek stel hierdie doelwit, want ek weet dat lees ’n belangrike vaardigheid is.
4 **Demonstreer** hoe jy ’n prentjie teken van jou idee, bv. Waar jy by die huis, langs ’n lamp lees.
5 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek ’n streep vir elke woord.**
6 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi**: My doelwit is** om my lees te verbeter. **Ek stel hierdie doelwit omdat** lees ’n belangrike vaardigheid is.
7 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
8 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
9 Vee jou voorbeeld af van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs ’n voorbeeld was en dat leerders hul eie idees moet neerskryf.

#### VERBALE INSTRUKSIES

1 Vra leerders: Watter doelwitte wil jy graag bereik? Hoekom is hierdie doelwit vir jou belangrik?
2 Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
3 Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
4 Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat waaroor hulle gaan skryf.
5 Gee aan leerders 2–3 minute om te draai en praat.

**6** Vra 3–4 leerders om jou te vertel oor wie of wat hulle gaan skryf.
**7** Hulle moet sê: My doelwit is … Ek stel hierdie doelwit omdat …
**8** Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

**SKRYFWERK**

**1** Deel **leerders se boeke** uit.
**2** Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
**3** As Vra leerders om **hul skryfwerk te lees.**
**4** Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
**5** Help leerders om woorde **stadig te sê** en om **hulpbronne te gebruik**.
**6** Moedig leerders aan.



My doel is om vir die sokkerspan gekies te word.
Ek stel hierdie doel omdat ek baie daarvan hou om sokker te speel.



## Groepbegeleide Lees

30 minute

**GROEPE:** ____________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Maandag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Dinsdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN KLANKE**

1 Sê die klank en hou die flitskaarte op van al die klanke wat in die termyn gedek is: **/ooi/ /aai/ /eeu/ /oei/ /kr/ /kn/ /pl/ /pr/ /st/ /sw/ /gl/ /gr/**
2 Wys die flitskaarte in verskillende volgorde en vra individule leerders om die klanke te lees.
3 Plaas die klankekaarte op die swartbord.
4 Vra verskillende leerders om woorde op die swartbord te kom bou met die klankkaarte.
5 Vra dan die leerders om so veel as moontlik woorde te bou en in hulle skrifte te skryf.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ____________________

Woorde: ____________________

______________________________

Sin: ____________________

______________________________

## Skrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/woorde/en sinne

1 Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2 Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3 Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

Die nooi dra n rooi trui.

Mamma werk 'n knoop aan my hemp.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees:

15 Minute

### Aanvangslees

**BEGRIPSSTRATEGIEË: LEI AF**

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mpumi en haar susters was mal daaroor om in die winter vakansie by hulle ouma in die dorpie Zinyoka te gaan kuier. Saans het ouma buite 'n groot vuur gemaak, dan het almal om die vuur gesit en tee drink terwyl die vuur hulle lekker warm hou. | Dit is baie spesiaal wanneer Mpumi en haar susters by hulle ouma gaan kuier. |
| Een aand het oom Kwezi kom kuier. In hulle familie was hy bekend as die beste storieverteller. Hy was 'n baie stil man, so almal het geweet hy is nie altyd lus vir stories vertel nie.<br><br>Mpumi en haar susters het gesit en kyk hoe oom Kwezi sy tee sit en drink. Later kon Mpumi dit nie meer hou nie. "Asseblief, asseblief vertel vir ons 'n storie! Ons hoor oom se stories is die heel beste!" het sy haar oom gesmeek.<br><br>Oom Kwezi het verras opgekyk en vir Mpumi geglimlag.<br><br>"Ek sal my gunsteling storie vertel, net omdat julle van so ver kom kuier het," het hy ingestem. | Dit is selfs meer spesiaal wanneer oom Kwezi kom kuier – Ek kan **aflei** dat hulle al baie van sy stories gehoor het, maar nog nooit self na een kon luister nie. |
| Een dag lank, lank gelede was daar 'n boer wat drie seuns gehad het. Hy het oud en sieklik begin word en hy het gedink hy moet begin besluit vir watter seun hy die plaas gaan nalaat na sy dood. "Om te kan boer moet jy goed kan dink en kan beplan" het hy gedink. "Ek moet die plaas los vir die seun wat die deeglikste kan dink en beplan." | Ek kan **aflei** dat die pa nie weet watter een van die seuns die plaas verdien nie. |
| Een middag roep die ou boer sy drie seuns na die skuur. | Ek kan **aflei** dat die pa nie wil besluit sonder meer inligting nie! Hy wil die plaas gee aan die een wat dit die meeste verdien. |

| **Teks** | **Aanvangslees (Dink hardop)** |
|---|---|
| "Wanneer ek nie meer daar is nie, gaan een van julle die plaas kry," sê hy vir sy seuns, "dan sal dit jou werk wees om vir jou broers te sorg. Ek moet besluit watter een van julle gaan die beste na die plaas omsien wanneer ek weg is."<br><br>Die seuns het na mekaar gekyk en gewonder watter een van hulle verdien die plaas. | |
| "Sien julle hierdie groot skuur?" vra die ou boer. "Julle het elkeen vyf dae om dit vol te maak met enige iets van julle keuse. Die hele skuur moet binne vyf dae vol wees." | Ek kan **aflei** die pa hou 'n kompetisie sodat hy makliker kan sien wie die plaas verdien. |
| Die oudste seun het eerste probeer. Hy het besluit hy gaan die skuur vol sand maak. Hy het kruiwa na kruiwa vol sand gemaak vanuit die rivierbedding. Hy het hard gewerk, maar teen die vyfde dag was die skuur nog nie eens half vol nie. | Ek kan **aflei** dat die oudste seun hardwerkend is. Sy idee het nie gewerk nie. Ek dink hy moes 'n beter plan gemaak het! |
| Die middelste seun het volgende probeer. Hy het besluit om die skuur vol mielies te maak. Hy het armsvol na armsvol mielies vanuit die lande na die skuur gedra. Hy het ywerig gewerk, maar teen die vyfde dag was die skuur slegs half vol! | Ek kan **aflei** dat die middelste seun hardwerkend is. Sy idee het nie gewerk nie. Ek dink hy moes 'n beter plan gemaak het? |
| Die jongste seun was die laaste een om die taak aan te pak. Hy het sy eerste dag in die skaduwee onder die boom lê en dink.<br><br>"Hy is so lui!" het sy oudste broer gedink. "Ek gaan verseker die plaas kry!"<br><br>Op die tweede dag het die jongste broer weer gesit, hy het gelees en gedink oor wat om te doen.<br><br>"Hy is so onverantwoordelik!" het die middelste broer gedink. "Ek gaan verseker die plaas kry!" Op die derde dag het die jongste broer met 'n notaboek gesit, gedink en beplan wat om te doen.<br><br>"Hy werk nie hard nie!" het sy pa gedink. "Hy gaan niks bereik nie!" | Ek kan **aflei** dat niemand dink die jongste broer verdien die plaas nie. Hulle dink net hy sit en niks doen nie! |
| Op die vierde dag is die broer reeds vroeg dorp toe. Hy het daardie aand huis toe gekom met 'n klein sakkie. Teen hierdie tyd het sy familie gedink hy gee nie om vir die plaas nie. | Ek kan **aflei** dat die jongste broer se sak die res van die familie verwar het, want dit was so klein. Die res van die familie moes gedink het daar is geen manier dat hy gaan wen nie! |
| Op die vyfde dag praat sy pa uiteindelik met hom. "Hoekom doen jy niks nie? Jy is besig om my te beledig!" skree hy.<br><br>"Nee pa! Vertrou my. Ek het 'n goeie plan!" | |

| Teks | Aanvangslees (Dink hardop) |
|---|---|
| Toe dit donker word op die vyfde dag, roep die jongste broer sy pa na die skuur. Uit sy klein sakkie haal hy 'n groot kers en sit dit in die middel van die skuur op die grond neer. Hy steek die kers aan en die hele skuur word verlig.<br>Sy pa kyk hom met verwondering aan. "Jy is so slim. Jy is die enigste een wat die skuur kon vol maak. Die plaas gaan na jou toe!" | Ek kan **aflei** dat sy pa nooit gedink het die jongste seun kan 'n wenner wees nie, want hy is heeltemal verwonderd! Tog was hy die enigste een wat dit kon regkry! |
| Oom Kwezi kyk na Mpumi en haar susters. "Nou sien julle – harde werk is belangrik, maar jy moet ook goed kan beplan!" | Oom Kwezi moes hierdie storie vertel het om die meisies 'n les te leer. Ons moet dink en beplan om suksesvol te wees! |

| **Opvolg vrae** | **Moontlike antwoorde** |
|---|---|
| Waarmee het die eerste broer die skuur probeer volmaak? | Die eerste broer het dit met sand probeer volmaak. |
| Waarmee het die tweede broer die skuur probeer volmaak? | Die tweede broer het dit met mielies probeer volmaak. |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het die derde seun die plaas gekry? | • Omdat hy die seun was wat die skuur kon volmaak.<br>• Omdat hy die hele skuur gevul het met lig.<br>• Omdat hy 'n goeie plan gemaak het.<br>• Omdat hy 'n beter plan as sy broers gehad het.<br>• Omdat hy baie slim was. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Dinsdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Woensdag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- lui
- fluks
- verdien

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: Bobbejaan klim die berg.* | **Aksies** |
|---|---|
| Susara klim die berg) | *Leerlinge stap op die plek om klim aksie na te boots* |
| So haastig en so fluks) 2X | *Leerling staan op die plek en swaai hulle arms langs hulle sye om haas aan te toon* |
| Susara klim die berg,<br>om haar woorde te leer | *Leerlinge stap op die plek om klimaksie na te boots; hou hulle hande soos 'n oop boek om woorde te leer* |
| Hoera vir die flukse Susara | *Gooi hande in die lug en sing saam Hoera vir die flukse Susara.* |

### KREATIEWE STORIE VERTEL




1 Verdeel leerders in hul klein groepies.
2 Gee aan elk 'n kopie van die kreatiewe storievertel prentjies.
3 Herinner die leerders dat hul die vorige week hul eie stories opgemaak het oor die prentjies.
4 Hierdie week moet die leerders as 'n groep saamwerk om te besluit op 'n groepstorie.
5 Herinner leerders daaraan dat hul storie kreatief moet wees, maar ook by die prentjies moet pas!
6 Roep die klas tot aandag.
7 Vra 1–2 groepe om hul groepstorie met die klas te deel.
8 Bedank die leerders dat hulle hul stories gedeel het.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Hersiening van klanke en woorde.

**HERSIEN WOORDE**

1. Jy moet jou klankekaarte gereed hê vir hierdie les..
2. Vertoon elke woord apart en vra verskillende leerders om dit te lees.
3. As leerders nie 'n woord kan lees nie, help hulle om die woord te klank.

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Skrif: 15 minute

### Hersien nuwe letters/ woorde/ en sinne

1. Wys die leerders hoe om kort sinne te skryf op die swartbord.
2. Herinner hulle daaraan dat sinne met hoofletters begin en 'n punt aan die einde kry.
3. Die leerders moet dan die sinne in hulle skrifte skryf.

My stoel het gebreek vandag.

Oupa groei groente in die groentetuin.

**ALTERNATIEWE HANDSKRIF PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

## Skryfwerk:

30 minute

### Beplan en Berei voor

**ONDERWERP:** Kies een doelwit en skryf oor hoe jy die doelwit gaan bereik. Jy mag van jou lys kies wat jy laas week gemaak het, of 'n nuwe doelwit kies.

**OPDRAG:** Teken 'n prentjie en skryf twee sinne.

**SKRYFRAAMWERK:**

My doelwit is om...

Ek stel hierdie doelwit, omdat...

Om my doelwit te bereik moet ek...,... en...

Wanneer ek die doelwit bereik, sal ek...

**DEMONSTREER**

1 Verduidelik aan die leerders dat hul vandag twee sinne gaan byvoeg by die skryfwerk van Maandag.
2 Vandag gaan hulle dink oor hoe hulle hul doelwit gaan bereik en hoe hulle mag voel wanneer dit bereik is.
3 Lees die nuwe skryfraamwerk aan die leerders voor.
4 **Demonstreer** aan die leerders dat jy moet **dink voordat jy skryf**.
5 Verduidelik sommige idees wat jy het om die skryfraamwerk in te vul, bv.: Ek weet dat indien ek my leeswerk wil verbeter, ek baie sal moet oefen. Om dit te doen sal ek boeke by die biblioteek moet uitneem!
6 **Demonstreer** hoe jy byvoeg tot jou prentjie, soos: 'n Groot stapel boeke langs jou.
7 Verduidelik watter woorde jy gaan skryf. **Trek 'n streep vir elke woord.**
8 **Demonstreer** hoe om die skryfraamwerk te voltooi, bv.: Om hierdie doelwit te bereik sal ek meer lees, by die huis oefen en nuwe boeke by die biblioteek uitneem. Wanneer ek hierdie doelwit bereik, sal ek so trots wees op myself.
9 Verduidelik dat die eerste nuwe sin 'n lys is en dat elke item geskei moet word deur 'n komma of die woord 'en'. Herinner leerders daaraan dat ons die tipe lys ook verlede week geskryf het!
10 **Sê die woorde stadig en skryf die klanke wat jy ken.**
11 **Gebruik** hulpbronne, soos sigwoorde en temawoordeskat woorde, om jou te help met woorde waarmee jy sukkel.
12 **Vee jou voorbeeld af** van die swartbord. Verduidelik dat dit slegs 'n voorbeeld was en dat **leerders hul eie idees moet neerskryf**.

## VERBALE INSTRUKSIES

1. Herinner leerders daaraan dat ons Maandag gedink het aan ’n Doelwit waaraan ons sal werk om te bereik.
2. Vandag gaan ons sinne by ons skryfwerk voeg.
3. Vra leerders: Wat sal jy doen om jou doelwit te bereik? Hoe sal jy dit bereik?
4. Sê aan leerders om te **dink voordat hulle skryf**.
5. Verduidelik aan leerders dat hulle aan hul eie idees moet dink – hulle moet **nie** jou idees gebruik nie!
6. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor hoe hulle hul doelwit gaan bereik.
7. Gee aan leerders 2–3 minute om te **draai en praat.**
8. Vra 3–4 leerders om jou te vertel hoe hulle hul doelwit gaan bereik.
9. Hulle moet sê: Om hierdie doelwit te bereik sal ek,...,... en...
10. Verduidelik aan leerders dat hulle nou die skryfraamwerk gaan gebruik om hul eie idees te teken en neer te skryf!

## SKRYFWERK

1. **Deel leerders se boeke uit.** Sê aan leerders om te blaai na hul skryfwerk van Maandag. Hulle gaan nou nog daartoe **byvoeg**!
2. Terwyl leerders skryf, stap in die klas rond en hou **mini konferensies.**
3. Vra leerders om hul **skryfwerk te lees**.
4. Help leerders om hul skryfraamwerk te voltooi.
5. Help leerders om woorde **stadig** te sê en om **hulpbronne** te gebruik**.**
6. **Moedig leerders aan.**

## DRAAI EN PRAAT

1. Wanneer daar 2–3 minute oor is, sê aan leerders om hul potlode te bêre.
2. Sê aan leerders om om te **draai en te praat** met ’n maat oor hul skryfwerk.

*Hang leerders se skryfwerk op leerder* ***ooghoogte*** *in die klaskamer. Dit help die leerders om gesprekke oor die tema te hê.*



My doel is om vir die sokkerspan gekies te word. Ek stel hierdie doel omdat ek baie daarvan hou om sokker te speel.
Om my doel te bereik sal ek oefen, fiks word en die sokker proewe bywoon. Wanneer ek hierdie doelwit bereik, sal ek baie trots wees.

## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE:** ____________________

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6. Verduidelik **Woensdag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

# Donderdag

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Opbreek van woorde deur te klank – Hersiening

**EK DOEN…**

1 Gebruik 2 woorde wat dieselfde klink: **rooi, kooi**
2 Sê die woord: **rooi**
3 Breek die woord op in individuele klanke: **/r/ – /ooi/**
4 Sê die begin klank van die woord: **/r/**
5 Sê die eind klank van die woord: **/ooi/**
6 Skryf nou die woord op die swartbord: **rooi**
7 Wys elke klank, sê dit, en verbind die klanke om n woord te vorm: **/r/** + **/ooi/** = **rooi**
8 Herhaal dit met die volgende woord: **kooi**

**ONS DOEN…**

1 Gebruik 2 ander woorde wat dieselfde klink, byvoorbeeld: **knoei, broei**
2 Sê die woord: **knoei**
3 Vra 'n maat: Wat is die eerste klank van die woord? **/kn/**
4 Vra 'n maat: Wat is die laaste klank van die woord? **/oei/**
5 Vra 'n maat om die woord op te breek in individuele klanke: **/kn/** + **/oei/**
6 Skryf die woord: **knoei**
7 Sê die leerders moet die klanke in die woord saam met jou bou: **/kn/** + **/oei/** = **knoei**
8 Herhaal dit met die volgende woord: **broei**

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

WEEK 10

## Gedeeldelees: 15 minute

### Herhaalde lees

**LEESSTRATEGIEË: LEI AF**

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Mpumi en haar susters was mal daaroor om in die winter vakansie by hulle ouma in die dorpie Zinyoka te gaan kuier. Saans het ouma buite 'n groot vuur gemaak, dan het almal om die vuur gesit en tee drink terwyl die vuur hulle lekker warm hou. | |
| Een aand het oom Kwezi kom kuier. In hulle familie was hy bekend as die beste storieverteller. Hy was 'n baie stil man, so almal het geweet hy is nie altyd lus vir stories vertel nie.<br><br>Mpumi en haar susters het gesit en kyk hoe oom Kwezi sy tee sit en drink. Later kon Mpumi dit nie meer hou nie. "Asseblief, asseblief vertel vir ons 'n storie! Ons hoor oom se stories is die heel beste!" het sy haar oom gesmeek.<br><br>Oom Kwezi het verras opgekyk en vir Mpumi geglimlag.<br><br>"Ek sal my gunsteling storie vertel, net omdat julle van so ver kom kuier het," het hy ingestem. | |
| Een dag lank, lank gelede was daar 'n boer wat drie seuns gehad het. Hy het oud en sieklik begin word en hy het gedink hy moet begin besluit vir watter seun hy die plaas gaan nalaat na sy dood. "Om te kan boer moet jy goed kan dink en kan beplan" het hy gedink. "Ek moet die plaas los vir die seun wat die deeglikste kan dink en beplan." | Ek kan **aflei** dat die pa nie weet watter van sy seuns die deeglikste beplan en dink nie. Hy wil nie die plaas los vir een wat dit nie gaan goed oppas nie. |
| Een middag roep die ou boer sy drie seuns na die skuur.<br><br>"Wanneer ek nie meer daar is nie, gaan een van julle die plaas kry," sê hy vir sy seuns, "dan sal dit jou werk wees om vir jou broers te sorg. Ek moet besluit watter een van julle gaan die beste na die plaas omsien wanneer ek weg is."<br><br>Die seuns het na mekaar gekyk en gewonder watter een van hulle verdien die plaas. | Ek kan **aflei** dat die pa die plaas wil gee aan die een wat die beste na die res van die familie sal omsien! |
| "Sien julle hierdie groot skuur?" vra die ou boer. "Julle het elkeen vyf dae om dit vol te maak met enige iets van julle keuse. Die hele skuur moet binne vyf dae vol wees." | Ek kan **aflei** dat die pa regverdig wil wees en die plaas wil gee aan die een wat hom die beste van sy taak gaan kwyt. |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Die oudste seun het eerste probeer. Hy het besluit hy gaan die skuur vol sand maak. Hy het kruiwa na kruiwa vol sand gemaak vanuit die rivierbedding. Hy het hard gewerk, maar teen die vyfde dag was die skuur nog nie eens half vol nie. | Ek kan **aflei** dat die pa die oudste seun goed dophou om te sien of hy die beste persoon gaan wees om die plaas te kry. |
| Die middelste seun het volgende probeer. Hy het besluit om die skuur vol mielies te maak. Hy het armsvol na armsvol mielies vanuit die lande na die skuur gedra. Hy het ywerig gewerk, maar teen die vyfde dag was die skuur slegs half vol! | Ek kan **aflei** dat die pa waardevolle inligting kry oor watter tipe boer elk van sy seuns sal wees! |
| Die jongste seun was die laaste een om die taak aan te pak. Hy het sy eerste dag in die skaduwee onder die boom lê en dink.<br><br>"Hy is so lui!" het sy oudste broer gedink. "Ek gaan verseker die plaas kry!"<br><br>Op die tweede dag het die jongste broer weer gesit, hy het gelees en gedink oor wat om te doen.<br><br>"Hy is so onverantwoordelik!" het die middelste broer gedink. "Ek gaan verseker die plaas kry!" Op die derde dag het die jongste broer met 'n notaboek gesit, gedink en beplan wat om te doen.<br><br>"Hy werk nie hard nie!" het sy pa gedink. "Hy gaan niks bereik nie!" | Ek kan **aflei** dat dit lyk asof hy lui is, maar eintlik is hy besig om te dink en te beplan! Ek dink soms is dinge nie altyd soos wat dit lyk nie. |
| Op die vierde dag is die broer reeds vroeg dorp toe. Hy het daardie aand huis toe gekom met 'n klein sakkie. Teen hierdie tyd het sy familie gedink hy gee nie om vir die plaas nie. | Ek kan **aflei** dat die res van die mense in die familie nie so kreatief is soos die derde seun nie. Niemand verstaan dat hy dalk 'n ander plan het as hulle nie, selfs al het hulle planne nie gewerk nie! |
| Op die vyfde dag praat sy pa uiteindelik met hom. "Hoekom doen jy niks nie? Jy is besig om my te beledig!" skree hy.<br><br>"Nee pa! Vertrou my. Ek het 'n goeie plan!" | Ek kan sien die jongste seun is vol selfvertroue dat sy plan gaan werk. Ek kan **aflei** dit is omdat hy so baie daaroor gedink het! |
| Toe dit donker word op die vyfde dag, roep die jongste broer sy pa na die skuur. Uit sy klein sakkie haal hy 'n groot kers en sit dit in die middel van die skuur op die grond neer. Hy steek die kers aan en die hele skuur word verlig.<br><br>Sy pa kyk hom met verwondering aan. "Jy is so slim. Jy is die enigste een wat die skuur kon vol maak. Die plaas gaan na jou toe!" | Die pa het nie geweet na wie die plaas moes gaan nie, maar die kompetisie het dit vir hom maklik gemaak om te besluit! Ek dink dit is presies hoekom die pa aan so ingewikkelde kompetisie gedink het! |

| Teks | Herhaalde lees (Dink hardop) |
|---|---|
| Oom Kwezi kyk na Mpumi en haar susters. “Nou sien julle – harde werk is belangrik, maar jy moet ook goed kan beplan!” | Ek kan **aflei** dat iemand wat sit en dink en beplan lyk of hulle niks doen nie, maar dit is belangrik en dit help ons om take beter af te handel. |

| Opvolg vrae | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| Wie vertel die storie? | Oom Kwezi vertel die storie aan Mpumi en haar sussies. |
| Wat is die boodskap van die storie? | Die boodskap is dat harde werk belangrik is, maar jy ook goed moet beplan! |
| **Hoekom vrae** | **Moontlike antwoorde** |
| Hoekom het die pa sy seuns gevra om die skuur vol te maak? | • Omdat hy ’n kompetisie uitgedink het om te sien wie die plaas moet kry.<br>• Omdat hy ’n manier gesoek het om te sien wie die plaas moet kry.<br>• Omdat hy wou sien watter seundie skuur in vyf dae kon volmaak.<br>• Omdat hy wou sien watter seun die beste probleem oplosser is en dan die beste na die plaas sal kan omsien. |



## Groep Begeleidelees

30 minute

**GROEPE: ____________________________**

1. Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10** het.
2. Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 1 aan die hele klas.
3. Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4. Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5. Doen ’n Lees Oorgangsaktiwiteit.
6. Verduidelik **Donderdag** Aktiwiteit 2 aan die hele klas.
7. Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8. Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9. Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of – aktiwiteite.

# Vrydag

## Mondelinge Aktiwiteite 15 minute

### TEMA WOORDESKAT

1 Leer d.m.v. Progressiewe Prestasietoetse (PATS)
2 Vertoon woorde en illustrasies op die Tema Woordeskatbord.
- prestasie
- erf
- kreatief

| **Rympie of Liedjie**<br>*Wysie: Bobbejaan klim die berg.* | **Aksies** |
|---|---|
| Susara klim die berg | *Leerlinge stap op die plek om klim aksie na te boots* |
| So haastig en so fluks 2X | *Leerling staan op die plek en swaai hulle arms langs hulle sye om haas aan te toon* |
| Susara klim die berg,<br>om haar woorde te leer | *Leerlinge stap op die plek om klimaksie na te boots; hou hulle hande soos 'n oop boek om woorde te leer* |
| Hoera vir die flukse Susara | *Gooi hande in die lug en sing saam Hoera vir die flukse Susara.* |

### BESPREKING VAN GEDEELDELEES TEKS

1 Skryf die bepsrekingsraamwerk op die swartbord:
   a In hierdie storie...
   b My gunsteling deel van die storie was...
   c Ek dink hierdie storie is geskryf om jy te leer...
2 Lees die bepsrekingsraamwerk aan die leerders.
3 Verdeel leerders in hul **klein groepies.**
4 Sê aan die leerders dat elkeen 'n beurt moet neem om elke beprekinsvraag te antwoord.
5 Roep die klas tot aandag.
6 Vra aan verskillende leerders, of 'n spesifieke groep om hul antwoorde te deel.
7 Korrigeer die antwoorde indien hul verkeerd is.
8 Bedank die leerders vir hul bydrae.

## Phonemiese Bewustheid en Klanke: 15 minute

### Vind woorde

Teken die table op die swartbord en sluit al die klanke in wat ons hierdie termyn geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **ooi** | **Aai** | **eeu** |
| **a** | **s** | **p** |
| **oei** | **kr** | **kn** |
| **t** | **l** | **n** |
| **pl** | **pr** | **st** |
| **m** | **d** | **o** |
| **sw** | **gl** | **gr** |
| **g** | **u** | **k** |

**WYS HOE**

1. Hersien al die klanke wat op die swartbord is.
2. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.

**LEERDERS DOEN**

1. Leerders maak hulle boeke oop.
2. Sê dat hulle kan begin skryf.
3. Gee die leeerders 3 minute om so veel woorde as monntlik te bou met die klanke op die swartbord.
4. Laat die leerders hulle eie werk merk.
5. Vra nou die leerders om hulle woorde ted eel met die klas en dit op die swartbord te skryf..

**ALTERNATIEWE KLANKE PROGRAM**

Klank/e: ______________________________

Woorde: ______________________________

______________________________

Sin: ______________________________

______________________________

## Gedeeldelees: 15 minute

### Na-Lees

**BEGRIPSTRATEGIE: SOM OP**

**MONDELINGE OPSOMMING VAN DIE STORIE**

1 Verduidelik dat ons vandag gaan *dink oor die belangrikste gedeeltes van die teks.*
2 Ons gaan ook *oor wat ons veronderstel is om te leer van die teks..*
3 Skryf die opsommingsraamwerk op die swartbord.
4 Sê aan leerders om die raamwerk te gebruik om die volgende vrae te antwoord:
   a **Hierdie storie gaan oor** …(2–3 sinne)
   b **Die jongste seun het gewen omdat …**
   c **Ek dink Oom Kwezi het hierdie storie gekies omdat …**
5 Verduidelik dat leerder nie alles omtrent die teks kan sê nie – hulle moet die belangrikste gedeeltes kies.
6 Demonstreer jou eie voorbeeld aan die leerders. Sê: ***Hierdie storie gaan oor*** *'n man wat 'n kompetisie uitgedink het om te bepaal watter een van sy seuns sy plaas moet erf.* ***Die jongste seun het gewen omdat*** *hy beplan het en aan 'n kreatiewe manier gedink het om die opdrag te voltooi.* ***Ek dink Oom Kwezi hiet hierdie storie gekies omdat*** *hy Mpumi en haar suster 'n les wou leer!*
7 Gee aan leerders tyd om oor die belangrikste gedeeltes van die teks te dink.
8 Sê aan leerders om hul eie opsommings te skryf deur gebruik te maak van die raamwerk.
9 Roep die klas tot aandag.
10 Vra 1–2 leerders om hul opsommings met die klas te deel.
11 Maak 'n klas opsomming, bv. ***Hierdie storie gaan oor*** *drie broers wat moet uitwerk hoe om 'n hut in vyf dae te vul. In die storie sal net een seun die plaas erf.* ***Die jongste seun het gewen omdat*** *hy 'n 'n kreatiewe en slim plan gehad het. Hy het die hut met lig gevul!* ***Ek dink Oom Kwezi het die storie gekies omdat*** *hy Mpumi en haar suster wou leer dat beplanning baie belangrik is wanneer ons 'n doel wil bereik!*

## Groep Begeleidelees 30 minute

**GROEPE:** ______________________________

1 Maak seker dat elke leerder **Lees Werksblad 10**.
2 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 1** aan die hele klas.
3 Roep die eerste groep om saam met jou te werk.
4 Stuur die groep na 15 minute terug na hul stoele.
5 Doen 'n **Lees Oorgangsaktiwiteit**.
6 Verduidelik **Vrydag Aktiwiteit 2** aan die hele klas.
7 Roep die tweede groep om saam met jou te werk.
8 Voltooi jou kontrolelys om aan te dui watter groepe jy na geluister het en wat hul gelees het.
9 Maak notas van enige veranderinge wat aangebring moet word aan leesgroepe of –aktiwiteite.

## Week-eind taal onderrig hersiening 15 minute

1 Laat leerders op die mat sit aan die einde van die dag.
2 Voer die weeklikse taal oorsig sessie uit. Jy kan kies om Huistaal en Eerste Addisionele Taal in hierdie verslag te kombineer.
3 Onthou om die leerders toe te laat om te 'Draai en Praat' en hul antwoorde met maats te bespreek. Kies dan 'n paar leerders om hul antwoorde met die klas te deel.
4 Gebruik die volgende leidende vrae om die taal gedeelte van jul bespreking te lei:
   a **Wat was ons taal tema vir die week?**
   b **Watter stories het ons saam gelees?**
   c **Wat was jou gunsteling nuwe woorde vir die week?**
   d **Wat het jy geleer van die stories wat ons gelees het?**
   e **Waaroor het ons geskryf die week?**
   f **Hoe het jou eie skryfwerk verbeter die week?**
   g **Hoe het jou eie leeswerk verbeter die week?**
   h **Waaroor is jy die trotste die week?**
5 Ten einde, sê aan die leerders om aan twee dinge te dink wat hulle aan hul families gaan vertel oor wat hulle geleer het of hoe hulle verbeter het by die skool die week.

*Let wel: Hierdie proses van self evaluasie en refleksie is 'n krities belangrike deel van leer. Moet asseblief nie die weeklikse aktiwiteit oorslaan nie.*